



**'N MAATSKAPLIKEWERKPROGRAM VIR DIE BEMAGTIGING
VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU**

deur

LORINDA SINCLAIR

Voorgelê Ter Vervulling Van Die Vereistes Van Die Graad

**MAGISTER ARTIUM
IN MAATSKAPLIKE WERK**

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
(Departement Maatskaplike Werk)

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. A. LOMBARD
PRETORIA

NOVEMBER 1999



Opedra aan Fraser

DANKBETUIGINGS

Hiermee betuig ek graag my opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie:

- In die besonder wil ek graag my studieleier Prof. A. Lombard, opreg bedank vir die opoffering om die verhandeling met soveel indringende deeglikheid na te gaan. Haar belangstelling, hulpvaardigheid, aanmoediging en opbouende kritiek was deurentyd 'n bron van inspirasie.
- 'n Groot dank aan my man, Fraser Sinclair vir sy voortgesette belangstelling, aanmoediging en ondersteuning.
- Graag wil ek vir Salome Scutte, Annael Sinclair en Carl Wöcke bedank vir die ontsluiting van die literatuur en die tegniese versorging van die verhandeling.
- Bowenal my opregte dank en erkenning aan my Hemelse Vader.

Spreuke 31:25-26 "She is clothed with strength and dignity; she can laugh at the days to come. She speaks with wisdom, and faithful instruction is on her tongue."

OPSOMMING

Bemagtiging is tans in die Republiek van Suid-Afrika 'n essensiële en aktuele onderwerp veral in die ontwikkeling van vroue, gemeenskapsorganisering, sowel as in die progressiewe strewe na vrede en sosiale geregtigheid. In die samelewing is groot getalle persone, veral vroue, magteloos en is dit dus noodsaaklik om hierdie belewenis van magteloosheid te beklemtoon in die hantering en verbetering van maatskaplike probleme.

Die doel van hierdie studie is om 'n maatskaplikewerkprogram te ontwikkel wat afgestem is op die bemagtiging van die gedepriveerde vrou ten einde haar maatskaplike funksionering te verbeter. Gedepriveerde vroue is vasgevang in 'n siklus van probleme wat hulle maatskaplike funksionering beïnvloed. Maatskaplike werkers pas beperkte intervensiestrategieë toe om verandering by dié vroue te weeg te bring. Ten einde intervensiestrategieë te kan selekteer wat sinvolle verandering teweeg bring, moet kennis geneem word van hoe gedepriveerdheid die vrou se maatskaplike funksionering beïnvloed. Hierdie aspekte of faktore moet aangespreek word deur gedepriveerde vroue te bemagtig om verandering te inisieer en instand te hou.

Die studie is gebaseer op 'n literatuuroorsig oor die maatskaplike wanfunksionering van die gedepriveerde vrou, asook die benutting van selfdirektiewe groepwerk as bemagtigingstrategie. 'n Maatskaplikewerkprogram is ontwikkel ten einde die gedepriveerde vrou te bemagtig, en haar instaat te stel om maatskaplik optimaal te kan funksioneer in die samelewing.

Die aanname van die studie is soos volg: Indien gedepriveerde vroue deur middel van selfdirektiewe groepwerk, deelneem aan 'n maatskaplikewerkprogram wat afgestem is op haar behoeftes, kennis en vaardighede, sal sy bemagtig wees om maatskaplik beter te kan funksioneer.

Die gevolgtrekking van die studie is dat 'n maatskaplikewerkprogram wat gebaseer is op selfdirektiewe groepwerk, 'n effektiewe hulpmiddel kan wees om:



- bemagtiging by gedepriveerde vroue te bewerkstellig
- haar instaat te stel om meer effektief in die samelewing te kan funksioneer en
- sin en betekenis in haar lewe te ervaar

Uit hierdie studie word die afleiding gemaak dat die maatskaplikewerkprogram, wat ontwikkel is met die oog op bemagtiging van die gedepriveerde vrou wat maatskaplik wanfunksioneer, as maatskaplikewerkintervensie in die praktyk toegepas kan word ten einde die impak van die program vir die bemagtiging van die gedepriveerde vrou te evalueer.



SUMMARY

Empowerment in the Republic of South Africa is currently an essential and topical discussion subject, particularly in the fields of upliftment and development of women, community organising, as well in the progressive striving towards peace and social justice. In the present social environment there are large numbers of people, especially women, who are powerless and it is thus of paramount importance that this socio-political reality of powerlessness, be highlighted in the management and betterment of social problems.

The purpose of this research is to develop a social work program specifically aimed at the empowerment of the currently a typical deprived woman so as to improve her social functionality. Deprived women are caught in a vicious cycle of obstacles, which directly impact on her social standing. Social workers apply a limited range of intervention strategies to enable a change in circumstances relative to such women to evolve. However, to be able to select such intervention strategies which will result in meaningful change, there must be real understanding of how such a deprived state of being influences the woman's social functionality. Empowering currently deprived women must address these factors and their nuances so that they themselves initiate change and maintain the new status quo.

This research is based on a written and recorded overview of the social malfunctioning of the deprived woman as well as the employment of self-directed group work and interaction as an empowerment strategy. A social workers program is developed to achieve the empowerment of deprived women and to allow her to operate at an optimal level in the social environment.

The assumption of the research is as follows: Provided deprived women partake through the medium of self-directed group work and intervention, which is solely directed at their particular requirements, knowledge and skills levels, will they become empowered and better enable to function socially.

The findings of this research is that a social management program which is based on self directed group work and intervention can be an effective tool to: (1) achieve empowerment of the deprived women, (2) allows her to function more effectively in the social environment on a sustainable basis and (3) allows her to experience sense and purpose in her life.

From the results of this research, it can be concluded that the social management program is developed specifically for the empowerment of deprived women. The social work intervention is applied in practice to allow for the impact of the program on the deprived women to be evaluated.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING	
1.1 INLEIDING	1
1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
1.3 FORMULERING VAN DIE PROBLEEMSTELLING	3
1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	4
1.5 AANNAMES	5
1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE	5
1.6.1 NAVORSINGSBENADERING	5
1.6.2 TIPE NAVORSING	6
1.6.3 NAVORSINGSONTWERP	6
1.7 WAARDE VAN DIE NAVORSING	9
1.8 DEFINIËRING VAN DIE HOOFKONSEPTE	9
1.8.1 MILIEUGESTREMDHEID	9
1.8.2 GEDEPRIVEERDHEID	10
1.8.3 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING	10
1.8.4 BEMAGTIGING	10
1.9 LEEMTES VAN DIE STUDIE	10
1.10 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	11



HOOFSTUK 2: DIE GEDEPRIVEERDE VROU AS INDIVIDU IN DIE SAMELEWING	13
2.1 INLEIDING	13
2.2 BEGRIPSOMSKRYWING	13
2.2.1 MILIEUGESTREMDHEID	14
2.2.2 MULTIPROBLEEMGESIN	16
2.2.3 GEDEPRIVEERDHEID	16
2.2.3.1 <i>Vorme van gedepriweerdheid</i>	16
2.2.3.2 <i>Aanleidende faktore tot gedepriweerdheid</i>	17
2.2.3.3 <i>Maatskaplike funksionering</i>	17
2.3 KENMERKE VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU	17
2.4 BEHOEFTE VAN DIE GEPRIVEERDE VROU	23
2.5 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU	25
2.5.1 FAKTORE WAT ROLVERVULLING EN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING BEPAAL	26
2.5.1.1 <i>Individuele bepalende faktore</i>	27
2.5.1.2 <i>Maatskaplike faktore</i>	27
2.5.2 ASPEKTE VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU	28
2.5.2.1 <i>Inkomste en finansies</i>	30
2.5.2.1.1 <i>Ontoereikende funksionering</i>	30
2.5.2.1.2 <i>Toereikende funksionering</i>	31
2.5.2.2 <i>Werkomstandighede</i>	31
2.5.2.2.1 <i>Ontoereikende funksionering</i>	31



2.5.2.2.2	<i>Toereikende funksionering</i>	32
2.5.2.3	<i>Opvoedkundige kwalifikasies</i>	33
2.5.2.3.1	<i>Ontoereikende funksionering</i>	33
2.5.2.3.2	<i>Toereikende funksionering</i>	34
2.5.2.4	<i>Huweliksverhouding</i>	34
2.5.2.4.1	<i>Ontoereikende funksionering</i>	34
2.5.2.4.2	<i>Toereikende funksionering</i>	34
2.5.2.5	<i>Gesinsverhouding</i>	35
2.5.2.5.1	<i>Toereikende funksionering</i>	35
2.5.2.5.2	<i>Ontoereikende funksionering</i>	37
2.5.2.6	<i>Vriendskapsverhouding</i>	37
2.5.2.6.1	<i>Toereikende funksionering</i>	37
2.5.2.6.2	<i>Ontoereikende funksionering</i>	38
2.5.2.7	<i>Lewensbeskouing</i>	38
2.5.2.7.1	<i>Ontoereikende funksionering</i>	38
2.5.2.7.2	<i>Toereikende funksionering</i>	39
2.5.2.8	<i>Toekomspektief</i>	39
2.5.2.8.1	<i>Toereikende funksionering</i>	39
2.5.2.8.2	<i>Ontoereikende funksionering</i>	40
2.6	SAMEVATTING	41



HOOFSTUK 3: GROEPWERK AS BEMAGTIGINGSTRATEGIE VIR DIE GEDEPRIVEERDE VROU	43
3.1 INLEIDING	43
3.2 BEMAGTIGING AS KONSEP	44
3.3 VOORWAARDES EN VEREISTES VAN BEMAGTIGING	46
3.3.1 BEWUSMAKING	47
3.3.2 BESKERMING VAN BELANGE	48
3.3.4 VERHOGING VAN PERSOONLIKE DOELTREFFENDHEID	48
3.3.5 VERMINDERING VAN SELFBEJAMMERING	48
3.3.6 VERMINDERING VAN PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID VIR VERANDERING	48
3.3.6.1 Siening	49
3.3.6.2 Opvoeding	49
3.3.6.3 Eliminasië	50
3.3.6.4 Uitdrukking	50
3.3.6.5 Dweep	50
3.3.6.6 Toerusting	51
3.3.6.7 Evaluering	51
3.3.6.8 Verwagting	51
3.4 BEGINSELS VAN BEMAGTIGING	52
3.4.1 SOLIDARITEIT EN GEMEENSKAPLIKHEID	52
3.4.2 MARGINALITEIT	53
3.4.3 LIGGAAMSBEWUSTHEID	53
3.4.4 KENNIS	53
3.4.5 TRANSFORMASIE	53
3.5 BEMAGTIGING AS PROSES	55

3.6	VAARDIGHEDE IN BEMAGTIGING	60
3.7	BEMAGTIGINGSTRATEGIE	62
3.8	GROEPWERK	64
3.8.1	SELFDIREKTIEWE GROEPWERKMODEL	67
<i>3.8.1.1</i>	<i>Fase 1: Die werkers doen 'n voorraadopname</i>	67
<i>3.8.1.2</i>	<i>Fase 2: Die werk in die groep neem in aanvang</i>	69
<i>3.8.1.3</i>	<i>Fase 3: Die groep maak gereed om tot aksie oor te gaan</i>	71
<i>3.8.1.4</i>	<i>Fase 4: Die groep gaan oor tot aksie</i>	77
<i>3.8.1.5</i>	<i>Fase 5: Die groep neem oor</i>	79
3.9	SAMEVATTING	81
HOOFTUK 4:	PRAKTIESE EN FUNKSIONELE MAATSKAPLIKEWERK-PROGRAM VIR DIE BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU	83
4.1	INLEIDING	83
4.2	PROGRAMSKRYWING	84
4.2.1	DIE ONDERDELE VAN PROGRAMSKRYWING	84
<i>4.2.1.1</i>	<i>Behoeft assessering</i>	85
<i>4.2.1.2</i>	<i>Doelstelling</i>	85
<i>4.2.1.3</i>	<i>Besluitneming</i>	86
<i>4.2.1.4</i>	<i>Implementering</i>	86
<i>4.2.1.5</i>	<i>Evaluering</i>	87
4.2.2	VEREISTES VIR 'N SUKSESVOLLE PROGRAM	87
4.2.3	DIE FORMAAT VAN DIE MAATSKAPLIKEWERKPROGRAM TER BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU WAT MAATSKAPLIK WANFUNKSIONEER	89



4.3	‘N MAATSKAPLIKE WERKPROGRAM VIR DIE BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU	90
4.3.1	AFDELING A: LEWENVAARDIGHEDE VIR EFFEKTIEWE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING	91
4.3.1.1	<i>Tema 1: Inkomste en finansies</i>	91
4.3.1.2	<i>Tema 2: Huweliksomstandighede</i>	109
4.3.1.3	<i>Tema 3: Verhoudings</i>	135
4.3.1.3	<i>Tema 4: Seksuele oriëntasie</i>	152
4.3.2	AFDELING B: INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEDE VIR EFFEKTIEWE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING	168
4.3.2.1	<i>Tema 1: Die self</i>	168
4.3.2.2	<i>Tema 2: Konflikhantering</i>	185
4.3.2.3	<i>Tema 3: Lewensbeskouing en toekomstperspektief</i>	197
4.3.3	SAMEVATTING	210
	HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	213
5.1	INLEIDING	213
5.2	GEVOLGTREKKINGS	214
5.3	AANBEVELINGS	217
5.4	SLOTOPMERKING	219
	BRONNELYS	220

LYS VAN TRANSPARANTE

<i>Transparant 1:</i>	<i>Maslow's hiërargie van behoeftes</i>	93
<i>Transparant 2:</i>	<i>Basiese behoeftes- Voedsel</i>	94
<i>Transparant 3:</i>	<i>Basiese behoeftes- Behuising</i>	95
<i>Transparant 4:</i>	<i>Basiese behoeftes- Klere</i>	95
<i>Transparant 5:</i>	<i>Vee aanhou</i>	96
<i>Transparant 6:</i>	<i>Klere maak</i>	96
<i>Transparant 7:</i>	<i>Betaal geld</i>	97
<i>Transparant 8:</i>	<i>Maak speelgoed</i>	97
<i>Transparant 9:</i>	<i>Verkoop eiers, melk of tuisgebak</i>	98
<i>Transparant 10:</i>	<i>Werk</i>	98
<i>Transparant 11:</i>	<i>Begroting</i>	99
<i>Transparant 12:</i>	<i>Die bank</i>	104
<i>Transparant 13:</i>	<i>Kontant</i>	106
<i>Transparant 14:</i>	<i>Kredietkaart</i>	107
<i>Transparant 15:</i>	<i>Verkwisting van geld</i>	108
<i>Transparant 16:</i>	<i>'n Huis</i>	112
<i>Transparant 17:</i>	<i>Skuiling</i>	112
<i>Transparant 18:</i>	<i>Siektes</i>	113
<i>Transparant 19:</i>	<i>Sekuriteit</i>	113
<i>Transparant 20:</i>	<i>Huur betaal</i>	114
<i>Transparant 21:</i>	<i>Rommel verwyder</i>	114
<i>Transparant 22:</i>	<i>Tuin maak</i>	115
<i>Transparant 23:</i>	<i>Asbliksakke</i>	117
<i>Transparant 24:</i>	<i>Toilet</i>	118
<i>Transparant 25:</i>	<i>Gesondheid</i>	120
<i>Transparant 26:</i>	<i>Energie</i>	126
<i>Transparant 27:</i>	<i>Opbou</i>	126



Transparant 28:	Beskerm	127
Transparant 29:	Ysterpot	127
Transparant 30:	Bad	133
Transparant 31:	Hare was	133
Transparant 32:	Tande borsel	134
Transparant 33:	Klere was	134
Transparant 34:	Voorkoming van verkragting	165
Transparant 35:	Hantering van verkragting	166
Transparant 36:	Rapportering van verkragting	166

LYS VAN VRAELYSTE

<i>Vraelys 1:</i>	<i>Selfanalise ten opsigte van potensiaal vir 'n suksesvolle verhouding (Louw et al. 1996:15)</i>	139
<i>Vraelys 2:</i>	<i>Die selfbeeldindeks vraelys volgens Hudson (1982:1)</i>	172
<i>Vraelys 3:</i>	<i>Uiterlike voorkoms: "Jy en jou spieël"</i>	174
<i>Vraelys 4:</i>	<i>Evaluering van gesinsatmosfeer (Ouerverrykingskursus, 1990:23)</i>	200
<i>Vraelys 5:</i>	<i>Evaluering van waardes (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:56)</i>	203
<i>Vraelys 6:</i>	<i>Insig in waardes (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:55)</i>	204
<i>Vraelys 7:</i>	<i>Lewensmotief (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:65)</i>	209



LYS VAN FIGURE

<i>Figuur 1:</i>	<i>“Bull’s Eye” (Mullender & Ward, 1991:139)</i>	75
<i>Figuur 2:</i>	<i>Kragveld Analise (Mullender & Ward, 1991:24-139)</i>	77
<i>Figuur 3:</i>	<i>Liefdestafel (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:110)</i>	138
<i>Figuur 4:</i>	<i>Onderdele van opvoedingsverhouding (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:99)</i>	143
<i>Figuur 5:</i>	<i>Vereistes van ‘n beste vriendin (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:104)</i>	150



LYS VAN TABELLE

<i>Tabel 1:</i>	<i>Kenmerke van die gedepriiveerde vrou</i>	19
<i>Tabel 2:</i>	<i>Vlakke van maatskaplike funksionering</i>	29
<i>Tabel 3:</i>	<i>Vereistes en voorwaardes vir bemagtiging</i>	49
<i>Tabel 4:</i>	<i>Stappe in die proses van bemagtiging</i>	57
<i>Tabel 5:</i>	<i>Selfdirektiewe groepwerkmodel</i>	66
<i>Tabel 6:</i>	<i>Potensiële doelwitte en redes vir die totstandkoming van 'n groep</i>	70
<i>Tabel 7:</i>	<i>Lidmaatskap</i>	70
<i>Tabel 8:</i>	<i>Plek en toegang</i>	71
<i>Tabel 9:</i>	<i>Tyd, frekwensie en aantal byeenkomste</i>	71
<i>Tabel 10:</i>	<i>Finansiële vraelys</i>	94
<i>Tabel 11:</i>	<i>Herevaluering van selfhandhawing (Opvoeding in lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:82)</i>	184



<i>Inligtingstuk 1:</i>	<i>Redes vir gesinsbeplanning</i>	122
<i>Inligtingstuk 2:</i>	<i>Kinderimmunisering</i>	123
<i>Inligtingstuk 3:</i>	<i>Voorkoming van seksueel oordraagbare siektes</i>	123
<i>Inligtingstuk 4:</i>	<i>'n Gebalanseerde maaltydplan</i>	128
<i>Inligtingstuk 5:</i>	<i>Resepte</i>	129
<i>Inligtingstuk 6:</i>	<i>Probleme en druk in 'n verhouding</i>	139
<i>Inligtingstuk 7:</i>	<i>Besprekings van die onderdele van die opvoedingsverhouding</i>	146
<i>Inligtingstuk 8:</i>	<i>Metodes van kontrasepsie</i>	156
<i>Inligtingstuk 9:</i>	<i>Vergelyking tussen alternatiewe gedragstyle (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:81)</i>	182
<i>Inligtingstuk 10:</i>	<i>Riglyn vir effektiewe probleemoplossingstappe in probleemoplossing (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:40)</i>	188
<i>Inligtingstuk 11:</i>	<i>'n Riglyn vir positiewe konflikhantering</i>	197
<i>Inligtingstuk 12:</i>	<i>Waardestorie (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:60)</i>	206



HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING

Maatskaplike Werk, soos enige ander professie, vereis 'n omvattende inligtings- en kennisbasis ten einde die maatskaplike werker in staat te stel om daaglikse betekenisvolle besluite te maak en uit te voer. Navorsing is die metode waarvolgens 'n maatskaplike werker die geleentheid kry om sy/haar kennisbasis en vaardighede uit te brei en effektiewe maatskaplikewerkprogramme te ontwikkel en aan te bied.

Navorsing is volgens Grinnell (1993:4) 'n sistematiese en deeglike studie oor 'n onderwerp waarvoor inligting benodig word ten einde spesifieke feite vas te stel. Die skrywer definieer navorsing soos volg: "Research is a structured inquiry that utilizes acceptable scientific methodology to solve problems and creates new knowledge that is generally applicable" (Grinnell 1993:4). Volgens Cilliers (1970:17) vereis wetenskaplike navorsing van die navorser 'n deeglike kennis van die wetenskap sowel as van erkende en bewese tegnieke en metodes waarvolgens betroubare resultate binne 'n redelike tyd verkry kan word. Dié skrywer sluit by Grinnell aan en definieer wetenskaplike navorsing soos volg: "Dit is die doelbewuste, noukeurige en sistematiese soektog na nuwe kennis of na 'n herinterpretasie van reeds bestaande kennis"(Cilliers 1970:17).

Volgens Hofmeyr (1993:1) is maatskaplike navorsing die: "...sistematiese ontdekking van (nuwe) feite, hulle volgordes, onderlinge verhoudings, oorsaaklike verband (kousaliteit) en die natuurlike wette waardeur hulle beheer word. Hierdie kennis word gevoeg by die beskikbare kennis op 'n oordraagbare en verifieerbare wyse. Dit is dus 'n wetenskaplike proses waarvolgens 'n ondersoek na die teorie en die praktyk in maatskaplike werk ingestel word, met ander woorde 'n doelbewuste sistematiese soektog na antwoorde op vrae ten opsigte van maatskaplike werk".

In die lig van die voorafgaande is hierdie navorsing geloods ter verkryging van nuwe kennis om sodoende teorie uit te bou en reeds bestaande teorie te toets. In die navorsingsproses sal die praktiese probleem wat voorkom, opgelos kan word (Smit, 1985:5-7).

Die navorser het met inagneming van die bogenoemde teoretiese beskrywings 'n studie geloods ten einde 'n effektiewe maatskaplikewerkprogram te ontwikkel ter bemagtiging van die gedepriveerde vrou. 'n Sistematiese soektog na inligting in hierdie verband het aan die lig gebring dat daar beperkte intervensiestrategieë en programme bestaan om hierdie nood aan te spreek. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat bestaande inligting en programme geherinterpreteer moet word, indien 'n effektiewe maatskaplikewerkprogram ontwikkel wil word. (Vergelyk Cilliers, 1970:17.)

In hierdie hoofstuk word 'n algemene inleiding tot die studie voorsien.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die navorser is primêr gemotiveer om die studie te onderneem vanweë die feit dat haar belangstelling in die gedepriveerde vrou geprikkel is na aanleiding van die werks-werksomgewing. Die navorser was gemoeid met die ontwikkeling van gemeenskaps-gemeenskapswerkprojekte en die aanbieding van groepe vir maatskaplik wanfunksio-funksionerende en gedepriveerde vroue.

'n Tweede motivering is geleë in die navorser se mening dat maatskaplike werkers in die praktyk dikwels ervaar dat gedepriveerde persone weinig reageer op dienslewering. Dit laat dus 'n leemte in die professie om dienslewering te rig sodat groei en ontwikkeling by hulle kan plaasvind. Kreatiewe intervensies soos bemagtiging, wat deur maatskaplike werkers benut kan word, raak dus al hoe meer 'n vereiste.

'n Verdere motivering is daarin geleë dat die navorser 'n behoefte het om as gevolg van 'n diepe empatie met en belangstelling in die gedepriveerde mens, 'n bydrae te maak tot beter

dienslewering. Die navorsing word hoofsaaklik gedoen met die oog op verkenning van die onderwerp en dien dus as vertrekpunt vir verdere studies in die verband.

1.3 FORMULERING VAN DIE PROBLEEMSTELLING

Beperkte intervensiestrategieë, soos maatskaplikewerkprogramme, is tot die beskikking van maatskaplike werkers in die praktyk. Soos aangedui in die voorafgaande paragrawe, is daar dus 'n behoefte aan die ontwikkeling van sodanige maatskaplikewerkprogramme wat spesifiek afgestem is op die bemagtiging van die gedepriveerde vrou wat maatskaplik wanfunksioneer. Met inagneming van die bogenoemde, is die volgende probleemvraag geformuleer: Is 'n maatskaplikewerkprogram 'n betekenisvolle intervensiestrategie om die gedepriveerde vrou wat maatskaplik wanfunksioneer, te bemagtig?

Volgens Smit (1985:11) word die probleem as basis van enige ondersoek beskou en is dit dus noodsaaklik dat 'n goeie insig in die aard, omvang en intensiteit van die probleem verkry word voordat daar oorgegaan word tot probleemformulering.

Probleemidentifisering en probleemformulering kan as die eerste stappe in die wetenskaplike navorsingsproses beskou word. Wanneer 'n spesifieke probleem geformuleer word, moet op die volgende gelet word:

- Inhoudelike beskrywing van die probleem
- Akkuraatheid van die probleem
- Volledigheid van die probleem (Smit, 1985:16)

Kerlinger (1970:19) meld dat daar drie kriteria is waaraan 'n goed geformuleerde probleem moet voldoen, naamlik:

- Die probleem moet op 'n verhouding tussen twee of meer veranderlikes betrekking hê.

- Die probleem moet duidelik en ondubbelsinnig in vraagvorm geformuleer word.
- Die probleem en die formulering daarvan moet empiries toetsbaar wees.

As 'n resultaat van die navorser se verkennende ondersoek in relevante inligtingsbronne is die volgende vrae geformuleer:

- Watter aspekte of probleme gee aanleiding tot 'n gedepriveerde vrou se maatskaplike wanfunksionering?
- Is daar bestaande programme om die gedepriveerde vrou te bemagtig ten einde haar in staat te stel om maatskaplik effektief te kan funksioneer?
- Watter intervensiestrategie is ideaal vir die bemagtiging van die gedepriveerde vrou?
- Waarop moet maatskaplikewerkprogramme fokus ten einde die gedepriveerde vrou te bemagtig om maatskaplik effektief te kan funksioneer?
- Sal aspekte van 'n gedepriveerde vrou se maatskaplike funksionering verbeter as sy betrokke raak by 'n maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram as intervensiestrategie.

Hierdie navorsing poog nie om antwoorde op al die vrae te verskaf nie, maar stel die navorser in staat om 'n maatskaplikewerkprogram te ontwikkel en aanbevelings te maak ten einde meer effektiewe dienslewering in dié verband te verskaf. Voortspruitend uit die probleemstelling word die doel van die studie vervolgens uiteengesit en meer breedvoerig bespreek.

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die primêre doel van hierdie studie is die ontwikkeling van 'n maatskaplikewerkprogram om die gedepriveerde vrou, by wyse van selfdirektiewegroepwerk as intervensiestrategie, te bemagtig ten einde haar maatskaplike funksionering te verbeter. Die program moet die ontwikkeling van spesifieke lewensvaardighede asook interpersoonlike vaardighede insluit.

Ten einde die bogenoemde doel te bereik, is die volgende doelwitte geformuleer:

- 'n Teoretiese deurskouing van deprivasie ten opsigte van kenmerke, behoeftes en indikatore van maatskaplike wanfunksionering.
- 'n Teoretiese deurskouing van bemagting aan die hand van selfdirektiewe groepwerk as intervensiestrategie.
- Om aan die hand van die literatuur 'n ondersoek te loods ten einde vas te stel watter tipe intervensietemas in die maatskaplikewerkprogram ingesluit moet word ten einde spesifieke aspekte van die maatskaplike funksionering van die gedepriveerde vrou aan te spreek.
- Ontwikkeling van 'n maatskaplikewerkprogram met die klem op lewensvaardighede, asook interpersoonlike vaardighede ten einde bemagtiging by die gedepriveerde vrou te bewerkstellig.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir verdere navorsing.

1.5 AANNAMES

Die navorser het weens die verkennende aard van die studie nie 'n hipotese geformuleer nie, maar wel 'n aanname gemaak, naamlik: Indien gedepriveerde vroue deur middel van selfdirektiewe groepwerk, deelneem aan 'n maatskaplikewerkprogram wat afgestem is op haar behoeftes, kennis en vaardighede, sal sy bemagtig wees om maatskaplik beter te kan funksioneer.

Die navorser sal vervolgens die navorsingsmetodologie meer omvattend bespreek sodat dit duidelik na vore sal kom watter tipe navorsing en ontwerp vir hierdie studie benut is.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.6.1 NAVORSINGSBENADERING

Die kwalitatiewe benadering dien as paradigma vir die navorsingsprojek. Die doel van dié benadering is om sekere konsepte te ontwikkel uit patrone in die data. Hierdie konsepte word dan in die vorm van temas aangebied en behels vir hierdie studie die verskillende aspekte wat

aangespreek word onder interpersoonlike- en lewensvaardighede in hoofstuk 4. (Vergelyk De Vos, 1998:242.)

1.6.2 TIPE NAVORSING

Die primêre doel van die navorsing was om 'n maatskaplikewerkprogram te ontwikkel vir die bemagtiging van die gedepriveerde vrou. In die lig hiervan fokus die studie op die ontwikkeling van 'n program wat by wyse van 'n intervensiestrategie, naamlik selfdirektiewe groepwerk, aspekte van 'n gedepriveerde vrou se maatskaplike funksionering aanspreek. Hierdie aspekte van maatskaplike funksionering word verder ontwikkel in twee hooftemas waarvolgens die gedepriveerde vrou bemagtig word, naamlik interpersoonlike vaardighede, asook lewensvaardighede wat essensieel is vir effektiewe funksionering in die samelewing. Ten einde hierdie doel te bereik het die navorser ontwikkelingsnavorsing geselekteer soos gebaseer op die sienings van De Vos (1998:9). Die skrywer meld dat ontwikkelingsnavorsing verwys na die ontwikkeling van tegnologie of instrumente wat essensieel is vir 'n professie soos maatskaplike werk. Hierdie tipe navorsing dra grootliks by tot 'n beter begrip vir die ontwikkeling van nuwe uitvindings en instrumente. Ontwikkelingsnavorsing voorsien dus "produkte" wat dien as tegniese metodes om die doel van 'n professie te bereik (De Vos, 1998:10).

Die maatskaplikewerkprogram wat ontwikkel is deur hierdie navorsing dien dus as 'n instrument waarmee 'n gedepriveerde vrou bemagtig kan word ten einde maatskaplik effektief te funksioneer.

1.6.3 NAVORSINGSONTWERP

"Navorsingsontwerp" impliseer die beplanning van navorsing oor 'n spesifieke onderwerp. Mouton en Marais (1994:32) meld dat die betekenisvolheid van die navorsingsontwerp verband hou met beide die doel van die navorsing en die praktiese komplikasies van die projek. Dit is verder ook noodsaaklik dat die ontwerp die struktuur en beplanning van die navorsingsprojek sal insluit ten einde die geldigheid van die bevindings te bekragtig. Volgens Kerlinger (1970:275) omsluit die begrip navorsingsontwerp: "... the overall scheme or program of the research. It includes an outline of everything the investigator will do from writing the hypotheses and their

operational applications to the final analysis of data". Kerlinger (1970:276) meld ook dat enige navorsingsontwerp twee doelstellings het, naamlik:

- om antwoorde op navorsingsvrae/probleme te verskaf, en
- om variasie te kontroleer deur die uitskakeling of uitbalansering van faktore wat 'n differensiële uitwerking op die navorsingsresultate mag hê en sodoende ondubbelsinnige interpretasie van resultate verhoed.

Mouton & Marais (1994:33) meld verder dat die navorsingsontwerp uit die volgende aspekte bestaan, naamlik:

- die doel van die navorsing,
- die tipe inligtingsbronne wat benut is, en
- geldigheid en betroubaarheid van die navorsingsbevindings.

Vir die doeleindes van die studie is die verkennende (pre-eksperimenteel) ontwerp geselekteer aangesien dit noodsaaklik was om meer te wete te kom van die onderwerp en die navorsingsprobleem. Die doel van die navorsing is om 'n maatskaplikewerkprogram te ontwikkel deur verskeie bestaande programme asook relevante inligtingsbronne te verken en by wyse van herinterpretasie 'n relevante program te ontwikkel.

Die inligtingsbronne wat in hierdie navorsing benut is ter verkryging van algemene inligting, idees en teorie, behels hoofsaaklik maatskaplikewerk- en ander verwante wetenskapbronne, asook bestaande maatskaplikewerkprogramme. Hierdie navorsingsprojek verken 'n relatiewe onbekende veld en kan in die toekoms uitgebou word deur verdere navorsing toe te pas by wyse van meer gekompliseerde ontwerpe en tegnieke.

Die navorser is van mening dat 'n deurdagte keuse van die tipe navorsing en die ontwerp, asook die betroubare inligtingsbronne en geldige inligtingsversamelingstegnieke kan bydrae tot

betroubare en geldige bevindings van 'n studie. Babbie (1992:90) sluit hierby aan en meld dat daar hoofsaaklik drie redes is vir die keuse van die verkennende ontwerp, naamlik:

- Om die navorser se belangstelling en behoefte tot beter insig en begrip te bevredig. (Hoofstuk 2 en 3)
- Toetsing van die uitvoerbaarheid van verdere in-diepte navorsing.
- Ontwikkeling van metodes wat toegepas kan word vir verdere navorsing. (Hoofstuk 4)

Vergelyk ook Mouton en Marais (1994:42) wat van mening is dat die verkennende ontwerp primêr verband hou met die ondersoek en verkenning van 'n relatiewe onbekende onderwerp met die doel om:

- Tot nuwe insigte ten opsigte van die verskynsel te kom,
- om 'n voorafgaande ondersoek te loods voor daar meer in-diepte na die verskynsel gekyk word,
- om die sentrale of hoofkonsepte te definieer,
- om doelwitte vir verdere navorsing vas te stel, en laastens
- die ontwikkeling van hipoteses oor die bestaande onderwerp.

Die drie werkswyses waarvolgens die verkennende ontwerp volgens Mouton en Marais (1994:43) geskied behels:

- Die ondersoek na relevante wetenskaplike inligting en literatuur,
- 'n ondersoek na persone wat praktiese ervaring van die probleemsituasie ervaar en
- 'n analise van stimulerende programvoorbeelde.

Die navorser benut dus ontwikkelingsnavorsing met die klem op die verkennende ontwerp en sal vervolgens meer aandag skenk aan die waarde van so 'n studie vir die maatskaplikewerkprofessie.

1.7 WAARDE VAN DIE NAVORSING

Navorsing oor die invloed van 'n bemagtigingstrategie gerig op die gedepriveerde vrou se maatskaplike funksionering sal lig werp op die vraag of hierdie metode diagnostiese waarde het. Verder sal dit aantoon of die betrekking van 'n aantal persone by 'n groep, 'n effektiewer intervensiestrategie is vir die oplossing van multiprobleme wat gewoonlik deur gevallewerk hanteer word.

Hierdie navorsing sal die geleentheid bied om teorie en praktyk te integreer en die weg baan vir verdere navorsing op hierdie gebied.

1.8 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE

Die omskrywing en formulering van konsepte is belangrik sodat daar 'n duidelike begrip is van relevante onderwerpe en verskynsels waarmee die navorsing verband hou. Vir die doeleindes van hoofstuk 1 word die kernkonsepte vir hierdie studie slegs kortliks omskryf. In hoofstuk 2 en 3 onderskeidelik word hierdie konsepte meer omvattend geformuleer.

1.8.1 MILIEUGESTREMDHEID

Die navorser is van mening dat milieugestremdheid vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief 'n toestand is wat sosiale, emosionele, ekonomiese en kulturele implikasies inhou. Hierdie implikasies kan beswarende omstandighede skep in die mens se strewe na selfverwesenliking. Voortspruitend hieruit word die mens belemmer om ten volle aan gemeenskapsverwagtings te voldoen, wat weer die moontlikheid inhou dat maatskaplike nood kan ontstaan. Vir die maatskaplike werker is daar dus 'n direkte verband tussen maatskaplike nood en milieugestremdheid.

1.8.2 GEDEPRIVEERDHEID

Die konsep gedepriveerdheid is kompleks en moeilik om te definieer. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:10) omskryf deprivasie soos volg: “Toestand wat gekenmerk word deur ‘n gebrek aan fisiese, sosiale of emosionele ondersteuning soos byvoorbeeld inkomste, behuising, opvoeding en ouerlike sorg wat algemeen aanvaar word as noodsaaklik vir menslike bestaan.”

1.8.3 MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Die begrip verwys volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:37) na die geheel van ‘n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe, gemeenskappe of situasies.

1.8.4 BEMAGTIGING

Adams (1990:18) is van mening dat bemagtiging ‘n beweging is waardeur persone kontrole oor hulle lewe en omstandighede verbeter.

1.9 LEEMTES VAN DIE STUDIE

- By die bestudering van die onderwerp, bemagtiging, het die navorser probleme ondervind om gepaste en relevante inligting te bekom. Verskeie oorsese bronne is benut, aangesien min plaaslike bronne beskikbaar was.
- ‘n Rekenaarsoektog plaaslik en oorsee, het ook geen bestaande program vir bemagtiging opgelewer nie. Ten einde hierdie leemte te vul was die navorser verplig om verskeie maatskaplikewerkprogramme soos die Vroue Reik Uit Stigting:10 Program (1993); Life Skills (1996); Training for Transformation (1992), Helping Health Workers Learn, Tiener in die Kol ((1990) en die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling se program in Lewensvaardighede en Seksualiteit (1993) as basiese riglyn en vertrekpunt te benut

ten einde 'n maatskaplikewerkprogram te ontwikkel wat spesifiek fokus op maatskaplike funksionering van die gedepriveerde vrou.

- Die maatskaplikewerkprogram wat ontwikkel is, is egter beperk in die sin dat dit slegs geselekteerde aspekte van maatskaplike funksionering aanspreek, aangesien die onderwerp te breed en omvattend is. Geselekteerde aspekte van maatskaplike funksionering sluit inkomste en finansies, werksomstandighede, verhoudings, seksuele oriëntasie, selfbeeld en selfhandhawing, konflikhantering en lewensbeskouing en toekomspektief in. Die program kan dus in die toekoms uitgebrei word ten einde dit meer omvattend te maak.

1.10 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsinligting word aangebied as 'n sintese en integrering van sowel teoretiese kennis en praktykervaring. Hierdie twee fasette is deurlopend geïntegreer. Die teorie en praktyk moet dus as 'n geheel beskou word omdat 'n bepaalde faset nie los van die totale verband gesien kan word nie. Die indeling van die navorsingsverslag is soos volg:

Hoofstuk 1 bied 'n inleidende oorsig oor die navorsingsverslag waarin die volgende vervat is: motivering vir die ondersoek, probleemformulering, navorsingsdoelwitte, aannames vir die studie, navorsingsmetodologie asook die leemtes van die studie.

In **hoofstuk 2** word die gedepriveerde vrou as individu in die samelewing bespreek deur sekere kenmerke en behoeftes uiteen te sit. Aandag word ook geskenk aan aspekte van maatskaplike funksionering, met verwysing na die gedepriveerde vrou se opvoedkundige kwalifikasies, interpersoonlike verhoudings, lewensbeskouing en toekomspektief.

Hoofstuk 3 bespreek selfdirektiewegroepwerk as bemagtigingsstrategie vir die gedepriveerde vrou.

Hoofstuk 4 vervat 'n praktiese en funksionele maatskaplikewerkprogram vir die bemagtiging van die gedepriweerde vrou deur klem te lê op interpersoonlike vaardighede asook lewensvaardighede wat essensieel is vir effektiewe maatskaplike funksionering in die samelewing.

In hoofstuk 5 word die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie uiteengesit.

HOOFTUK 2

DIE GEDEPRIVEERDE VROU AS INDIVIDU IN DIE SAMELEWING

2.1 INLEIDING

Armoede bring 'n bepaalde leefwyse en daarmee 'n bepaalde lewensingesteldheid en houding mee. Hierdie patroon word in die gesin voortgedra en 'n kringloop van deprivasie ontwikkel. Die Republiek van Suid-Afrika word gekenmerk deur multi-kulture sowel as Eerste en Derdewêreldsamelewings en daarom is gedepriveerdheid in die huidige bedeling van aktuele belang.

Vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief is gedepriveerdheid 'n multi-dimensionele probleem wat op verskeie vlakke van die lewe neerdrukkende en swarmoedige omstandighede skep en mense as sodanig verhinder om optimaal te funksioneer.

In die onderhawige hoofstuk word vervolgens aandag geskenk aan die kenmerke en behoeftes van die gedepriveerde vrou. In samehang hiermee word enkele aspekte van die maatskaplike funksionering van die gedepriveerde vrou onder die soeklig geplaas.

2.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Ter wille van die formulering van 'n maatskaplikewerkperspektief ten opsigte van die gedepriveerde vrou is dit nodig om enkele relevante begrippe te omskryf. Die volgende begrippe word toegelig, naamlik milieugestremdheid, multiprobleemgesin, gedepriveerdheid en maatskaplike funksionering.

2.2.1 MILIEUGESTREMDHEID

Die begrip milieugestremdheid word deur verskillende skrywers omskryf. Die begrip word ook binne konteks van verskillende wetenskappe benut soos Opvoedkunde, Sielkunde en Maatskaplike Werk.

Volgens Pretorius (1986:12), wat milieugestremdheid vanuit 'n opvoedkundige perspektief bekyk, beteken die begrip dat 'n persoon homself/haarself in 'n leefomgewing bevind wat gekenmerk word deur die volgende aspekte, naamlik:

- geografiese-fisiese ontoereikendheid, veral in terme van fisiese omgewing, woonbuurt, behuising, materiële goedere en kultuurgoedere.
- ontoereikende medemenslike kommunikasie wat meebring dat die persoon nie in staat is om sy persoonsmoontlikhede en veral sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede optimaal te verwerklik nie
- die handhawing van 'n lae kulturele peil.

Milieugestremdheid dui dus op 'n gestremde milieu wat dit in alle opsigte vir die persoon moeilik maak om volgens sy/haar persoonsmoontlikhede te presteer (Pretorius, 1986:12).

Volgens die navorsingskomitee van die SAVF (Riglyn vir die stig en hantering van milieugestremde groepe, 1991) impliseer milieugestremdheid dat die omgewing, sosiale kring en atmosfeer waarin die individu woon en ontwikkel, sekere tekorte of gestremdhede toon.

Amos en Williams (1972:11-18) meen dat die konsep milieugestremdheid 'n wye spektrum menslike toestande insluit wat benede die gemiddelde is. Agterstand in onderwys, opvoeding en ervaringe asook die gevolge van diskriminasie en sosio-ekonomiese deprivasie kenmerk die milieugestremde individu. Milieugestremde individue is dus die produk van 'n kultuur wat hulle nie voorsien het van die nodige motivering, ervarings, geleenthede en verhoudings wat hulle kanse verhoog om nie met hulle medeburgers te kompeteer nie.

Die begrip milieugestremdheid dui vir Pretorius (1986:13) op 'n persoon wat nie toereikend kan deelneem aan die dominante kultuur nie, weens sy of haar gebrek aan bepaalde ervarings, sy of haar taaltekorte ten opsigte van die dominante kultuur, sy of haar ongunstige geografies-fisiese gesitueerdheid en die ekonomiese armoede waarin sy of hy verkeer. Die agterstand van die milieugestremde persoon word verwerklik wanneer sy of hy die primêre kultuurgroep verlaat om in die dominante kultuur te funksioneer. 'n Persoon se milieugestremdheid blyk veral uit sy of haar taalagterstand waardeur sy of haar kommunikasiemoontlikhede in die dominante kultuur beperk word. Vervolgens sal daar verder slegs na die vroulike geslagsvorm verwys word aangesien die studie pertinent oor die vrou handel. Haar besondere ervaringsagtergrond beperk haar verder met betrekking tot die verwerwing van leer- en leefinhoud uit die dominante kultuur, en kan sy om die redes nie aan die eise van die samelewing voldoen nie.

Vir die opvoedkundiges dui die konsep milieugestremdheid dus op sosiale groeperinge wat weens hul milieutekorte en psigo-sosiale agterstand in 'n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurgestremdheid vasgevang sit en om dié rede ernstige belemmeringe ervaar wat betref hulle optimale selfaktualisering, die verbetering van hulle lewenskanses en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte. Die konsep milieugestremdheid verwys met ander woorde na 'n verskeidenheid van sosiale, ekonomiese en kulturele faktore wat 'n milieugestremde individu se keusevryheid en reg tot die optimale benutting van geleenthede belemmer (Meintjies, 1990:11).

Volgens die navorser is milieugestremdheid vanuit die maatskaplikewerkperspektief dus 'n toestand wat sosiale, emosionele, ekonomiese en kulturele implikasies inhou, wat as sodanige beswarende omstandighede skep in die mens se strewe na selfverwesenliking. As gevolg hiervan word die mens belemmer om ten volle aan die gemeenskapsverwagtinge te voldoen en is die moontlikheid van maatskaplike nood juis hierin opgesluit. Vir die maatskaplike werker is daar dus 'n moontlike verband tussen maatskaplike nood en milieugestremdheid.

2.2.2 MULTIPROBLEEMGESIN

Die multiprobleemgesin ervaar meer as een probleem in hulle omstandighede en openbaar 'n onvermoë om die probleme te hanteer. Schieke (1992:1) meld verder dat die probleme op sowel interne vlak binne die gesin as op eksterne vlak tussen die gesin en die samelewing bestaan (Schieke, 1992:1).

Multiprobleemgesinne is dikwels milieugestremd en vertoon as gevolg daarvan 'n onvermoë om as 'n sisteem toereikend te funksioneer.

2.2.3 GEDEPRIVEERDHEID

Die konsep gedepriveerdheid is kompleks en moeilik om te definieer. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:10) dui gedepriveerdheid op 'n toestand wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan fisiese, sosiale of emosionele ondersteuning soos byvoorbeeld inkomste, behuising, opvoeding en ouerlike sorg wat algemeen aanvaar word as noodsaaklik vir menslike bestaan.

Chazan in Pretorius (1986:15) tref 'n nuttige onderskeid tussen drie vorme van gedepriveerdheid en drie groepe faktore wat hiertoe aanleiding gee. Vervolgens word gedepriveerdheid aan die hand van Chazan se indeling behandel waar vorme en aanleidende faktore tot gedepriveerdheid bespreek word:

2.2.3.1 *Vorme van gedepriveerdheid:*

- Materiële deprivasie:
 - gesinsarmoede
 - oorvol behuising
 - ontoereikende versorging.
- Kulturele deprivasie:
 - gebrek aan kulturele stimulasie: sintuiglike- en taalstimulasie.
- Emosionele deprivasie:
 - gebrek aan liefde en warmte

- onvolledige gesinne
- permanente afwesigheid van 'n ouer.

2.2.3.2 *Aanleidende faktore tot gedepriveerdheid:*

- Gesinsfaktore
- Skoolfaktore
- Omgewingsfaktore

Die aanleidende faktore tot gedepriveerdheid kan volgens Chazan in Pretorius (1986:15) 'n betekenisvolle rol speel ten opsigte van elke vorm van deprivasie. In die lig van hierdie onderskeid tussen aanleidende faktore en vorme van gedepriveerdheid word die begrip gedepriveerdheid meer in-diepte bespreek

2.2.3.4 *Maatskaplike funksionering*

Die begrip verwys na die geheel van 'n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe, gemeenskappe of situasies (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:37).

Uit die voorafgaande omskrywings is dit duidelik dat die begrippe milieugestremdheid, multiprobleemgesin en gedepriveerdheid aspekte behels van 'n fundamentele ontoereikendheid wat mense daarvan weerhou om optimaal te funksioneer. Wetenskaplikes gebruik die begrippe dikwels as sinonieme. Binne die raamwerk van hierdie studie word die begrip gedepriveerdheid verkies en sal in die verdere verloop van die studie slegs hierna verwys word.

2.3 KENMERKE VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

Vanuit 'n maatskaplikewerkperspektief gaan dit ten opsigte van die gedepriveerde vrou veral om twee werklikhede: die verarmde milieu waaruit sy kom en haar problematiese leefsituasie. Daar is

'n direkte verband tussen die gedepriveerde vrou se persoonlikheid, gedrag en funksionering en die leemtes in haar milieu. Leemtes in haar milieu bring mee dat sy gedrag vertoon wat eie is aan die gedepriveerde vrou. Wanneer al die tekorte waaraan sy blootgestel word, in oënskou geneem word is haar kenmerkende gedrag begryplik.

Die Navorsingskomitee van die SAVF van Transvaal (Riglyn vir die stig en hantering van milieugestremde groepe, 1991) het 'n studie onderneem met betrekking tot die gedepriveerde vrou se kenmerke en gedrag. Die kenmerke van gedepriveerdheid word vervolgens in Tabel 1 toegelig aan die hand van leemtes wat ervaar word en die invloed daarvan op die vrou se gedrag.

Tabel 1: Kenmerke van die gedepriveerde vrou.

Leemtes	Effek op die individu
1. Ekonomiese / materiële gestremtheid:	
• Swak behuising en oorbewoning	• Ontbering
	• Min privaatheid
	• Seksuele blootstelling
	• Lae selfbeeld
• Swak voeding	• Swak gesondheid
	• Swak fisiese ontwikkeling
	• Swak perseptuele ontwikkeling
	• Moegheid
	• Lae konsentrasie
	• Swak prestasie
• Swak kleding	• Ontbering
	• Lae selfbeeld
• Ontoereikende geleenthede	• Geen opvoedkundige uitstappies
	• Geen naskoolse opleiding
	• Geen stokperdjies
• Gebrekkige speelruimte, meublement en speelgoed	• Swak stimulasie
	• Swak skool prestasie
	• Verlaat skool te vroeg
	• Min werksgeleenthede
	• Min geld
2. Emosionele gestremtheid:	
• Lae selfbeeld	• Wanfunksionering
• Gebrek aan liefde en erkenning	• Soek aandag
	• Gebrekkige selfaanvaarding
	• Nie instaat om lief te hê nie
	• Swak keuse van 'n huweliksmaat
• Gebrek aan sekuriteit	• Onseker, onveilig en wantrouig
• Gebrek aan emosionele energie	• Nie tot verhoudings in staat nie
3. Sosiale en kulturele gestremtheid:	
• Gebrekkige gesinsgebondenheid en gehegtheid	• Onveilig
	• Bewerkstellig moeilik gesonde verhoudings
• Gebrek aan orde en reëlmaat	• Onverantwoordelik
	• Kan nie aan die eise van 'n beroepslewe of huishouding voldoen nie
• Gebrekkige aanvaarding in die breë gemeenskap	• Voel verstote en minderwaardig
	• Vrees vir die vreemde
	• Isolاسie
• Gebrekkige leefwyse volgens die norm	• Vloektaal
	• Huweliksontrou
	• Drankmisbruik
	• Wangedrag
• Gebrek aan stimulerende sosiale klimaat	• Gebrekkige kognitiewe ontwikkeling
	• Gebrekkige insig
• Gebrek aan positiewe kulturele stimulering	• Nie vaardig in aanvaarbare sosiale gedrag nie
• Gebrek aan gesinsgebondenheid	• Onseker en onveilig
	• Onvermoë om konflik op te los

Volgens Pretorius (1986:52-55) is die gedepriweerde gesin nie verbaal ingestel nie en vind hulle dit moeilik om deur middel van besprekings en verduidelikings tot insig te kom. Vanweë die feit dat hulle gepreokkupeer is met basiese behoeftes, leer hulle nooit om vanaf waarneming tot gevolgtrekking oor te gaan nie.

Die vrou word verder ook gekenmerk deur 'n eng buitenshuise ervaringswêreld, sy is tradisioneel bygelowig en blameer ander vir haar mislukings. Sy kom verder dikwels anti-intellektueel en pragmaties voor en is onbuigsaam en geslote wat betref redenering.

Tiedt (1968:6-12) beskryf die volgende kenmerke van die gedepriweerde persoon wat implisiet ook op die vrou betrekking het.

- *Fisiese probleme*: ondervoeding en wanvoeding, waartoe die eetgewoontes en –tradisies van die etniese kultuurgroep dikwels bydra en tot vatbaarheid vir siektes lei.
- *Gebrekkige voor- en nageboortelike sorg* kan byvoorbeeld breinskade en ander neurologiese probleme as uitkoms hê, wat weer op hulle beurt tot verstandelike vertraagtheid kan aanleiding gee.
- *Behuisingsomstandighede*: 'n oorvol, substandaard en lawaaierige woonplek met geen privaatheid nie, is kenmerkend.
- *Ontoereikende taalontwikkeling*: taalagterstand en beperkte woordeskat.
- *'n Lae selfkonsep en gebrekkige selfvertroue*: Die vrou is 'n slagoffer van selfdepressie en gevoelens van ontoereikendheid. Wanneer sy weens skoolmislukkings en lae kwalifikasies haarself ongunstig vergelyk met ander, dan word hierdie gevoelens versterk. Boonop belewe sy vanweë haar mislukings eerder verwerping as ondersteuning en begryping.

Die betekenis van 'n lae selfkonsep word toegelig deur Pretorius (1986:59) wat die volgende uitsprake in die verband maak:

- die selfkonsep bepaal die kwaliteit van die vrou se handelinge;



- as 'n vrou se selfkonsep verander sal haar gedrag ook verander;
- 'n lae selfkonsep rem die vrou in haar selfaktualiserende handeling;
- 'n lae selfkonsep het 'n ongunstige invloed op interpersoonlike verhoudinge; en
- 'n lae selfkonsep lei tot oneffektiewe, selfhandhawende en selfbeskermdede gedrag.
- Gerigtheid op die hede: die gedepriveerde vrou is primêr op die hier-en-nou gerig, soos wat dit vir haar bestaan. Daar bestaan ook geringe gemotiveerdheid tot toekomsgerigtheid.

Volgens Pretorius (1986:60) bestaan daar individuele verskille en verskille tussen subkulture. Verdere kenmerke is volgens hom die volgende:

- *Aggressiwiteit*: 'n Lae selfkonsep lei geredelik tot aggressiewe gedrag - aggressiwiteit is vyandigheid wat uit onderliggende frustrasie voortvloei.
- *Teenstrydige waardes*: Die gedepriveerde vrou se waardes is teenstrydig met die waardes van die dominante kultuur.

Ten slotte word die omgewing waarbinne die gedepriveerde vrou leef deur gebrekkige stimulasie gekenmerk. Die milieu is onder gestimuleer, negatief, onaantreklik, gedisorganiseer, vuil, lawaaierig, oorvol, neerdrakkend, somber, grou en kleurloos. In die gedepriveerde situasie is chaos die norm.

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:23) sluit hierby aan en identifiseer die vrou as een van die teikengroepe waarop gefokus moet word in 'n Nasionale Program van Aksie. Dié Witskrif meld dat programme ontwikkel moet word wat die behoeftes van vroue aanspreek deur te fokus op die volgende aspekte of kenmerke van die gedepriveerde vrou, naamlik:

- *Armoede*

Ongeletterdheid en armoede is die hoof bydraende faktore wat die vrou strem tot ontwikkeling en vooruitgang in die lewe. Werkloosheid, diskriminasie in die werksopset, laer besoldiging, gesinsdisintegrasië en gebrek aan onderhoud vir kinders is aan die orde van die dag. Armoede is dus 'n kombinasie van ekonomiese, sosiale en emosionele deprivasië wat die kwesbaarheid van die vrou vererger.

- *Ongelyke regte*

In elke sfeer van die samelewing word daar teen die vrou gediskrimineer en geniet sy nie gelyke geleenthede, gedeelde verantwoordelikheid en vennootskappe nie.

- *Mishandeling en geweld*

Mishandeling van die vrou ondermyn haar psigologiese en fisiese gesondheid. Verkragting, ongewenste swangerskappe en aborsies is enkele voorbeelde waarmee die vrou daaglik gekonfronteer word.

- *Rol as eggenoot en moeder*

Swak rolvertoelkings weens deprivasië lei dikwels tot ingryping deur welsynsdienste. Die vrou is die kern van die gesin, maar word selde in ag geneem by die ontwikkeling van programme rakende hierdie aspek.

- *Emosionele en psigiese aftakeling*

Daar word selde aandag gegee aan die vrou se behoeftes en spesiale sosiale probleme ten einde haar funksionering in die samelewing tot die optimum uit te bou.

In die lig van verskeie relevante bronne insake gedepriveerdheid, is dit vir die navorser duidelik dat die gedepriveerde vrou gekenmerk word aan 'n materiële agterstand, sowel as 'n emosionele en sosiale gestremdheid. Die gedepriveerde vrou is gebrekkig toegerus om doeltreffend te kan funksioneer en kan gevolglik nie antwoord op die eise wat 'n lewenssituasie aan haar stel nie (Venter, 1975:1).

2.4 BEHOEFTE VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

Volgens Pretorius (1986:99) kan die gedepriveerde vrou weens haar gesitueerdheid nie tot haar reg kom wat die vervulling van haar basiese behoeftes en groeibehoeftes betref nie. Die volgende behoeftes word geïdentifiseer:

- *Fisiese behoeftes*: Weens armoede, verwaarlosing en deprivasie word die fisiese behoeftes nie toereikend vervul nie.
- *Veiligheidsbehoefte*: Die gedepriveerde vrou voel nie veilig, geborge en vry van vrees nie, weens die emosionele deprivasie, onvoorspelbaarheid, bedreiging en chaos wat die milieu vir haar inhou.
- *Sosiale behoeftes*: Die gedepriveerde vrou word verwerp en geminag.
- *Ek-behoefte*: In die persoonsbeeld van die gedepriveerde vrou staan haar lae selfkonsep voorop. Sy word nie waardig geag nie, ontvang nooit erkenning of goedkeuring nie en het nie prestige of status nie. Haar ek-behoefte word gedwarsboom en sy ervaar gevoelens van minderwaardigheid en swakheid, op grond waarvan sy nie haar beste prestasie en gedrag lewer nie.
- *Behoeftes aan selfaktualisering*: Weens dwarsboming wat die vervulling van haar basiese behoeftes betref, word die hoogste behoefte van die gedepriveerde vrou nie vervul nie, te wete haar behoefte aan selfaktualisering.

Die Navorsingskomitee insake van die SAVF van Transvaal (Riglyn vir die stig en hantering van milieugestremde groepe, 1991) onderskei die volgende behoeftes van die gedepriveerde vrou, naamlik:

- *Liggaamlike behoeftes*

Die gedepriveerde vrou ervaar liggaamlike ongemak as gevolg van tekorte in haar milieu. Sy en haar gesin kan honger, koud, moeg en verwaarloos wees. Alvorens sy enige insig kan ontwikkel is dit noodsaaklik dat haar fisiese behoeftes eers aangespreek moet word.

- *Ekonomiese behoeftes*

Die gedepriveerde vrou het gewoonlik 'n gebrek aan geld. Sorg moet dus gedra word dat die behandelingsprogram nie verder finansiële eise aan haar stel nie. Sy kan ook gelei word om met behulp van beter finansiële beplanning of deur die benutting van hulpbronne haar ekonomiese behoeftes op die langtermyn te bevredig.

- *Psigiese behoeftes*

Die gedepriveerde vrou se psigiese behoeftes is gelykstaande aan die van 'n kind. Haar opvoeding en huidige milieu toon 'n tekort aan liefde, sekuriteit, stabiliteit en erkenning. Voordat hierdie behoeftes bevredig is, sal die gedepriveerde vrou nie in staat wees om haar probleme en lewensituasie op 'n volwasse manier te hanteer nie.

Die gedepriveerde vrou het volgens die navorser dus verskeie behoeftes wat selde vervul word weens die omstandighede waarin sy verkeer. Indien 'n maatskaplikewerkprogram ontwikkel word, is dit essensieel om aan hierdie behoeftes te voldoen alvorens die gedepriveerde vrou by die hulpverlening betrek word.

2.5 DIE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

Maatskaplike funksionering is 'n komplekse begrip wat al die aktiwiteite omvat wat as die uitdrukking van 'n persoon se integreerende kragte beskou kan word. Vanuit 'n sosiologiese perspektief het die begrip veral betrekking op funksionele analise, en word 'n betekenis daaraan geheg in die sin van lewensbelangrike of organiese prosesse soos dit tot die instandhouding van die organisme bydra, aldus Merton (1957:21).

Die proses van funksionering in die samelewing word deur 'n reeks opeenvolgende stappe voltrek. In die eerste plek word daar voorsiening gemaak vir die bevrediging van basiese behoeftes wat noodsaaklik is vir die voortbestaan van die organisme. Dit word moontlik gemaak deur 'n ingewikkelde organisasie (strukture en prosesse) waardeur behoeftes in normale gevalle bevredig word. Wanneer sommige van die meganismes waardeur die behoeftes gewoonlik bevredig word, vernietig word of nie behoorlik funksioneer nie, word kompenserende meganismes daar gestel om die nodige funksie te vervul (Merton, 1957:21).

Indien funksionering bloot aan die biologiese betekenis gekoppel word, het hierdie begrip maar slegs 'n gedeeltelike en ondergeskikte betekenis vir die maatskaplike werk. Dit is duidelik dat die mens nie net op bloot organiese vlak funksioneer nie, maar dat hy/sy 'n hoër of geestelike bestaan het wat na voldoening reik. Die mens vind op verskillende vlakke en in verskillende sferes sy/haar bestaan en vir behoorlike en doeltreffende maatskaplike funksionering is funksionering op alle vlakke 'n vereiste. In hierdie sin bestaan die taak van die maatskaplike werk derhalwe daarin om toe te sien en te verseker dat die mens wat hulp nodig het op alle vlakke behoorlik funksioneer (Van Rooyen, 1963:10).

Volgens Van Rooyen (1963:11) is maatskaplike funksionering vanuit die maatskaplikewerk-oopspunt dus 'n aktiwiteit van binne die individu na buite toe, inagnemend al die innerlike en uiterlike faktore (somaties, psigies en maatskaplik) wat sy/haar funksionering as individu bepaal. Die maatskaplike werk aanvaar dit as uitgangspunt dat daar 'n fokus of kern is wat bestaan uit al die faktore wat die persoonlikheid tot stand bring, rig en bestuur.

Die navorser beskou maatskaplike funksionering dus as die totaal van die individu se aktiwiteite, op alle vlakke van haar lewensbestaan, in interaksie met ander individue en situasies in haar totale omgewing. 'n Persoon se maatskaplike funksionering kan derhalwe slegs verstaan en verklaar word deur die bepaling van haar maatskaplike, somatiese en psigologiese faktore in hulle kombinasies, wat dan ook die kwaliteit van maatskaplike funksionering bepaal.

Prakties beskou, is alle menslike aktiwiteite uitinge van maatskaplike funksionering. Maatskaplike funksionering is egter juis weens die ingewikkeldheid daarvan 'n lomp begrip om te gebruik vir waardebepaling en behandeling en daarom is dit nodig dat dit in hanteerbare eenhede opgebreek word (Van Rooyen, 1963:12). Die begrip maatskaplike rol, aldus Boehm (1959:95), verskaf 'n gerieflike manier aan die hand waarvan die veelvuldige aktiwiteite waaruit maatskaplike funksionering bestaan in groepe verdeel kan word. Op dié wyse kan aktiwiteite wat vir sekere maatskaplike rolle toepaslik is onderskei word. Boehm (1959:95) sluit hierby aan en meld: "Social function, then, is the sum total of the roles performed by a person".

Vir die maatskaplike werker het die rolbegrip 'n nuttige betekenis en stel dit die mens in staat om die aangetaste areas van maatskaplike disfunksionering bloot te lê en te identifiseer. Dit stel die werker ook in staat om vas te stel hoe die belemmering van een rol die vervulling van ander rolle beïnvloed (Van Rooyen, 1963:12).

In die voorafgaande lig gebruik Boehm (1959:96-98) die begrip rol om individuele gedrag te beskryf soos dit bepaal word deur die interaksie tussen die individu (somaties en psigologies) en maatskaplike faktore. Hiervolgens kan faktore wat 'n invloed het op individuele maatskaplike funksionering bepaal word.

2.5.1 FAKTORE WAT ROLVERVULLING EN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING BEPAAL.

Rolvervulling van die individue word deur 'n reeks faktore bepaal, aldus Van Rooyen (1963:18).

2.5.1.1 *Individuele bepalende faktore*

- Fisiese aspekte:

Die fisiese aspekte bepaal die persoon se somatiese funksionering. Dit is nie soseer die bestaan van siekte of liggaamlike gebreke nie, maar die uitwerking daarvan en die invloed daarvan op die geestelike toestand en daardeur op die liggaamlike funksionering. Hierdie psigosomatiese faktore bepaal in 'n groot mate die waarde van die persoon se maatskaplike funksionering

- Egofunksionering:

Die faktore van egofunksionering en hoe dit die maatskaplike funksionering beïnvloed, moet in samehang met die ander dinamiese kragte van die persoonlikheid gesien word, naamlik die "id" en die "super-ego". Onder egofunksionering word die intellektuele en emosionele faktore waaruit die ego bestaan, ingesluit. Hierdie besondere aspek van die persoonlikheid word in die maatskaplike werk beklemtoon, omdat die ego beskou word as die krag in die persoonlikheid wat die interne mens in aanraking met die buitewêreld bring.

2.5.1.2 *Maatskaplike faktore*

Die reeks faktore verwys na die fisiese, maatskaplike en kulturele toestande buite die mens, toestande wat gedurig op hom/haar inwerk en waarop hy/sy 'n invloed uitoefen. Hierdie aspekte is van besondere belang omdat maatskaplike werk tradisioneel met aspekte van die omgewing, die interaksie tussen die individue en tussen individue en omstandighede te doen het.

Vir die doeleindes van rolvervulling deel Boehm (1959:105-106) die maatskaplike omgewing in die volgende komponente op, naamlik:

- Die kliënt se maatskaplike situasie of die persoon in haar rolnetwerk;
- die middele wat die kliënt tot haar beskikking het om haar in haar rolvervulling te help;

- die ideologieë wat in die breë gemeenskap of in fasette algemene erkenning geniet;
- ekonomiese, politieke, fisiese en tegnologiese veranderings;
- maatskaplike onverskilligheid teenoor omskrewende rolle of 'n laksheid om rolle van bevolkingsgroepe te omskryf; en
- stratifikasie wat op lidmaatskap van 'n sekere sosio-ekonomiese groep en die interaksie met lede van ander sosio-ekonomiese groepe, betrekking het.

Al hierdie bogenoemde faktore beïnvloed die rolvervulling van die individu en daardeur sy maatskaplike funksionering.

2.4.1 ASPEKTE VAN MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

Daar sal vervolgens na enkele aspekte van maatskaplike funksionering gekyk word aan die hand van algemene kriteria vir die bepaling van die vlak waarop daar maatskaplik gefunksioneer word (Geismar & Ayres, 1959:30).

Tabel 2: Vlakke van maatskaplike funksionering

Ontoereikend	Marginaal	Toereikend
Gemeenskap het 'n reg om toe te tree.	Gedrag is nie genoegsaam nadelig om intervensie te regverdig nie.	Gedrag is in ooreenstemming met die gemeenskap se verwagtings.
Wette en waardes word oortree. Gedrag van gesinslede is 'n bedreiging vir die samelewing.	Geen oortreding van hoofreëls nie, alhoewel die gedrag van gesinslede teenstrydig is met die aanvaarbare.	Wette word gehoorsaam en waardes nagekom. Gedrag is aanvaarbaar vir statusgroep.
Kinders is in onmiddellike gevaar as gevolg van uitermatige konflik of dreigende verbrekking van die gesinslede of ander gedrag wat nadelig is vir hulle welsyn.	Kinders is in geen onmiddellike gevaar nie, maar die gesin word gekenmerk deur konflik of apatie wat 'n potensiële bedreiging is vir hulle welsyn.	Kinders word groot in 'n atmosfeer wat gesonde fisiese en emosionele ontwikkeling bevorder. Sosialisering word bekragtig en voldoende opleiding verskaf in sosiale vaardighede.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal daar egter slegs 'n vergelyking getref word tussen ontoereikende maatskaplike funksionering of gedepriveerdheid en toereikende of optimale funksionering.

2.5.2.1 *Inkomste en finansies*

2.5.2.1.1 *Ontoereikende funksionering*

Inkomste word hoofsaaklik verkry van welsynsorganisasies aangesien die hoof van die huis ('n aanwesige eggenoot) nie daarin slaag om die gesin te onderhou nie. Die eggenoot is nie in staat om 'n stabiele werk te behou nie of is afgedank vanweë swak ekonomiese toestande, of die man is ongeskik vir werk vanweë gestremdheid. Inkomste word soms verder aangevul deur middel van diefstal en bedrog (Geismar, 1980:262).

Die volwasse kinders wat al kan werk is nie op skool of by diensplig betrokke nie. Alhoewel hierdie kinders oud genoeg is sal hulle gewoonlik geen poging aanwend om geld te verdien deur middel van 'n deeltydse werk nie (Geismar, 1980:262).

Die inkomste is baie laag of onstabiel en dit veroorsaak dat daar nie in die basiese behoeftes van die kinders of gesin voldoen kan word nie (Geismar & Ayres, 1959:35). Die man spandeer ook 'n som van hierdie salaris op drank of dobbelary en dit veroorsaak die onvermoë om noodsaaklikhede soos voedsel en huur te betaal (Geismar & La Sorte, 1964:157). Geismar (1980:262) meld verder dat daar gereeld by ander mense geld geleen word, maar daar volg selde 'n terugbetaling.

Daar ontstaan verder ernstige konflik oor wie die finansies moet beheer. Die gedepriveerde vrou het ook 'n onvermoë om haar finansies te bestuur en 'n begroting uit te werk wat weer lei tot buitensporige skuld (Geismar & Ayres, 1959:36). Geismar (1980:262) meld verder dat beskikbare geld dadelik spandeer word op onnodige luukshede of anti-sosiale en selfvernietigende gedrag soos dwelms en alkohol.

2.5.2.1.2 *Toereikende funksionering*

Inkomste word verkry deur gesinslede se beroepe of deur middel van pensioene, huur of onderhoud. Die gesin is finansiëel onafhanklik en tevrede met hulle finansiële status. Die gesin strewe na groter finansiële sekuriteit en kan luukshede bekostig indien hulle die geld spaar (Geismar & Ayres, 1959:35).

Geismar (1980:262) meen dat die uitgawes nooit die inkomste oorskry nie. Alle uitgawes word deeglik beplan en daar bestaan dikwels die moontlikheid om geld te spaar. Daar word selde geld geleen en indien, altyd weer terugbetaal.

Geismar en Ayres (1959:36) sluit hierby aan en meld dat die gesin 'n begroting opstel en hulle geld op 'n realistiese wyse bestuur, met inagneming van hulle behoeftes. Daar is minimale skuld en dit is selde vir luukshede. Die skuld is verder hanteerbaar en ingesluit by die begroting. Dit is dus duidelik dat geld op 'n verantwoordelike en voorafbeplande wyse, bestee word.

2.5.2.2 *Werkomstandighede*

2.5.2.2.1 *Ontoereikende funksionering*

Geismar en Ayres (1959:36) meld dat die persone voortdurend van werk verwissel en gekenmerk word deur 'n onstabiele werkspatroom. Hulle is dikwels nie opgewasse om die werk te doen nie en werk nooit voltyds nie. Gevolglik bestaan daar swak verhoudings met die werkgewer en medewerkers en is hulle self ontevrede met die werk. Hulle gedrag by die werk word ook gekenmerk deur die verbreking van die wet, soos bedrog, diefstal, fisiese geweld en verduistering.

Geismar (1980:74) beweer dat die persoon verder in sy afwesigheid nie die gesin onderhou nie en onwillig is om sy rol as broodwinner uit te voer wanneer hy wel tuis is en kan werk.

Die vrou word deur Gama (1984:9) beskou as die middelpunt waarom die hele gesin draai. Gevolglik het die vrou 'n baie belangrike taak in die vorming en uitbouing en bewaring van haar

gesin se psigiese gesondheid en voortbestaan. Tydens die vervulling van haar rol as vrou is daar voortdurende verwagtings en eise wat aan die huisvrou gestel word. Dit veroorsaak fisiese uitputting, stres en psigiese spanning en lei tot spanning in die gesinsverhoudings. Die gedepriveerde vrou kan vanweë haar natuurlike agterstand nie die mas op kom nie en sukkel soveel te meer om dan haar ander rolle te vervul. (Vergelyk Gama, 1984:10.)

Geismar (1980:74) sluit hierby aan en noem dat die versorging van die huis en kinders so ontoereikend is dat intervensie noodsaaklik is. Die vrou is dikwels nie geïnteresseerd in haar rol as huisvrou nie. Verder is fasiliteite in die huis, soos beddens, water, yskas en stoof, so ontoereikend dat dit 'n bedreiging inhou vir die fisiese en emosionele welstand van die gesinslede.

Geismar en Ayres (1959:36) meld ook dat die huislike standaard veel te wense oorlaat, aangesien dit so vuil, deurmekaar en in 'n haglike sanitêre kondisie is. Peste en plae is ook dikwels in die huis teenwoordig en is 'n ernstige bedreiging vir die gesin se gesondheid. Verder is die etes so ongereeld en onvoldoende dat dit skadelik is vir die fisiese welsyn van die kinders.

2.5.2.2.2 *Toereikende funksionering*

Die persone is daaglik by hulle voltydse werk en verwissel slegs as dit onvermydelik is, as gevolg van die ekonomie, ander omstandighede of vir verbetering. Die persoon het die vermoëns om die werk te verrig en voel positief oor haar aandeel. Sy handhaaf verder ook harmonieuse verhoudings met haar werkgewer en medewerkers. Die broodwinner van die huis (eggenoot) verskaf 'n inkomste wat die gesin se behoeftes na wense bevredig (Geismar & Ayres, 1959:36).

Geismar (1980:74) meld dat die vrou bevrediging kry uit haar rol wat sy vervul en die huis en kinders goed versorg. Die huis is skoon en in 'n goeie kondisie. Die huis is verder voorsien van die nodige huishoudelike apparaat wat in werkende toestand is. Daar bestaan ook genoegsame spasie of ruimte vir elke gesinslid en die vrou slaag daarin om die gesin gelukkig en tevrede te hou.

Die vrou sorg ook dat die huis skoon, higiënies en ordelik is. Verder poog sy ook om die huis aantreklik te hou. Etes word gereeld bedien en is goed gebalanseerd en voedsaam (Geismar & Ayres, 1959:36).

2.5.2.3 *Opvoedkundige kwalifikasies*

2.5.2.3.1 *Ontoereikende funksionering*

Volgens Geismar en La Sorte (1964:154) het navorsing aangetoon dat die laer sosio-ekonomiese groepe 'n swak opleiding het. Die meeste van hierdie persone het skaars 'n opleiding wat gelykstaande is aan matriek of hoër. Meintjies (1990:104-109) beweer dat die deprivasie op kognitiewe vlak die oorsaak is van 'n nie-stimulerende leefwêreld. Die kind begin haar skoolloopbaan op so 'n lae kognitiewe vlak dat sy gou uitsak. Sy woon nie gereeld skool by nie en voel negatief oor haar betrokkenheid en dit lei in baie gevalle tot skorsing.

Die kind se probleem staan gewoonlik in verband met swak huislike omstandighede, die afwesigheid van intellektueel-stimulerende speelgoed en kultuurgoedere, onvoldoende verbale kommunikasie en swak interaksie met die moeder, 'n demoraliserende opvoedingsituasie, inkonsekwente en outoritêre opvoedingstyl, gebrek aan sekuriteit en 'n positiewe selfkonsep, 'n swak taalmilieu en ontoereikende akademiese hulp, aldus Meintjies (1990:104-109).

Geismar (1980:265) is van mening dat die verstandelike gebrek institusionele opleiding verg wat egter nooit voorsien word nie. Slegs in enkele gevalle word spesiale opleiding soos spesiale klasse aangebied.

Volgens die navorser stel die gedepriweerde ouer 'n swak voorbeeld wat betref intellektuele vorming en kennisverwerwing. Haar swak intellektuele prestasie kan grootliks toegeskryf word aan haar armoedige lewensituasie en haar eie lewe wat noodwendig, soos die van haar ouers 'n mislukking is.

2.5.2.3.2 *Toereikende funksionering*

Geismar (1980:76) meld dat daar 'n positiewe houding teenoor skoolopleiding is. Die persoon poog om hom/haar na beste te kwalifiseer ten einde opgang in haar beroep te maak. Opvoedkundige kwalifikasies behels 'n matriek en gewoonlik naskoolse tersiëre opleiding.

Meintjies (1990:61) meld dat die kind blootgestel word aan verskeie geleenthede en ervarings. Sy kan redeneer en probleme oplos en aanvaar verantwoordelikheid vir haar optrede en gedrag.

2.5.2.4 *Huweliksverhouding*

2.5.2.4.1 *Ontoereikende funksionering*

Vanweë die feit dat die gedepriveerde vrou net op haar eie onmiddellike behoeftes ingestel is, beskik sy nie oor die vermoë om sensitief, liefdevol en 'n goeie luisteraar te wees nie en faal sy as eggenoot. (Vergelyk Gama, 1984: 10.) Geismar en La Sorte (1964:158) sluit hierby aan en bevind dat baie gedepriveerde vrouens by wyse van 'n huwelik wou ontsnap uit hulle situasie, maar sy is slegs terug gebring in 'n verhouding wat sy afkeur.

Geismar (1980:68) meen dat die eggenoot nie die gesin onderhou nie en 'n uiterste steurende invloed op die gesin het, hetsy hulle geskei is al dan nie. Die verhouding word gekenmerk deur verskeie buite-huwelikse verhoudings en owerspel. Hierdie faktore dra by tot ernstige huwelikskonflik wat intervensie noodsaak voordat die gesinslewe totaal ontbind. Verder is die emosionele band tussen die egpaar so verbrokkel dat dit die kinders in gevaar bring ten opsigte van fisiese en seksuele mishandeling.

2.5.2.4.2 *Toereikende funksionering*

Geismar en Ayres (1959:31) is van mening dat hierdie egpaar harmonieus saamleef en geringe buite-huwelikse verhoudings is teenwoordig. Dit is slegs tydelik en het nie 'n nadelige invloed op

die gesinseenheid nie. Probleme word op 'n effektiewe wyse hanteer en huwelikskonflik word tot die minimum beperk, aangesien hulle vrylik met mekaar kommunikeer ten einde die konflik op te los. Daar bestaan verder ook 'n hegte emosionele band tussen die egpaar, wat gekenmerk word deur wedersydse hulpverlening en gedeelde ervarings.

2.5.2.5 *Gesinsverhoudings*

2.5.2.5.1 *Ontoereikende funksionering*

Geismar en Ayres (1959:31) meld dat daar min affeksie of liefde betoon word tussen die ouers en kinders en dat hulle mekaar in baie gevalle verwerp en min wedersydse respek betoon. Die kinders ontvang ook nie aanvaarding, erkenning of aanmoediging van die ouers nie. Indien enige belangstelling getoon word is dit in die vorm van diskriminasie van enkeles teenoor die res. Gesinslede word dus teenoor mekaar afgespeel en daar is geen poging van kompensasie vir die kind wat te na gekom is nie. Die gesin word gekenmerk deur intense ouer-kind konflik. Die ouer se woede is onvoorspelbaar en hou verband met die kind se optrede. Die konflik is van so 'n aard dat intervensie genoodsaak word en verwydering uit die gesinsverband dikwels voorkom. Die lede van die gesin voel nie trots op die gesin nie en daar is nie sprake van 'n gesinsidentiteit nie. Reëls en wette ten opsigte van die kinders word dikwels verbreek en lei tot aanranding en bloedskaande.

Geismar (1980:70) meld dat die verhoudings met ander gesinslede gekenmerk word deur vyandigheid en rusies. Gesinslede ignoreer mekaar, dring mekaar se privaatheid binne en behandel mekaar met afkeer. 'n Verskeidenheid van wreedhede lei tot ernstige fisiese en emosionele beserings. Die konflik tussen kinders is ernstig en onophoudelik en dikwels wreedaardig. Die ouers wys duidelik hulle voorkeur van een kind oor 'n ander wat dan lei tot ernstige deprivasie en probleme.

Die ouers kan dikwels nie die kinders se teenwoordigheid in die huis verdrae nie. Emosionele bande tussen die ouers en die kinders en tussen die kinders onderling is swak en verbrokkel maklik. Die ouers het dikwels 'n patologiese band met die kind deurdat hulle as pionne gebruik

word. Die ouers se gedragstandaarde is in so mate afwykend van die gemeenskap sin, dat hulle die kinders aanmoedig om antisosiaal op te tree (Geismar, 1980:71).

Die gedepriveerde ma beskik nie oor die vermoë om haar kinders se behoeftes te vervul nie en dit veroorsaak skade ten opsigte van die psigologiese ontwikkeling van die kind. Vanweë haar gebrekkige kommunikasievaardighede, bestaan daar onbevredigende interaksie tussen haar en die kinders en voldoen sy nie aan hulle basiese, fisiese en psigiese behoeftes nie. Sy het ook die verantwoordelikheid om die kinders te sosialiseer en hulle gedrag te vorm, maar aangesien sy self so 'n agterstand het, herhaal die bese kringloop homself. (Vergelyk Gama, 1984:10.)

Geismar en Ayres (1959:34) is verder van mening dat die ouers nie in staat is om die kinders voldoende te versorg nie. Die kinders het min klere, is vuil en ondervoed en lei dikwels aan een of meer siektes. Hierdie aspek lei daartoe dat die kinders nie in die skool kan aanpas en in die ouderdomsgroep aanvaar word nie, aangesien hulle as ernstige sosiale en gesondheidshindernisse beskou word. Fisiese straf is dikwels ernstig en onvanpas of die kind word glad nie gedissiplineer nie. Inkonsekwente opvoedingsmetodes is dikwels aan die orde van die dag.

'n Gedepriveerde vrou se kinders is spieëlbeelde van haarself. Soos reeds vermeld is die band wat tussen die vrou en haar kind bestaan, dikwels gebreek of ontwikkel dit selde wat dan die fisiese, intellektuele, sosiale en emosionele ontwikkeling van die kind affekteer. 'n Gedepriveerde kind se selfbeeld lei ook skade aangesien die ma nie in staat is om ten alle tye 'n liefdevolle houding teenoor hom/haar te openbaar nie. Sy is verder ook nie in staat om haar kind bloot te stel aan nuwe en stimulerende omgewings nie en gevolglik toon sy min inisiatief en kreatiwiteit (Gama, 1984:10).

'n Kind wat dus nie die geleentheid gehad het om verantwoordelikheid te neem nie, word 'n gedepriveerde volwassene wat nie verantwoordelikheid ontwikkel vir haarself, ander en materiële objekte nie.

2.5.2.5.2. *Toereikende funksionering*

Hierdie gesin toon volgens Geismar en Ayres (1959:32) baie affeksie en liefde teenoor mekaar, sodat daar 'n gevoel van behoort aan en emosionele sekuriteit heers. Daar heers gesinskohesie in die sin dat hulle alles saam doen en gesamentlike verantwoordelikheid neem. Gesinskonflik word effektief hanteer en die ouers poog om konsekwent op te tree teenoor die kinders. Wedersydse respek, voortdurende aandag en openlike kommunikasie heers in die harmonieuse gesin.

Geismar (1980:71) is van mening dat die ouers nie 'n kind voortrek of teenoor mekaar afspeel nie. Hulle is ook ten gunste daarvan dat die kind solank as moontlik in die huis woon. Verder bestaan daar ook positiewe emosionele bande en wedersydse identifikasie tussen die kinders. Hulle is getrou teenoor mekaar, hou van mekaar se geselskap en is trots op ander lede se prestasie. Daar heers dus 'n positiewe verhouding tussen die ouers en die kinders en daar word genoegsaam voorsien in hulle psigiese en fisiese behoeftes, sonder om hulle skuldig te maak aan die oortreding van wette.

2.5.2.6 *Vriendskapsverhoudings*

2.5.2.6.1 *Ontoereikende funksionering*

Geismar en Ayres (1959:35) meld dat die gedepriweerde vrou se vriendskapsverhoudings gewoonlik gekenmerk word deur konflik met die bure, vriende en familie wat lei tot fisiese geweld of onwettige aktiwiteite. Hierdie verhoudings het 'n ongewenste invloed op die gesin en benadeel die kinders se welsyn. Gesinslede het enkele of geen sosiale kontak met vriende nie en gewoonlik lei dit tot twyfelagtige sosiale gevolge en antisosiale gedrag soos dronkenskap, vernietiging van eiendom en verlating van kinders. Die gesin voel egter dikwels ook sosiaal verworpe en is nie in staat om hulle sosiale status te verbeter nie.

2.5.2.6.2 *Toereikende funksionering*

Verhoudings met familie en vriende is aangenaam en bevredigend. Daar bestaan verder sosiale kontak wat gekenmerk word deur ontspanning, interpersoonlike bevrediging en identifisering met groter groepe, wat lei tot die nodige sosialisering van kinders. Gesinslede is dikwels ook lid van 'n klub of organisasie in die gemeenskap (Geismar & Ayres, 1959:35).

2.5.2.7 *Lewensbeskouing*

2.5.2.7.1 *Ontoereikende funksionering*

Die gedepriveerde vrou het dikwels nie 'n gesonde selfbeeld nie en word misbruik tot haar man en ander se voordeel. Sy is nie in staat om onvoorwaardelik liefde te gee nie, vanweë haar emosionele onvolwassenheid en daarom word haar verhoudings gekenmerk deur oppervlakkigheid, misbruik en onverantwoordelikheid (Viljoen, 1975:7).

Viljoen (1975:8) is verder ook van mening dat die gedepriveerde vrou nie na wense haar lewenstaak kan opneem en aan behoorlikheidseise voldoen nie. Sy besef nie dat daar van verpligtinge sprake is, voordat voorregte opgeëis kan word nie en dat daar oor die lewe rekenskap gegee sal moet word nie.

Nel (1975:119) sluit hierby aan en meld dat die gedepriveerde gesin nie in staat is om die lewe sinvol te rig nie vanweë die afwesigheid van die rigtinggewende krag van 'n lewensbeskouing wat in ooreenstemming is met die aanvaarbare waardes van die gemeenskap nie. Die gedepriveerde gesinslede handhaaf en leef dus 'n lewensbeskouing uit wat meebring dat hulle lewens bots met die aanvaarbare gemeenskapsnorme.

2.5.2.7.2 *Toereikende funksionering*

'n Persoon wat toereikend funksioneer word gekenmerk deur 'n gesonde selfbeeld wat gepaard gaan met 'n deeglike verwerkte, geordende en geïntegreerde lewensbeskouing, wat konsekwent uit haar handelinge na vore tree. Hierdie lewensbeskouing word gekenmerk deur 'n oortuiging dat 'n mens nie 'n "ding" is wat vir eie voordeel gebruik kan word nie, maar 'n persoon wat met waardigheid bekleed is en die diepste agting waardig is. Hierdie persoon se lewe is ook waardegemoeid en sy hou rekening en betoon agting aan die waardesiening van ander, al verskil dit radikaal van haar eie waardepatroon. Hierdie lewensbeskouing stel die volwassene in staat om liefde te gee en te ontvang, om ander te onderskraag en om diep, bevredigende en egte verhoudings op te bou (Viljoen, 1975:7).

Die persoon het volgens Viljoen (1975:8) verder 'n liefde vir die lewe, 'n geloof in die sinvolheid van haar bestaan wat deur hoop en lewensvreugde gekenmerk word. 'n Lewensbeskouing sluit ook die emosionele verwerking van die onvermydelikheid van die dood in en daarmee saam die feit dat die lewe tydsgebonden is. Dit bring mee dat haar taak en eise tred hou met die lewensfase waarin sy haar bevind.

Die lewensbeskouing is volgens Nel (1975:119) die som van al die behoorlikheidseise waaraan die mens gehoorsaam behoort te wees ten einde sinvol in die gemeenskap te kan funksioneer. Die toereikende gesin is in staat om hulle lewe selfbeheersend te rig omdat hulle met die aanvaarde gemeenskapswaardes geïdentifiseer is. In die lewe van die gesinslede is daar sprake van 'n hegte gebondenheid aan hulle lewensbeskouing en die behoorlikheidseise wat dit stel. Gevolglik is hulle lewens sinvol, doelgerig en toekomsgerig.

2.5.2.8 *Toekomspektief*

2.5.2.8.1 *Ontoereikende funksionering*

Soos reeds vermeld is Viljoen (1975:8) van mening dat die gedepriveerde vrou nie altyd oor die vermoë of begrip beskik om haar lewenstaak op haarself te neem nie. Sy het 'n gebrekkige vermoë

om haar lewensituasie te beoordeel en keuses op 'n verantwoordelike wyse te maak. Verder ondervind sy probleme om haar op 'n waardige wyse te handhaaf, dit wil sê dat sy moeilik die konsekwensies van haar optrede kan insien en dit in ag neem by haar keuses.

Die gedepriveerde vrou het min hoop vir die toekoms en is verder dikwels bedruk en mismoedig. Hugo (1971:44) meld ook dat dit diegene is wat hulle opdragte of opgaaf tot selfverwesening nie kan volvoer nie. Die maatskaplike werker moet dus die vrou se belangstelling wek om haar omstandighede te wil verander, met die oog op omstelling van haar noodsituasie tot lewensgeleentheid. Daar moet dus sin gegee word aan die bestaande situasie en 'n verduideliking van die toekomshorison, maar altyd aan die hand van maatskaplike norme as eise tot behoorlike bestaan.

Die gedepriveerde gesin koester volgens Nel (1975:65) geen duidelike toekomshoop nie. Die lewe bestaan grootliks uit 'n dag-tot-dag bestaan wat in baie gevalle 'n oorlewingstryd is. 'n Vasgevangenheid in die swaarkry van die lewe bring noodwendig mee dat die gedepriveerde vrou haarself nie sinvol op die toekoms rig nie en gevolglik in 'n uitsiglose sukkelbestaan verval.

2.5.2.8.2 *Toereikende funksionering*

Die persoon wat toereikend funksioneer volgens Viljoen (1975:24) glo in die toekoms en koester hoopvolle verwagtings vir hulleself en hulle kinders. Dit behels dat hulle geloof het in God, in die behoud van waardes, in hulle kinders en in hulleself. Dit het 'n blymoedigheid in hulle saamwees ten gevolg, 'n blymoedigheid wat vry is van angstigheid en bedreiging.

Die begrip toekoms as sodanig dui op perspektief, op wegwees na en verwagting, met ander woorde eksistensie. Die toereikende gesin rig hulleself siggewend op die toekoms omdat bepaalde toekomsverwagtinge en doelstellings nagestrewes word. Die dag-tot-dag lewe is gevolglik sinvol en niks anders as 'n uitleef van 'n duidelike toekomspektief nie. Op grond hiervan is die onbekende aanlokkende, avontuurlike en dergelike perspektiewe deel van die toereikende gesinslewe (Nel, 1975:65).

2.6 SAMEVATTING

Sinvolle inskakeling in 'n gemeenskap en die volvoering van 'n lewenstaak stel die onvoorwaarlike eis dat die vrou as lid van 'n gemeenskap haarself sinvol moet handhaaf volgens bepaalde waardevoorskrifte in daardie gemeenskap. Dit beteken dat sy:

- die vermoë moet verwerf om haarself te kan handhaaf. Sy word hiervoor toegerus deur middel van haar opvoeding;
- haarself sinvol moet handhaaf in verskillende lewenssituasies. Sy moet onder andere 'n eggenoot kan wees, maar ook binne 'n beroep kan funksioneer en terselfdertyd die verantwoordelikheid van ouerskap opneem (Venter, 1975:1).

Gedepriveerdheid en maatskaplike wanfunksionering ontstaan volgens die navorser wanneer 'n persoon of gesin probleme ondervind met hulle sinvolle selfhandhawing. Wanneer 'n gedepriveerde vrou gebrekkig of wantoegerus is om doeltreffend te kan funksioneer kan sy nie antwoord op die eise wat 'n lewenssituasie aan haar stel nie.

Indien vervolgens in die lig van die voorafgaande uiteensetting van gedepriveerdheid en maatskaplike wanfunksionering gekyk word, word dit duidelik dat die gedepriveerde gesin in die algemeen en die gedepriveerde vrou in die besonder 'n onvermoë toon om hulle plek in die gemeenskap op 'n verantwoordelike en verantwoordbare wyse vol te staan. Op die keper beskou het opvoedingsgebeure wat hulle meewerkend ondergaan het nie daarin geslaag om hulle toereikend en gereed te stel tot volwaardige rolvervulling in die gemeenskap nie.

Enersyds kan dit beteken dat die gesinsopvoeding as die fundamentele opvoedingsgebeure gebrekkig was, met die gevolg dat die vrou as gedepriveerde persoon die volwasse lewe tegemoet moet gaan. Andersyds kan dit die gevolg wees van ander opvoedingsgebeure naas die gesinsopvoeding wat 'n belangrike rol in die lewe van die vrou gespeel het en sodanig regstreeks daarvoor verantwoordelik is dat sy as mens in deprivasie verval het. Volgens die navorser is die gedepriveerde vrou essensieel dus niks anders nie as 'n mens in nood aan opvoeding. Vervolgens

sal daar gekyk word na bemagtiging in die vorm van selfdirektiewe groepwerk as wyse waarop die nood aan opvoeding aangespreek kan word.

HOOFSTUK 3

GROEPWERK AS BEMAGTIGINGSTRATEGIE VIR DIE GEDEPRIVEERDE VROU

3.1 INLEIDING

Bemagtiging is tans in die RSA 'n essensiële en aktuele onderwerp veral in die ontwikkeling van vroue, gemeenskaporganisering, sowel as in die progressiewe strewe na vrede en sosiale geregtigheid. Verskeie literêre bronne impliseer dat groot getalle persone in die samelewing ontmagtig is en dat hierdie belewenis van magteloosheid beklemtoon moet word in die hantering en verbetering van maatskaplike probleme.

Soos reeds vermeld, is die doel van die Nasionale Maatskaplike Welsynstrategie om programme daar te stel wat bemagtiging, ontwikkeling en uitbouing van die menslike kapasiteit tot gevolg het (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997). In hierdie hoofstuk sal daar gefokus word op bemagtiging met die klem op die gedepriveerde vrou, aangesien hulle tradisioneel magteloos is. Andre (1985: 120) is van mening dat vroue wel mag het oor mans, maar nie outoriteit nie. Indien 'n vrou oor mag beskik, maar sy het nie outoriteit nie beroof dit haar van haar outonomieit. Die skrywer meld dat: "nothing is more central to human functioning than autonomy: the sense of oneself as able, indeed obligated, to make responsible choices about one's life. The person who is denied authority, however, constantly receives the message that she has no right to make such choices" (Andre, 1985:120).

Verder sal daar ook 'n spesifieke groepwerkmodel bespreek word, wat benut kan word as 'n effektiewe bemagtigingstrategie om verandering te bewerkstellig. Dié model lei tot sekondêre voordele van persoonlike verandering binne groepsverband, sowel as die manifestering van eksterne verandering. Persone wat deel het aan selfdirektiewe groepwerk groei op verskeie gebiede soos verbetering van selfvertroue, voorkoms en die vermoë om 'n eie mening te

huldig, asook die ontwikkeling van 'n siening oor hulle rol en plek in die samelewing en die uitbou van perspektiewe oor hulle toekoms.

3.2 BEMAGTIGING AS KONSEP

Adams (1990:18) is van mening dat bemagtiging 'n beweging is waardeur persone kontrole oor hulle lewe en omstandighede verbeter. Rappaport (1986a:69) sluit hierby aan en meld dat bemagtiging 'n mate van kontrole is wat 'n vrou oor haar persoonlikheid, kognitiewe vermoëns en motivering in haar lewe het. Kreisberg (1992:19) meld ook dat bemagtiging 'n proses is waardeur persone of gemeenskappe die kontrole oor hulle eie lewe, asook die besluit wat hulle lewe affekteer, vermeerder. Dit sluit verder ook 'n proses in waardeur persone hulle vaardigheid verhoog in die uitoefening van interpersoonlike beïnvloeding en die uitvoering van sosiale rolle. Soos wat die gedepriveerde vrou meer kontrole oor haar lewe kry, sal sy haar eie behoeftes bevredig as gevolg van die ontwikkeling van haar vaardighede en vermoëns, wat essensieel is vir effektiewe en doeltreffende funksionering in haar gemeenskap.

Die belangrikheid van die gemeenskap word in die proses van bemagtiging, wat 'n gesamentlike strewe en ondersteuning is, beklemtoon. Bemagtiging geskied deur wedersydse kommunikasie en gedeelde aksies om die lewe van sekere individue te verbeter en terselfdertyd alle individue in 'n gemeenskap se lewensgehalte te verhoog. Individuele bemagtiging is dus gekoppel aan die bemagtiging van 'n gemeenskap (Kreisberg, 1992:20).

Steward (1994:4-6) sluit hierby aan en meld dat daar basies twee tipes mag is, naamlik rolkundige- en hulpbronnemag. Rollemag behels hoofsaaklik die vermoë om sanksies toe te pas op diegene wat nie aan vereistes voldoen nie. 'n Vrou wat hieraan onderworpe is, mag nie vir haarself dink en opdragte bevraagteken nie. Aan die ander kant stem mag as 'n kundige ooreen met outoriteit, dit wil sê dat 'n vrou se mag gebaseer is op spesifieke vermoëns en kennis waarvoor sy beskik. Die vrou oefen mag uit deurdat sy gebruik maak van haar vaardighede en kennis. Indien 'n groep mense bemagtig moet word is dit essensieel om van hierdie mag gebruik te maak, aangesien dit die werker instaatstel om die proses van bemagtiging te beplan, te implementeer en te monitor.

Verder moet die werker verseker dat die gedepriveerde vrou genoegsame vaardighede en kennis het om die nuwe mag tot haar beskikking effektief te kan benut. Hulpbronnemag is laastens die vermoë om hulpbronne te verskaf of te weerhou. Hierdie aspek is 'n belangrike faktor van bemagtiging, aangesien niemand vroue kan bemagtig, indien hulle nie met hulpbronne ondersteun word nie.

Steward (1994:6) is verder van mening dat bemagtiging 'n praktiese en produktiewe proses is waardeur die werker verseker dat die beste van haarself, sowel as die gedepriveerde vrou verkry word. Dit behels onder meer dat ware mag gedelegeer word na die areas of vrou waar dit die mees effektiefste benut kan word. Verder sluit dit ook die oordra van take, besluitneming en volle verantwoordelikheid in.

Dodd en Gutierrez (1990:64-65) sluit hierby aan en meld dat daar drie tipes mag is, naamlik persoonlike mag, sosiale mag en politieke mag. Persoonlike mag is die vermoë om te ontvang wat 'n persoon verlang en die wyse om ander persone tot haar eie voordeel te beïnvloed. In kontras hiermee sal die magtelose individu uitdagende aktiwiteite vermy en gou moed opgee, weens die feit dat sy nie kan kry wat sy wil hê nie en nie oor die vermoë beskik om ander tot haar eie voordeel te beïnvloed nie.

Sosiale mag spruit voort uit die sosiale hulpbronne wat individue na verhoudings bring. French en Raven (1959:10) sluit hierby aan en meld dat daar vyf bronne van sosiale mag is, naamlik vergoeding-; dwang-; wettige-; verwysing-; en deskundigemag. Hierdie bronne vloei onderskeidelik uit

- 'n persoon se vermoë om belonings te gee of strawwe te verwyder,
- 'n persoon se vermoë om straf toe te pas,
- 'n persoon se normatiewe, rol-georiënteerde waardes,
- die mate waarin 'n persoon met ander kan identifiseer, asook
- 'n persoon se mate van kredietwaardigheid en beïnvloedingsmag.

Politieke mag is weer gebaseer op die tasbare en ontasbare sosiale waardes wat skaars is in die gemeenskap, soos finansiële sekuriteit, 'n gebalanseerde dieet, goeie gesondheid, betekenisvolle werksgeleenthede, asook geleenthede vir selfontwikkeling. Dit behels ook onder meer watter persoon bepaal wie wat kry en wie beïnvloed word deur 'n ander, dit wil sê dat mag aan die persone behoort wat beleid maak en die standaard daar stel.

Vir die navorser is bemagtiging dus 'n proses van individuele- en groepstransformasie, waar die individue en groepe die beheer oor hulle lewe en die kontrole oor noodsaaklike hulpbronne ontwikkel. Verder sluit dit ook die verbetering van vaardighede ten opsigte van interpersoonlike beïnvloeding en deelnemende bevoegdhede deur probleemoplossing en kollektiewe aksies in groepsverband in.

3.3 VOORWAARDES EN VEREISTES VIR BEMAGTIGING

Daar bestaan verskeie faktore en voorwaardes wat die behoefte om beheer oor 'n persoon se lewe te verbeter, met ander woorde die aanvraag na bemagtiging, verteenwoordig.

Riessman (1986:56) meld die volgende:

- die verbruiker is voortdurend in 'n proses van besluitneming wat 'n gevoel van mag by haar laat ontwikkel;
- die verbruikerspotensiaal dra by tot diensproduktiwiteit;
- daar is 'n behoefte aan die uitbreiding van opleiding en onderrig;
- daar is groter respek vir ervaring en kennis as vir mag;
- gesamentlike deelname is essensieël.

Williams (1992:59) huldig die volgende menings met betrekking tot bemagtiging, naamlik:

- Dit begin met geloofwaardigheid: elke vrou moet haarself ken en in haarself glo en gevolglik haar eie lewe uitleef.

- Bemagtiging vereis dat 'n vrou eienaarskap van haar lewe en kultuur sal aanvaar: 'n bemagtigde vrou dra kennis oor haar herkoms en weet waarheen sy op pad is.
- Bemagtiging ontstaan as 'n vrou bewus raak van haar mag, maar besef dat sy nie die uiterste mag is nie: God het opper mag oor alle mense.
- Ware bemagtiging kan gemeet word aan die positiewe effek op die gemeenskap: as alle lede van 'n gemeenskap bemagtig word, sal dit 'n bemagtigde gemeenskap wees.

Muller en Plantenga (1990:29-30) sluit hierby aan en meld dat bemagtiging nie effektief kan geskied as gedepriveerde vroue nie aan sekere vereistes voldoen nie. Dit is essensieel dat hulle bewus moet wees van hul posisie en rol as vrou, sodat hulle op hulle regte kan staan en verder moet hulle ervaring hê in die veld van organisering. Hierdie drie aspekte sal vervolgens kortliks bespreek word en aangevul word met ander skrywers se sienings.

3.3.1 BEWUSMAKING

Gedepriveerde vroue is opgevoed binne 'n afhanklike verhoudingsmilieu, wat hulle persoonlikheid affekteer. Hulle het nie die geleentheid om hulle persoonlike ervarings op 'n realistiese veralgemeende wyse te beskou en met ander vroue te bespreek nie. 'n Nuwe fondasie kan slegs gelê word wanneer gedepriveerde vroue bewus raak van hulle algemene ervarings en belewenisse, wanneer hulle in groepsverband die geleentheid kry om hulle lewens, probleme, verwagtings en oplossings met mekaar te bespreek (Muller & Plantenga: 1990:29-30).

Gutierrez (1990:150) sluit hierby aan en meld dat die vrou bewus moet raak van die wyse waarop politieke strukture individuele en groepservarings beïnvloed. Die ontwikkeling van groepsbewussyn by 'n magtelose vrou behels dat 'n kritiese perspektief van die gemeenskap gevorm word wat individuele, groep en gemeenskapsprobleme vanweë 'n tekort aan mag, herdefinieer. Dit gee aanleiding tot 'n gevoel van gedeelde belange en stel haar in staat om te fokus op die oorsaak van die probleem, eerder as die verandering van haar interne subjektiewe toestand.

3.3.2 BESKERMING VAN BELANGE

Gedepriveerde vroue moet bewus wees van hulle algemene belange, en oor die vermoë beskik om hulle eise te formuleer, alvorens hulle die groep se belange kan beskerm. Dit wil dus voorkom dat dit noodsaaklik is dat die groep spesifieke belange wat hulle wil beskerm, moet stipuleer alvorens bemagtiging kan plaasvind (Muller & Plantenga: 1990:29-30).

3.3.3 ERVARING VAN ORGANISERING

Vir gedepriveerde vroue beteken deelname aan 'n "beweging", betrokkenheid by aktiwiteite buite die gesinsnetwerk, sonder die man of ander familielede se kontrole. Dit behels verder dat ander persone in ag geneem moet word en dat nuwe verantwoordelikhede aan die gedepriveerde vrou opgedra word (Muller & Plantenga: 1990:29-30).

3.3.4 VERHOGING VAN PERSOONLIKE DOELTREFFENDHEID

Bandura (1982:122) beskryf persoonlike doeltreffendheid as: "a belief in one's ability to produce and to regulate events in one's life". Dit wil dus voorkom asof dit konsepte soos versterking van egofunksionering, ontwikkeling van persoonlike mag, asook die ontwikkeling en verbetering van gedepriveerde persone se inisiatief en hulle vermoë om op te tree, insluit.

3.3.5 VERMINDERING VAN SELF BLAMERING

Selfblamering hou nou verband met die proses van bewusmaking. Indien gedepriveerde persone hulle probleme toeskryf aan die huidige magsbedeling in die samelewing, word hulle verlos van die gevoel dat hulle verantwoordelik is vir die negatiewe situasie waarin hulle, hulle bevind (Gutierrez, 1990:150).

3.3.6 AANVAARDING VAN PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID VIR VERANDERING

Gutierrez (1990:150) is van mening dat gedepriveerde persone 'n poging sal aanwend om hulle lewens te verbeter indien hulle persoonlik verantwoordelikheid sal neem vir die oplossing van hulle probleme. Dit sal weereens lei tot die vermindering van selfblamerig.

Mills (1994:24) sluit hierby aan en gee 'n skematiese uiteensetting van vereistes vir bemagtiging en voorwaardes waaronder bemagtiging verkieslik nie moet plaasvind nie, naamlik:

Tabel 3: Vereistes en voorwaardes vir bemagtiging

Vereistes vir bemagtiging:	Voorwaardes waaronder bemagtiging nie moet plaasvind nie:
Bevoegdheid en ervaring	Geen kennis oor die persoonlike missie
Noodsaaklike informasie en inligting	Gebrek aan die nodige kennis.
Betekenisvolle erkenning en beloning	Beskik nie oor die nodige bevoegdheid nie
Kennis oor die persoonlike missie	Is bang om oor te gaan tot aksie.

Steward (1994:73) sluit hierby aan en verskaf agt vereistes of reëls vir suksesvolle bemagtiging, naamlik: siening, opvoeding, elimineer, uitdrukking, dweep, toerusting, evaluering en verwagting. Hierdie reëls sal vervolgens bespreek word:

3.3.6.1 *Siening*

Gedepriveerde vroue moet 'n gedeelde visie hê waarheen almal strewe, met ander woorde hulle moet weet wat hulle wil hê en hoekom hulle dit wil hê. Verder moet daar 'n gesamentlike doelstelling en prioriteite wees sodat aktiwiteite gekoördineer kan word en hulpbronne effektief benut kan word.

3.3.6.2 *Opvoeding*

Opvoeding en onderrig is 'n vereiste en verskil onderskeidelik in die sin dat opleiding gedrag wil standariseer ten einde te verseker dat die vrou op 'n konstante en betroubare wyse in sekere omstandighede sal reageer. Opvoeding aan die ander kant besef dat gedrag nie in alle omstandighede gekontroleer kan word nie en dat vroue hulle eie besluite moet neem. Gedrag is dus effektief en gepas binne die konteks waarin dit plaasvind. Opleiding in spesifieke vaardighede bly egter 'n noodsaaklikheid.

3.3.6.3 *Eliminasie*

Struikelblokke in die weg van bemagtiging moet ontruim word, deurdat daar verseker word dat alle organisatoriese sisteme en prosedures ooreenstem met die organisasie sowel as bemagtiging se doelstellings. Dit sluit ook dikwels die verwydering van 'n persoon in wat in die weg staan van die bemagtigingsproses. Daar moet verder ook gelet word op negatiewe persoonlike houdings, lae verwagtings, ongewenste interne kompetisie en die vrees vir kritiek na mislukkings.

3.3.6.4 *Uitdrukking*

Bemagtiging is slegs geslaagd indien daar aan die gedepriveerde vrou verduidelik word wat dit behels, en watter voordele dit vir haar sal inhou. Hulle moet verder weet wat van hulle verwag word en vertrou in hulle eie vermoëns hê. Die werker kan bogenoemde bewerkstellig deurdat sy op 'n openlike en eerlike wyse uitdrukking gee aan haar idees en opinies en deurdat sy verder die afstand tussen haar en die gedepriveerde vroue verminder. Dit is ook belangrik dat die gedepriveerde vroue vry voel om uitdrukking te gee aan hulle eie sienings.

3.3.6.5 *Dweep*

Bemagtiging kan verder net slaag indien die werker entoesiasies en positief is oor die proses. Die werker moet dit geniet om ander te sien groei, oor die vermoë beskik om as deel van die span te werk eerder as om die span te lei en verder om idees, mag en verantwoordelikheid te deel.

3.3.6.6 *Toerusting*

Die werker is verantwoordelik om die gedepriveerde vrou toe te rus en te verseker dat die omstandighede gewens is vir sukses. Verder moet hulpbronne ook ontwikkel en uitgebrei word.

3.3.6.7 *Evaluering*

Sodra die bemagtigingsproses geloods is, is dit essensieel om vordering en resultate te monitor en te evalueer. Bemagtiging is 'n proses en nie 'n gebeurtenis nie en daarom moet evaluering herhaaldelik plaasvind. Evaluering vind plaas ten opsigte van die werker en die gedepriveerde vroue wat daaraan deelneem en behels die daarstelling en bereiking van doelstellings. Die gedepriveerde vrou is deel van die evaluering en moet dus gevolglik terugvoer gee aan die werker en aan mekaar.

3.3.6.8 *Verwagting*

Die werker moet aanvaar dat daar aanvanklik foute en terugslae gaan wees en vooraf daarvoor beplan, ten opsigte van die soort probleme wat verwag kan word en waar en wanneer dit kan voorkom. 'n Voorbeeld van 'n probleem wat mag opduik is weerstand. Verder is dit noodsaaklik om sukses te verwag ten spyte van terugslae en teleurstelling. Indien die werker daarin slaag om vertrouwe in sukses te toon, sal die gedepriveerde vrou ook vertrouwe hê, wat 'n essensiële komponent van bemagtiging is.

Croft en Beresford (1989: 18) sluit hierby aan en meld verder dat daar vier essensiële vereistes is as 'n organisasie vroue wil bemagtig, naamlik:

- 'n gedepriveerde vrou moet aangemoedig word om self die geleentheid aan te gryp;
- organisasies moet geleentheid beskikbaar stel;
- die doelstelling van die organisasie moet bemagtiging wees; en
- die werkswyse of intervensie van die organisasie moet die gedepriveerde vrou wat daaraan blootgestel word, bemagtig.

Vir die navorser is dit dus duidelik dat daar aan die vereistes van bemagtiging voldoen moet word indien enige sukses met die intervensie bereik wil word. Vervolgens sal die aard van bemagtiging aan die hand van beginsels bespreek word.

3.4 BEGINSELS VAN BEMAGTIGING

Ross (1991:147-155) meld dat daar vyf beginsels is ten opsigte van die aard van bemagtiging van gedepriveerde vroue, naamlik:

3.4.1 SOLIDARITEIT EN GEMEENSKAPLIKHEID

'n Individuele vrou is magteloos, maar vroue wat saamwerk in solidariteit bereik meer en verteenwoordig 'n magtige groep. Hierdie mag waarvoor vroue in 'n groep beskik kom primêr van hulle samesyn en hulle basiese waarde as vroue. Sy meld ook dat bewusmakingsgroepe waar vroue hulle ervarings deel, 'n belangrike strategie van bemagtiging is, aangesien die vrouens besef dat hierdie ervarings nie uniek en geïsoleerd is nie, maar gedeelde belange is.

3.4.2 MARGINALITEIT

Marginaliteit beteken dat vroue se verbintenis kan verskuif, dit wil sê dat 'n nie-blanke vrou 'n nouer verbintenis sal vorm met 'n nie-blanke man ten opsigte van sosio-ekonomiese aspekte, maar dat sy met ander vroue 'n verbintenis sal vorm ten opsigte van gesinsgeweld en die beskerming van haar kinders.

3.4.3 LIGGAAMSBEWUSTHEID

Vroue is meer in voeling met hulle liggame, seksualiteit en emosies. Ten einde uitbuiting te voorkom moet vroue hierdie mag erken veral ten opsigte van moederskap en die voorkoming van geweld en mishandeling teen hulle.

3.4.4 KENNIS

Bemagtiging van die vrou is gekoppel aan haar kennis oor haarself en die wêreld waarin sy woon. Die kennis wat vroue opgedoen het deur ervaring en opleiding is 'n basis vir optrede en aksie. Indien gedepriveerde vroue bemagtig word, is dit noodsaaklik om hulle aan te moedig om hulle emosionaliteit en intellektualiteit te ontwikkel ten einde hulle kennis uit te brei en te vermeerder.

3.4.5 TRANSFORMASIE

Al vier bogenoemde aspekte lei na transformasie van die self, die gesin en die gemeenskap. Die mag waaroor vroue beskik is onstabiel en veranderlik en poog om ongelykhede op te hef en almal te bemagtig. Bemagtiging is die eienskap in die proses van verandering en lewende energie op persoonlike en sosiale vlak. Dit lei dus tot die opheffing en verbetering van die self sowel as die gemeenskap.

Their (1993:12) sluit hierby aan en meld dat die volgende beginsels in ag geneem moet word ten opsigte van bemagtiging, naamlik:

- die doel van bemagtiging is nie om onafhanklikheid of afhanklikheid te bewerkstellig nie, maar wel interafhanklikheid.
- Bemagtiging behels beide evolusie en revolusie, deurdat dit oor 'n tydperk in fases plaasvind en stappe geneem word wat die status quo beïnvloed.
- Elke vlak van die organisasie moet betrokke wees by die veranderingsproses.
- Bemagtiging behels transaksionele en transformasie prosesse, deurdat die gedepriveerde vrou doelgerig saamwerk om die vrugte van bemagtiging te pluk.
- Verandering is 'n openbare gebeurtenis, dit wil sê dat almal betrokke, weet wat gaan plaasvind.
- Die veranderingsproses vereis 'n raamwerk of sisteem wat leiding bied.
- Bemagtiging is die basis waarop kwaliteit voortdurend kan verbeter.

Dodd en Gutierrez (1990:69) voeg twee beginsels van bemagtiging by die bogenoemde. Eerstens is die helpende verhouding as basis van bemagtiging wat gebaseer is op samewerking, vertroue en die deel van mag. Die werker moet haarself beskou as die instaatsteller, organiseerder en konsultant wat erken dat die gedepriveerde vrou 'n kenner is ten opsigte van haar eie probleme, vermoëns en potensiële hulpbronne. Interaksie tussen die werker en die gedepriveerde vrou word dus gekenmerk deur wedersydse respek, openlike kommunikasie, informaliteit en opregtheid. Die werker fasiliteer bemagtiging deurdat sy/hy die gedepriveerde vrou bystaan ten einde persoonlike mag binne die helpende verhouding te ervaar en haar aktief te betrek by die veranderingsproses.

Tweedens behels dit dat intervensie op die individuele, groep, gesin en gemeenskapsvlakke moet plaasvind. Werkers moet vaardighede ontwikkel wat op die verskillende vlakke van intervensie benut kan word, ten einde effektief van een modaliteit na 'n ander te kan beweeg. Groepwerk word egter deur die literatuur voorgestel as die ideale modaliteit vir bemagtiging, aangesien dit die effektiefste wyse is vir die integrering van ander tegnieke en sub-prosesse (Vergelyk Brake & Bailey, 1980:25 & Mullender & Ward, 1991:25). Groepwerk voorsien die ideale klimaat vir bewusmakingsprosesse, wedersydse hulp, ontwikkeling van vaardigheid, probleemoplossing en die ervaring van 'n persoon se vermoë om ander te beïnvloed (Hanmer & Statham, 1988:132).

As die bogenoemde twee beginsels, naamlik 'n helpende verhouding en groepwerk as modaliteit, in konteks geplaas word, beveel die navorser vyf beginsels aan, ten einde gedepriveerde persone te bemagtig, naamlik:

- Aanvaar die gedepriveerde vrou se verklaring en omskrywing van die probleem. Deur van hierdie tegniek gebruik te maak, toon die werker dat die vrou oor die vermoë beskik om haar situasie te identifiseer en te verstaan en dat sy oor mag beskik en beheer het oor die helpende verhouding
- Identifiseer en bou op reeds bestaande kragte ten einde die gedepriveerde vrou se huidige vlak van funksionering en bron van individuele en interpersoonlike mag te eksploreer
- Maak die gedepriveerde vrou bewus van ongelykhede in mag ten opsigte van hul huidige situasie en die verspreiding van mag in die gemeenskap as geheel.
- Voorsien opleiding en onderrig in spesifieke vaardighede ten einde die gedepriveerde vrou te help om haar hulpbronne te ontwikkel, sodat sy magtiger is op persoonlike, sosiale en politiese vlakke.
- Mobiliseer hulpbronne en tree as advokaat op indien daar 'n tekort is aan hulpbronne vir bemagtiging.

3.5 BEMAGTIGING AS PROSES

Bemagtiging is 'n proses waardeur mag verkry en ontwikkel word deur fasilitering en instaatstelling. Die konsep bemagtiging bestaan uit drie hoofemas waarvan die eerste verwys na 'n ontwikkelingsproses wat begin deur individuele groei wat moontlik kan kulmineer in sosiale verandering. Tweedens behels dit 'n psigologiese toestand wat gekenmerk word deur verhoogde gevoelens van selfwaarde, effektiwiteit en beheer. Laastens omvat dit liberalisme wat ontstaan vanuit die sosiale verandering. Liberalisme begin met opvoeding van magtelose gedepriveerde persone en sluit later die kollektiewe pogings van hierdie persone in om mag te verkry en strukture te verander wat hulle onderdruk (Parsons, 1991:11).

Kieffer (1981:26) meld dat alvorens die bemagtigingsproses in aanvang kan neem, daar op die volgende aspekte gelet moet word, naamlik:

- 'n Persoonlike houding of gevoel van die self wat aktiewe sosiale betrokkenheid bevorder.
- Kennis oor en kapasiteit vir die kritiese analise van die sosiale en politieke sisteme wat 'n gedepriveerde vrou se omgewing beïnvloed.
- Die vermoë om aksiestrategieë te ontwikkel en hulpbronne te kultiveer ten einde doelwitte te kan bereik.
- Die vermoë om saam met ander te werk ten einde kollektiewe doelwitte te bereik.

Parsons (1991:11-13) meld dat daar belangrike komponente vir bemagtiging in die proses ingesluit moet word. Die proses ontstaan deur interaksie met ander, waardeur wedersydse ondersteuning en die geldigheid van 'n persoon se persepsies en ervarings ontvang word. Bogenoemde aspekte is krities vir die ontwikkeling van selfwaarde, selfvertroue en 'n siening van persoonlike effektiwiteit. Hierdie inligting lei beide tot die seleksie van konsepte wat in die praktykraamwerk gebruik kan word, asook die seleksie van metodologie en strategieë om doelwitte te bereik. Die drie belangrike komponente wat aanwesig moet wees by intervensie, ten einde 'n bydrae te maak tot die bemagtigingsproses sal vervolgens bespreek word, naamlik:

- Opbou van kollektiwiteit ten opsigte van optrede en aksie is sentraal tot die bemagtigingsproses. Kollektiwiteit behels die saamvoeg van alle individue se energie tot 'n geheel of eenheid. Kollektiwiteit voorsien verder die geleentheid vir wedersydse ondersteuning en kollektiewe optrede namens die geheel of groep.
- Opleiding ten opsigte van kritiese denke, kennis en vaardighede. Die ontwikkeling van 'n kritiese bewussyn geskied deur die proses van kommunikasie en opleiding, by wyse van interaksie met ander in dieselfde omstandighede.
- Bevoegdheidsassessering behels potensiële bevoegdheid aan die kant van die gedepriveerde vrou. Dit wil sê dat die gedepriveerde vrou self weet wat sy nodig indien sy oor selfkennis en ondersteuning beskik en dat sy tot haar eie belang, goeie alternatiewe vir optrede sal kies.

Die gedepriveerde vrou beskik dus oor die vermoë om bevredigende oplossings vir haar probleme te vind en kragte en hanteringvermoëns te assesser (Parsons, 1991: 11-13).

Mills (1994:47-112) sluit hierby aan en identifiseer ses stappe in die proses van bemagtiging, wat vervolgens skematies uiteengesit en bespreek gaan word.

Tabel 4: Stappe in die proses van bemagtiging

STAP 1: Fout toleransie

Ten einde gedepriveerde vroue aan te moedig om bemagtigend op te tree, is dit noodsaaklik om kennis te dra van wanneer foute aanvaarbaar is, naamlik:

- Indien foute nie deel van 'n patroon is nie.
- Wanneer iets uit die foute geleer word.
- Wanneer dit in nastrewing van doelwitte is.
- Wanneer dit in die bestek van outoriteit is.
- Wanneer dit ooreenstem met wette en beginsels, en
- Wanneer voldoende prosedures gevolg is.



STAP 2: Bou van vertroue

Indien die werker by gedepriveerde vroue vertroue wil bou in hulleself en ander Persone, moet sy die volgende stappe ten opsigte van die vlakke van vertroue volg:

- Bou van voorspelbaarheid:
 - Maak persoonlike kontak
 - Wees konsekwent
 - Wees suksesvol

- Bou betroubaarheid:
 - Hou beloftes
 - Laat die gedepriveerde vroue weet waar hulle staan
 - Ondersteun mekaar

- Bou onderlinge verhoudings:
 - Neem tyd om om te gee en te verstaan
 - Voorsien so veel sekuriteit as moontlik

STAP 3: Vorm 'n visie

'n Visie is noodsaaklik in die bemagtigingsproses en moet aan die volgende vereistes voldoen, naamlik:

- Dit moet bereikbaar wees, maar nie te maklik nie.
- Dit moet vervang word met 'n nuwe visie indien dit bereik is.
- Die visie moet deur die gedepriveerde vroue gevorm word
- Die visie moet interessant wees ten einde die gedepriveerde vrou betrokke te kry.



STAP 4: Daarstelling van doelwitte

Eienskappe van 'n goed geformuleerde doel sluit die volgende in:

- Verstaanbaarheid.
- Wyd genoeg om bemagtiging te ondersteun.
- Nou genoeg sodat bereikbaarheid gemeet kan word.
- Dit moet gekoppel word aan tyd.
- Dit moet bereikbaar wees.
- Dit moet verband hou met die aktiwiteite van die groep.

STAP 5: Meting

Meting is noodsaaklik om eerstens vas te stel of die gedepriveerde vrou hul doelwitte bereik en tweedens om terugvoer te voorsien sodat die groep hulle aktiwiteite effektief kan bestuur en beheer.

STAP 6: Motivering

Motivering is 'n belangrike aspek in die bemagtigingsproses en die volgende moet in ag geneem word:

- Die groep wat aan die bemagtigingsproses deelneem moet hulleself motiveer.
- Daar moet nie aanvaar word dat die gedepriveerde vrou gemotiveerd is nie.
- Bou aan entoesiasme en belangstelling.

Die proses van bemagtiging behels dus dat die gedepriveerde vrou 'n houding of geloof ontwikkel in haar eie effektiwiteit ten opsigte van optrede en kritiese denke oor haar leefwêreld, ontwikkeling van haar kennis, uitbreiding van vaardighede ten einde tot optrede oor te gaan, wedersydse ondersteuning van vroue in dieselfde omstandighede te bied en op te tree ten einde verandering te bewerkstellig. Dit behels dus beide 'n proses en 'n resultaat waar die gedepriveerde

vrou bewus moet raak van haar verhouding met die omgewing en hoe sy daarmee in interaksie verkeer.

3.6 VAARDIGHEDE IN BEMAGTIGING

Dodd en Gutierrez (1990:73-74) is van mening dat 'n werker slegs die nodige vaardighede kan ontwikkel om ander te bemagtig indien hy/syself bemagtig is. Die volgende tegnieke kan gebruik word om bemagtiging te laat slaag, naamlik:

- Bestudeer en analiseer gedepriveerde vroue se persoonlike ervarings ten einde te verstaan hoe magverhoudings 'n individu kan beïnvloed.
- Benut self-eksplorerende groepsoefeninge.
- Bestudeer groepsdinamiek deur die benutting van Bales' se "Systematic, Multi-level Observation of Groups" (SYMLOG) (In Dodd & Gutierrez, 1990). Die werker voorspel individuele en groepgedrag en bestudeer hoe sy/haar sosialisering as kind sy/haar huidige norme en waardes beïnvloed.
- Bestudeer mag in die gemeenskap om vas te stel watter groepe meer mag het en hoe hulle hierdie mag uitoefen.

Steward (1994:47-59) is van mening dat bemagtiging addisionele eise aan die werker stel en vereis dat die volgende vaardighede aangeleer word, naamlik:

- Instaatstelling

Instaatstelling behels dat die werker verseker dat die gedepriveerde vrou alle hulpbronne, vaardighede, vermoëns en kennis tot haar beskikking het om ten volle bemagtig te word.

- Fasilitering

Fasilitering is fundamenteel noodsaaklik in bemagtiging, deurdat daar vereis word dat struikelblokke in die weg van die gedepriveerde vroue verwyder moet word. Dit is egter essensieel dat die groep kollektief en individueel verantwoordelik gehou moet word vir hulle eie kwaliteite en vermoëns.

- Konsultering

Dit is noodsaaklik dat lede van 'n groepsbespreking met mekaar moet konsulteer, aangesien hulle oor eiesoortige kennis beskik en dikwels 'n oplossing vir hulle probleme het. Opinies, idees, aanbevelings en strategieë moet met mekaar bespreek word ten einde oplossings vir probleme te vind.

- Samewerking

Konsultasie op sig self is nie genoegsaam nie en benodig volle samewerking tussen die werker en die groeplede ten einde alle kennis en vaardighede te benut ter bereiking van die doelwitte.

- Raadgewing

'n Werker sal aanvanklik al sy/haar kennis en vaardigheid self wil toepas, maar sal mettertyd besef dat hy/sy meer kan verrig deur dit met ander te deel. Die werker tree dus op as beide rolmodel en opvoeder.

Die volgende vaardighede is ook noodsaaklik in die proses van bemagtiging, aldus Steward (1994:112), naamlik:

- Ondersteuning van inisiatief en aanmoediging van groepslede. Indien 'n fout begaan word, moet daar voortgegaan word om erkenning te gee vir die probeerslae en uit die ervarings geleer word om mislukkings in die toekoms te voorkom.
- Aanmoediging van kreatiwiteit en die vermoë om na situasies en probleme vanuit 'n ander hoek te kyk.
- Verbetering van kommunikasie deur strukture en sisteme daar te stel wat vir kommunikasiedoeleindes benut kan word.
- Die gee van erkenning vir bemagtigingsgedrag.
- Modulering van gedrag wat van deelnemers verlang word.

Die navorser is van mening dat die werker wat betrokke is by die aanbieding van die groepbespreking dus vaardighede aan die dag moet lê indien sy/hy 'n sukses van die intervensie wil maak.

3.7 BEMAGTIGINGSTRATEGIEË

Gemeenskapsprogramme, hetsy op die vlak van die individu, organisasie of gemeenskap, dien as bemagtigingstrategieë wat ontwerp is ten einde persone in staat te stel om die kontrole wat hulle oor hulle lewens het te verhoog. Individue, groepe en gemeenskappe kan dus bemagtig word by wyse van intervensies wat die korrekte omgewingskondisies daarstel. Die gemeenskapswerker het 'n belangrike rol om te vertolk in die daarstelling van strategieë om die gedepriveerde vrou te bemagtig. Die volgende strategieë kan gevolg word, aldus Lewis en Lewis (1989:165-168).

- Gemeenskapswerkers is bekend met die algemene probleme wat gemeenskapslede ervaar. Gemeenskapswerkers kan tydens hulle werk met individue sekere aspekte in die samelewing wat nadelig vir gemeenskapslede is, identifiseer. Hulle ervaar dikwels frustrasie as hulle al die persone in nood individueel van hulp wil wees. Omgewingsfaktore oorweldig dus verder die gedepriveerde vrou se vermoëns en mag, sodat hulle groei en ontwikkeling belemmer word.

Indien die werkers hierdie faktore en probleme kan identifiseer en na vore bring, is dit moontlik om die gedepriveerde vrou te motiveer om verandering te bewerkstellig.

- Gemeenskapswerkers kan die ontwikkeling van leierskap aanmoedig en ondersteuning bied vir nuwe organisasies. Gemeenskapswerkers is aktief betrokke by die magtelose segment van die samelewing en plaas die klem op die aanmoediging en ondersteuning van aktiewe selfhelpgroepe. Groepe word dikwels tot stand gebring uit persone met dieselfde belange of om hulle nuwe lewensvaardighede aan te leer, terwyl plaaslike leierskap aangemoedig word en aktiewe ondersteuning verleen word.
- Gemeenskapswerkers kan hulle verhoudingsvaardighede met selfhelpgroepe deel. Dit is noodsaaklik dat gemeenskapswerkers algemene vaardighede ten opsigte van interpersoonlike verhoudings en kommunikasie met groepe wat verandering wil bewerkstellig, moet deel. Die gemeenskapswerker dien as konsultant en verskaf opleiding in leierskap, analitiese kommunikasie patrone, asook interpersoonlike vaardighede, sosiale sisteme en die aard van verandering. (Vergelyk Muller en Plantenga, 1990:31.)
- Gemeenskapswerkers dien as koördineerder ten einde verandering in die groep te bewerkstellig. Die gemeenskapswerker moet oor kennis beskik van die gemeenskap, hulpbronne, asook organisasies werksaam in die gemeenskap. Dit is sy/haar taak om die persone by die hulpbronnetwerk uit te bring ten einde behoeftes te bevredig. (Vergelyk Muller en Plantenga, 1990:31.)

Lewis en Lewis (1989:168) meld dat gedepriveerdheid en die onderliggende probleme binne 'n sosiale sisteem ontwikkel en gevolglik deur sistemiese intervensies aangespreek moet word. Hierdie intervensies verteenwoordig bemagtigingstrategieë wat ontwerp is om die graad van kontrole wat 'n gedepriveerde vrou oor haar lewe het, te vermeerder. Soos reeds vermeld het die gemeenskapswerker 'n belangrike taak in die bemagtiging van die gemeenskap, aangesien hulle bewus is van die algemene behoeftes en probleme wat ervaar word.

Trickett (1991:20-21) sluit hierby aan en meld dat in hulle ondersoek na verskeie aspekte in die sosiale sisteem, sekere strategieë na vore gekom het wat 'n rol speel in die bemagtiging van gedepriveerde vroue:

- Gedepriveerde vroue moet blootgestel word en deel neem aan die besluitnemingsproses, aangesien dit 'n primêre basis is vir die uitoefening van mag.
- Die outoriteitskonsep moet hersien word in die sin dat persone wat 'n arbitrêre invloed uitoefen omver gegooi word, aangesien hulle die behoeftes en verwagtings van die persone wat hulle beïnvloed, ondermyn.
- Ontering van burokrasie moet plaasvind aangesien dit die vryheid van persone beperk en verder fokus op die hiërargiese en rolgebaseerde verhoudings tussen mense in plaas van gelykvormigheid en menslike interaksies. Indien ontering plaasvind lei dit tot die ontwikkeling van alternatiewe institusionele vorme wat gedepriveerde vroue bemagtig.
- Die positiewe waarde van lewenstyl en kulturele diversiteit moet beklemtoon word ten einde trots, self-waarde en waardering vir 'n vrou se eie kultuur te ontwikkel.
- Politisering van ervaring word gekoppel aan die verbintenis tot sosiale verandering en opheffing, dit wil sê die noodsaaklikheid om sosiale strukture en kulturele houdings binne 'n politieke en ideologiese raamwerk te verstaan en te begryp.

Die bogenoemde strategieë van bemagtiging poog om die verhouding tussen die individu en sosiale strukture en sisteme te herstel en sodoende die gedepriveerde vrou op te hef. Deur hierdie strategieë in die groepsopset toe te pas kan die gedepriveerde vrou gelei word tot die opheffing en bemagtiging van haarself en dus gesins- en gemeenskapsverbrokkeling voorkom.

3.8 GROEPWERK

Groepwerk is 'n effektiewe metode, indien dit gekoppel is aan 'n spesifieke doel soos om die verbrokkeling van die gemeenskap en individue te voorkom. Die essensie van bemagtiging is opgesluit in die kollektiewe optrede van gedepriveerde vroue in 'n groep wat dieselfde behoeftes en probleme ondervind (Brake & Bailey, 1980:25).

Volgens Hanmer & Statham (1988:132) is groepwerk 'n effektiewe bemagtigingsmetode en strategie, aangesien selfdirektiewe optrede gebaseer is op die kollektiewe mag van persone wat in 'n groep georganiseer is. In 'n groep kan gedepriveerde vroue leer om strategieë uit te ruil en nuwe strategieë van ander vroue aan te leer. Verder leer hulle meer van mense regte, soos vryheid van spraak of om 'n eie mening te huldig. Hulle ontwikkel die vermoë om behoeftes aan dienste te spesifiseer deurdat hulle persoonlike probleme herdefinieër as algemene behoeftes. In die groep beleef hulle mekaar as 'n ondersteuningsnetwerk, sowel as 'n bron van vriendskap en gevolglik word sosiale isolasie oorkom. Autonomieit, inisiatief, selfwaarde en verantwoordelikheid word verder in die groep gevorm. In die lig van bogenoemde gegewens is dit dus duidelik dat groepwerk die kern van persoonlike en sosiale bemagtiging is.

Vervolgens sal 'n spesifieke groepwerkmodel soos ontwikkel deur Mullender & Ward (1991:24-139) bespreek word, wat dien as bemagtigingsinstrument om verandering te bewerkstellig. Die model wat vyf hoof fases het en wat onderverdeel is in twaalf stappe sal vervolgens skematies uiteengesit word, en daarna breedvoerig bespreek word (Mullender & Ward, 1991:24-139).

Tabel 5: Selfdirektiewe Groepwerkmodel

Fase 1: Die werkers doen 'n voorraadopname

Stap 1: Daarstelling van 'n verenigbare medewerker span.

Stap 2: Daarstelling van bevredigende konsultasie ondersteuning.

Stap 3: Bereik ooreenstemming oor bemagtigingsbeginsels vir die werk.

Fase 2: Die groep neem in aanvang

Stap 4: Gesamentlike beplanning

Fase 3: Die groep maak gereed vir aksie

Stap 5: Die groepopset word gefasiliteer deurdat die werkers hulle eie agenda van belange daarstel, deur die vraag: "Watter probleme moet aangespreek word?" te vra

Stap 6: Die werker help die groep om die breër oorsake van die probleem te analiseer, deurdat die vraag: "Waarom bestaan die probleem?" gevra word.

Stap 7: Die werker stel die groep in staat om te besluit oor die nodige optrede wat vereis word, die stel van prioriteite en toewysing van opdragte, deurdat die vraag: "Hoe kan ons verandering bewerkstellig?" gevra word.

Fase 4: Die groep gaan tot aksie oor

Stap 8: Die deelnemers voer die opdragte uit.

Fase 5: Die groep neem oor

Stap 9: Die groep evalueer wat hulle bereik het.

Stap 10: Die groep identifiseer nuwe sake wat aangespreek moet word. Herformuleer "wat".

Stap 11: Die groep neem die verband tussen verskillende aspekte wat aangespreek is, waar. Herformuleer "waarom".

Stap 12: Die groep besluit op die tipe optrede wat volgende sal geskied. Herformuleer "hoe".

Die bogenoemde model sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

3.8.1 SELFDIREKTIEWE GROEPWERK MODEL

3.8.1.1 Fase 1: *Die Werkers doen 'n voorraadopname*

Hierdie fase word hoofsaaklik gekenmerk deur 'n voorafbeplanning deur die werkers, alvorens kontak gemaak word met die verbruikers ten einde die groep te beplan. Die werkers moet die volgende take volvoer, naamlik dat hulle eerstens as 'n span moet bind; tweedens moet hulle die ondersteuning van 'n ervare konsultant verkry en laastens moet hulle saamstem oor die fundamentele waardes en beginsels onderliggend aan hulle werk.

Stap 1: Daarstelling van 'n verenigbare medewerker span

Die eerste stap in die vooraf beplanning behels die totstandkoming van 'n vaardige en effektiewe medewerkersverhouding. Selfdirektiewe groepwerk behels 'n fundamentele vaardigheid, naamlik dat twee werkers wat saamwerk mekaar moet ondersteun en die vermoë toon om effektief oor professionele grense heen te werk.

Hodge (1985:2) en Page (1983:11) is van mening dat samewerking die volgende voordele inhou, naamlik dat dit 'n verrykende ervaring vir die groeplede is, aangesien klem gelê word op die lede se bydraes en gevoelens; verder word lede blootgestel aan 'n wye reeks rolmodelle, soos die positiewe interaksie tussen die werkers. Vir die werkers hou dit ook die voordeel in dat hulle mekaar wedersyds kan ondersteun en professioneel kan ontwikkel.

Stap 2: Daarstelling van bevredigende konsultasie-ondersteuning

Dit is algemeen bekend dat dienslewering meer geneig is om te misluk indien dit nie onderlê word deur betekenisvolle konsultasie nie. Keenan en Pinkerton (1988:237) sluit hierby aan en meld: "Workers need to include in their support network at least one contact which gets them out of the quagmire of personal introspection, group process, and agency pressure, so as to work on clarifying and modifying their sense of direction: their personal practice ideology".

Die konsultant moedig die werkers aan om die groepproses en werkerstyl wat op bemagtigingswaardes gebaseer is, te beplan en te bespreek. Dit stel hulle in staat om effektiewe instaatstellers van die groep te wees in stede daarvan om meer konvensionele wyses van beplanning, asook werkswyses te gebruik. Die konsultant beïnvloed die werker se rol direk, by wyse van fasilitering en die benutting van selfdirektiewe tegnieke soos 'n dinkskrum en prioriteitsoefeninge.

Stap 3: Bereik ooreenstemming oor bemagtigingsbeginsels vir die werk

Die eerste fase van selfdirektiewe groepwerk behels dat die werkers hulle gedeelde belange en waardeposisie sal uitklare alvorens hulle 'n groep begin. Dit is dus duidelik dat die sukses van intervensie afhang van konsensus rakende die bron van ideologie en waardes.

Vyf belangrike praktykbeginsels wat gevolg moet word in selfdirektiewe groepwerk is:

- Vermy negatiewe etikette en konsentreer op die feit dat alle persone vaardighede, vermoëns en begrip het.
- Alle mense het regte, soos om hulle lewens te beheer, asook vryheid van spraak.
- Deelnemers aan selfdirektiewe groepwerk het dus die reg om te besluit of hulle wil deelneem, sowel as die reg om probleme te identifiseer en dit aan te spreek.
- Groeplede se probleme is kompleks en kan nie ten volle verstaan word as dit beskou word as die oorsaak van persoonlike onvermoëns nie.
- Bemagtiging kan effektief plaasvind indien persone besef dat kollektiewe optrede magtig is en dat magtelose persone mag kan verkry deur aan groepe deel te neem.
- Metodes in dienslewering moet hierdie bogenoemde beginsels reflekteer.

3.8.1.2 Fase 2: Die werk in die groep neem in aanvang

Die werkers en verbruikers van die groep verbind tot vennote ten einde 'n groep tot stand te bring op 'n openlike wyse. In hierdie werkswyse stel die verbruikers die waardes en norme van die groep

vas, en verder definieer en analiseer hulle probleme en stel doelwitte vas. 'n Bemagtigingstyl word dus gevolg waar die lede self besluit of hulle wil deelneem aan die groep en waar en wanneer hulle gaan vergader.

Stap 4: Openlike beplanning

Openlike beplanning is noodsaaklik ten einde die verbruikers in staat te stel om leiding te neem wanneer optrede ter sprake is. Die werker moet dus 'n gepolariseerde benadering gebruik, naamlik om beplanning op 'n bemagtigings of ontmagtigingswyse aan te pak. Die werkers sal slegs voorafbeplan soos reeds bespreek, en die volgende punte met potensieel belanghebbendes bespreek, naamlik:

- Potensieële doelwitte, met ander woorde, redes om 'n groep tot stand te bring en wat hulle moontlik gaan doen;
- Potensieële lidmaatskap, dit wil sê, wie stel belang in die groep;
- die plek vir die eerste byeenkoms, en
- tyd van die eerste byeenkoms.

Geen verdere beplanning word deur die werkers gemaak nie, aangesien gedepriveerde persone bemagtig word indien besluite gesamentlik deur die werkers en groeplede bespreek word by die eerste byeenkoms.

'n Kort bespreking aan die hand van Mullender & Ward (1991:24-139) rakende aspekte wat beplan moet word sal vervolgens in tabelvorm vervat word. 'n Vergelyking word getref tussen twee wyses wat gevolg kan word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die bemagtigingsbenadering.

Tabel 6: Potensiële doelwitte en redes vir die totstandkoming van 'n groep

Ontmagtigingsbenadering	Bemagtigingsbenadering
Die maatskaplike werker dink dit is 'n goeie idee.	Maatskaplike werkers erken en verbind hulle om in samewerking van 'n reeds bestaande groep hul probleme aan te spreek.
Die maatskaplike werker dink die groep is 'n goeie idee en beskou dit as 'n stokperdjie.	Idees ontstaan by een of meer potensiële groeplede wat dan deur die maatskaplike werker by ander belangstellendes ondersoek word.
Dit word van 'n maatskaplike werker verwag om 'n groep aan te bied wat deur die organisasie geïdentifiseer is.	Maatskaplike werker behou sy eie waardeposisie en volg een van die bogenoemde wyses om groepwerk aan te bied.
Doelwitte word vooraf vasgestel deur maatskaplike werkers en afgedwing op die lede.	Doelwitte word deur die groep gevorm.

Tabel 7: Lidmaatskap

Ontmagtiging	Bemagtiging
Lidmaatskap is beperk by wyse van keuring en verwysing.	Die groep word wyd geadverteer en daar is geen keuring aan verbonde nie.
Belangstellendes word ontmoedig om deel te neem, aangesien ras- en geslagsaspekte geïgnoreer word.	Belangstellendes kry 'n duidelike beeld dat rassisme en seksisme nie in die groep ervaar sal word nie.
Ledetal word beperk deur 'n keuringsproses	Ledetal wissel met geen vasgestelde minimum of maksimum groepgrootte nie.
Geslote groep wat afgedwing word deur die werker.	Oop groep waar lede kan aansluit of bedank ter enige tyd.
Gedwonge lidmaatskap.	Vrywillige lidmaatskap.

Tabel 8: *Plek en toegang*

Ontmagtiging	Bemagtiging
Trappe is die enigste toegang ingeval van gestremdes en kommunikasie blokkasies word ondervind.	Toegang tot huisbakke en toilette, asook braille fasiliteite en interpreteerders.
Geen kleuterskole	Kleuterskole
Kantore van organisasie is moeilik bereikbaar.	Groep vind plaas op eie terrein of op 'n neutrale plek in die lede se gemeenskap.
Lede word deur werkers in die organisasie se motors vervoer.	Lede kom op hulle eie by die groep uit.

Tabel 9: *Tyd, frekwensie en aantal byeenkomste*

Ontmagtiging	Bemagtiging
Tyd, frekwensie en aantal byeenkomste word deur die werker vasgestel en pas nie die lede nie.	Daar is ooreenstemming oor besluite ten opsigte van bogenoemde en gevolglik pas dit almal.

Dit is dus duidelik dat bemagtiging plaasvind deur gesamentlike beplanning wat deur die werker en die groeplede behartig word. Selfdirektiewe groepwerk is dus gebaseer op 'n werkersooreenkoms, wat reëls vir die totstandkoming van 'n groep insluit sowel as rekordhouding en die rol wat werkers speel in verhouding tot lede wat alternatiewe hulp buite die groep ontvang.

3.8.1.3 Fase 3: *Die groep maak gereed om tot aksie oor te gaan*

Die werker se rol behels nou hoofsaaklik fasilitering van groeplede ten einde te beplan watter optrede vereis word. Tydens hierdie fase word die groep gehelp om vrae soos "wat", "hoe" en "waarom" te eksploreer. Die werker moet dus 'n gunstige klimaat skep vir hierdie stap vir stap ontwikkeling, deurdat groeplede se outonomieit en motivering verhoog en gestimuleer word.

Hierdie fase is dus kritieke beweging vanaf eksplorasië na bewuswording tot by optrede. Daar sal vervolgens gekyk word na tegnieke en vaardighede ten einde hierdie vrae te kan beantwoord.

Stap 5: Die groepopset word gefasiliteer deurdat die werkers hulle eie agenda van belange daarstel, deur die vraag: "Watter probleme moet aangespreek word?" te vra

Die groep moet vasstel wat hulle kollektiewe doelwitte is, deurdat hulle uitdrukking gee aan die belangrikste probleme in hulle lewe.

Die volgende **tegnieke** kan gevolg word aldus Mullender & Ward (1991: 24 – 139) ten einde groeplede se sienings aan die lig te bring, te bespreek en eienaarskap daarvoor te aanvaar:

- **Dinkskrum**

Eerstens word 'n reguit vraag aan die groep gestel terwyl al die opmerkings neergeskryf word sodat almal kan sien. Daar is geleentheid vir opmerkings vir 'n vasgestelde tyd, maar niks word bespreek nie.

Tweedens word alle punte bespreek ten einde verbandhoudende temas te vind. Groeplede word aangemoedig om uitdrukking aan hulle idees, opinies en ervarings te gee en dit te vergelyk en te bespreek.

- **Kunsgalery**

Tekeninge en prente word gebruik en bewaar. Die groep beskou dit as hul eiendom wat hulle saambind en waarmee hulle kan identifiseer. Dit is dus die fokus van die groep se identiteit, kohesie en kontinuïteit.

- **Video's en films**

Betekenisvolle besprekings kan in 'n groep geïnisieer word deurdat 'n video vertoon word wat fokus op ooreenstemmende probleme waaraan die groeplede blootgestel word. Dokumentêre of fiksie rolprente met 'n maatskaplike inslag is geskik vir hierdie doeleindes, maar dit is slegs 'n wegspringplek vir bespreking.

- **Verklaringskaart**

Indekskaarte word gebruik waarop groeplede vyf van hulle eie verklarings skryf. Al die kaarte word saamgevoeg en geskommel waarna dit op 'n groot tafel uitgelê word. Die lid kies drie kaarte waarmee sy saamstem met die ander lede en voeg dit by ooreenstemmende kaarte ten einde algemene temas te vorm. Hierdie temas word dan bespreek ten opsigte van onderlinge verbande, sowel as redes vir botsings.

Hierdie tegnieke en oefeninge is maar enkeles wat benut kan word ten einde die vraag "wat" te vra. Die tegniek is 'n effektiewe ysbreker, sowel as 'n metode van verhoudingbou, aangesien dit fokus op die groeplede se lewenservaring, prioriteite en keuses. Die werker is slegs die fasiliteerder en instaatsteller van die aktiwiteit en bespreking.

Stap 6: Die werkers help die groep om die breër oorsake van die probleme te analiseer, deurdat die vraag: "Waarom bestaan die probleme?" gevra word

Die vraag bring sosiale probleme in die ope en verskaf opsies vir optrede en aksie. Verder verteenwoordig dit die toepassing van bemagtigingsbeginsels. Tegnieke wat benut word om die vraag "waarom" te vra, is die volgende:

- **Bewusmaking**

Hierdie tegniek word dikwels in bemagtigingsgroepe benut en dit lei outomaties van "wat" na "waarom". Groeplede sit in 'n sirkel en bespreek hul omstandighede. Sodoende besef hulle dat hierdie probleme algemeen is en dat dit nie vanweë individuele tekortkominge is nie. Hodge (1985:97-98) sluit hierby aan en bied 'n opsomming van hoe bewusmaking werk, naamlik: "through pooling and exploring what participants know at first hand as their own life experience, movement towards what the truth actually is - the WHY - is achieved".

- **Probleemstelling**

Idees wat voortvloei uit die groep moet aan hulle teruggegee word deur die probleem in totaliteit te skets, ten einde die groep in staat te stel om bewus te raak van die totale probleem. Die volgende vrae kan gestel word tydens die bespreking, naamlik:

- Beskrywing: Wat sien julle is besig om te gebeur?
- Analisering: Hoekom gebeur dit?
- Verbandhoudende probleme: Tot watter probleme gee dit aanleiding?
- Oorsake: Wat is die oorsake van die probleme?
- Optrede beplanning: Wat kan ons daaraan doen?

'n Dialoog moet dus deur die werker geskep word, dit wil sê 'n proses van wedersydse opleiding tussen groeplede. Die inligting, ervaring en gevoelens van alle groeplede word bespreek ten einde algemene temas daar te stel sodat optrede kan plaasvind.

- **"Ah-Hah!" Seminare**

Groeplede sit in 'n sirkel rondom 'n groot vel papier waarop hulle hulle leefwêreld visueel uitbeeld. Vrae word gestel ten einde bewus te word van die invloede wat vraagstukke op mekaar het. Hierdie oefening stel die lede in staat om 'n prentjie van hulle wyer sosiale sisteem te vorm, asook

hulle rol en plek daarin. 'n Bespreking volg oor wyses waarop die balans behou kan word, wat verander moet word en hoe die verandering bewerkstellig kan word.

Stap 7: Die werkers stel die groep in staat om te besluit oor die nodige optrede wat vereis word, prioriteite en allokering van opdragte, deurdat die vraag: "Hoe kan ons verandering bewerkstellig?" gevra word

Hierdie vraag word gevra ten einde groeplede in staat te stel om 'n breër sosiale bewuswording te vorm sodat hulle kan oorgaan tot aksie en optrede. Prioriteite, strategieë en take moet neergelê word. Deur die proses van identifikasie (wat) en analisie (hoekom) van aspekte te volg, waaraan die groep wil werk, kan oefeninge gebruik word ten einde die spesifieke optrede van die groep te beplan. Die vraag "hoe" word gestel sodat 'n probleem opgedeel kan word in hanteerbare eenhede, waaraan spesifieke opdragte gekoppel word. Die volgende oefeninge is geskik vir hierdie doeleindes.

- **Roosters**

Verskeie aspekte van 'n probleem wat verkry is deur 'n dinkskrum of indekskaarte kan op 'n rooster aangeteken word, ten einde kort-, medium- en langtermyn opdragte te identifiseer, asook om vas te stel of addisionele hulp noodsaaklik is om hierdie take uit te voer.


Skematiese voorstelling: Rooster

	Dadelik	In die toekoms	Later
Deur ons			
Met hulp			
Deur ander			

- **“BULL'S EYE” oefening**

Dieselfde effek kan verkry word deur konsentriese sirkels te gebruik.

- **Sirkel A** verteenwoordig situasies wat totaal deur groeplede verander kan word.
- **Sirkel B** verteenwoordig situasies wat lede met behulp van bystand kan verander.
- **Sirkel C** verteenwoordig situasies wat lede nie kan verander nie, maar waar hulle ander kan beïnvloed om dit te doen.
- **Sirkel D** verteenwoordig situasies buite die beïnvloedingsmag van lede.



Figuur 1: "Bulls Eye" Mullender & Ward (1991:24 – 139).


- **Kragveld analise**

Hierdie oefening word benut wanneer daar gefokus word op die ontwikkeling van optrede nadat 'n spesifieke doel vir verandering vasgestel is. Dit beklemtoon die feit dat situasies, sowel as die

status-quo onderhewig is aan dinamiese kragte. Ten einde hierdie analise te doen skryf die groep 'n doelwit bo aan 'n indekskaart terwyl die onderkant verteenwoordig word deur die ongewenste resultaat.

'n Horisontale lyn word deur die middel getrek met die onderste helfte wat die positiewe kragte aandui, dit wil sê die wat meewerk om die doelwit te bereik. In die boonste helfte word die negatiewe kragte wat verandering teëwerk, aangedui. Die waarde van hierdie oefening is dat daar vanaf die kragveld patroon drie voorgaande wyses geïdentifiseer kan word, naamlik om eerstens die kragte van verandering te versterk, tweedens om die teenoorgestelde kragte te verminder en laastens om beide te doen.

Beoogde doel:.....



Ongewenste resultaat:.....

Figuur 2: Kragveld Analise Mullender & Ward (1991:24 – 139).

3.8.1.4 Fase 4: Die groep gaan oor tot aksie

As prioriteite vasgestel is deurdat vrae soos "wat," "waarom" en hoe gestel is, dat is dit die groep se verantwoordelikheid om hul kennis en vaardigheid kollektief aan te wend by wyse van optrede. Die deelnemers beweeg dus nou van bewuswording na optrede.

Stap 8: Die deelnemers voer die opdragte uit

Die **take** wat **groeplede** moet uitvoer sluit hoofsaaklik die volgende in:

- Insameling van gegewens rakende hul probleem,
- mobilisering van die gemeenskap en outoriteitsmagte,
- verhoging van die sigbaarheid van die probleem wat hulle wil aanspreek
- benutting van die media en vergaderings met sleutelfigure, asook
- die insameling van fondse om die groep en die veldtog te laat voortbestaan.

Verantwoordelikhede vir al die bogenoemde take sowel as ander take wat mag ontstaan, moet verdeel word. In hierdie opsig is gemeenskapswerk van groot belang, aangesien dit klem lê op kollektiewe werkswyses en praktiese benaderings voorsien wat die verhoudings tussen persone se posisies, hulle persoonlike stryd, asook strukturele faktore wat 'n invloed het op hulle lewens, in ag neem.

Dit is verder 'n noodsaaklike vereiste dat die werker 'n ontspanne en informele opset daarstel, waarin lede op hulle gemak en vol selfvertroue voel, indien die groep onafhanklik en self bepalend wil word.

Soos reeds vermeld, kan lede van verskeie "uitreikaksies" soos petisies, fotografiese skyfies en videomateriaal, plakkate en modelle, geïllustreerde tydskrif- en koerantartikels, asook nuuspamflette gebruik maak, ten einde ander van hulle probleem bewus te maak. Gemeenskapkunstegnieke soos 'n uitstalling is ook 'n effektiewe wyse om abstrakte sake meer konkreet en visueel voor te stel. Hierdie is 'n korttermyn projek wat groeplede kollektief uitvoer as deel van hulle veldtog. Sodoende kry hulle erkenning vir die suksesvolle uitvoering van 'n taak, asook positiewe terugvoer.

Die werkers sal herhaaldelik gekonfronteer word met die manifestasie van onderdrukkende houdings. Ten einde dit teë te werk moet daar healtyd op die gedepriveerde groeplede se eie

agendas gefokus word. Gebaseer op hierdie erkenning en aanmoediging van die werkers sal die lede op hulleself konsentreer vir kollektiewe mag en sodoende momentum en rede vir hulle bestaan kry.

Lede word verder gehelp om inisiatief te neem deurdat hulle hulle eie besluit na die groep bring, die nodige krag en ondersteuning by medelede vind, asook die nodige vaardighede, kennis en hulpbronne kry om die veldtog uit te voer. Sodoende leer hulle om verantwoordelikheid vir hul eie optrede en besluite te neem. Die groep eerder as die werker neem erkenning vir die sukses. Dit is dus duidelik dat die groeplede wat onderworpe is aan die selfdirektiewe proses bemagtig word daardeur.

3.8.1.5 Fase 5: Die groep neem oor

Die groep is nou in staat om die verband tussen die wat, hoe en waarom in te sien. Hulle aandag word uitgebrei na wyer resultate en grootskaalse veldtogte. Die werkers sal intussen op die agtergrond beweeg en self die groep verlaat. Die groeplede hanteer nie net nou self die groep nie, maar neem beheer van hulle lewens, asook hoe ander hulle waarneem, gevolglik staan hulle dus op hulle regte.

Lede is nou in staat gestel om hul aanvanklike ervaring van persoonlike onvermoë om te skakel na mag en determinasie, deurdat hulle iets rakende die eksterne faktore wat bygedra het tot hulle verdrukking, gedoen het. Groeplede besef nou dat hulle regte het en kan aanspraak maak op meer kontrole oor hulle lewens.

Stap 9: Die groep evalueer wat hulle bereik het

Hierdie fase van bemagtiging word gekenmerk deurdat die groeplede verbande trek tussen hulle ervarings en dit wat hulle bereik het, asook wat volgende aangespreek moet word. Laastens beweeg hulle na oorname van die groep terwyl die werkers na die agtergrond beweeg. Oorname impliseer nie dat ander geëksploiteer word nie, maar dat 'n persoon beheer oor sy eie lewe en eie

belange kry. Deur besluite te neem, word die begeerte gekweek om meer besluite te neem en 'n persoon se vermoëns maksimaal uit te brei.

Soos wat daar deur die fases van die model beweeg word sal die lede meer verantwoordelikheid op hulle neem. Die werker se rol verander dienooreenkomstig. Eers struktureer sy die besluitnemingsproses waarna sy meer ruimte skep en die geleentheid vir groeplede bied om onafhanklik te funksioneer. Die werker moet voortdurend evalueer deur gebruik te maak van dieselfde vrae wat vir bemagtiging benut word, naamlik:

- Watter probleme word deur die groeplede ervaar?
- Waarom bestaan hierdie probleme?
- Hoe kan werkers die lede instaatstel om verandering te bewerkstellig?

Dit is dus duidelik 'n tweerigtingproses waar werkers bereid moet wees om nie meer die middelpunt van belangstelling te wees nie en die beheer aan die groep oor te laat, wanneer hulle meer outonoom en onafhanklik raak. Wanneer die werker later oordeel dat die groep onafhanklik is kan hy/sy finaal onttrek.

Evaluasie geskied van die begin en is nie 'n kenmerk van die termineringsfase nie. Verskeie aspekte moet gesamentlik deur die werker en die groeplede geëvalueer word soos:

- die groep se take en proses,
- die invloed van intervensie op die groeplede, asook
- die rol en optrede van die werkers.

Stap 10: Die groep identifiseer nuwe sake wat aangespreek moet word. Die vraag "wat" word gevra

Stap 11: Die groep neem die verband tussen die verskillende aspekte wat aangespreek is, waar. Die vraag "waarom" word gevra

Stap 12: Die groep besluit op die tipe optrede wat volgende sal geskied. Die vraag "hoe" word gevra

Die effek van die selfdirektiewe groepwerk voorsien verrykende gevolge en verskaf 'n raamwerk vir begrip, ervaring en vaardigheid om die verhoudings en probleme in die samelewing te hanteer. Dit bied 'n geleentheid waar mense idees kan saamvoeg en groei in begrip vir die redes van verdrukking, asook hoe hul kan optree en mekaar kan ondersteun ten einde in die proses bemagtig te word.

Volgens Mullender & Ward (1991:18-19) kan die voorafgaande model nie noodwendig rigied in die praktyk toegepas word nie, maar moet dit eerder as riglyn gesien word, aan die hand waarvan bemagtiging kan plaasvind. Henderson en Thomas (1980:5) sluit hierby aan en meld dat daar verder ook drie voordele in die toepassing van só 'n model is, naamlik deursigtigheid en openlikheid, verdeling van take in betekenisvolle stappe, sowel as die geleentheid om groei en vordering by wyse van reflektoring en herbeplanning te evalueer.

Dit is dus duidelik dat selfdirektiewe optrede, sowel as die kennis en ervaring wat die groeplede opdoen, as basis dien om op 'n sistematiese, strukturele wyse die agteruitgang en verdrukking aan te spreek, ten einde gedepriveerde persone op te hef en te bemagtig.

3.9 SAMEVATTING

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) omskryf bemagtiging as 'n proses waarvolgens persoonlike, interpersoonlike en politiese mag vermeerder word ten einde 'n individu in staat te stel om hulle lewensituasie te verbeter. Die navorser is van mening dat dit egter noodsaaklik is dat die gedepriveerde vrou aktief sal deelneem aan die formulering, implementering en evaluering van intervensiemetodes wat gerig is op die uitbou van hulle maatskaplike funksionering en welstand in die samelewing.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat selfdirektiewe groepwerk die ideale bemagtigingsinstrument is om verandering, groei en ontwikkeling op hierdie verskeie gebiede te bewerkstellig. Hierdie strategie is gebaseer op die kollektiewe mag en betrokkenheid van persone in groepsverband en dra dit by tot die manifestering van interne en eksterne verandering wat lei tot groter kontrole oor die lewensituasie van elke individu in die samelewing.

Rappaport (1986b: 154) verskaf die beste opsomming, deur te meld: “By empowerment I mean that our aim should be to enhance the possibilities for people to control their own lives. If this is our aim, then we will necessarily find ourselves questioning both our public policy and our role relationship to dependent people. We will not be able to settle our public policy that limits us to programs we design, operate or package for social agencies to use on people, because it will require that the form and the meta-communications as well as the content be consistent with empowerment. We will, should we take empowerment seriously, no longer be able to see people as simply children in need or as only citizens with rights, but rather as full human beings who have both rights and needs. We will confront the paradox that even the people most incompetent, in need, and apparently unable to function, require, just as you and I do, more rather than less control over their own lives”.

Selfdirektiewe groepwerk aan die hand van ‘n maatskaplikewerkprogram, is dus die ideale intervensiestrategie waarvolgens gedepriweerde vroue wat maatskaplik wanfunksioneer, bemagtig word en in staat gestel word om die kontrole oor hulle eie lewens te verbeter.

Die navorser sal vervolgens ‘n maatskaplikewerkprogram wat ontwikkel is aan die hand van die selfdirektiewe groepwerkmodel, bespreek. Groepwerk as intervensiestrategie kan gedepriweerde vroue bemagtig indien hulle by só ‘n maatskaplikewerkprogram betrokke sou raak.

HOOFSTUK 4

'n PRAKTIESE EN FUNKSIONELE MAATSKAPLIKEWERK-PROGRAM VIR DIE BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

4.1 INLEIDING

Bemagtiging is 'n proses van toenemende persoonlike en interpersoonlike mag wat 'n individu instaatstel om sy of haar lewensituasie te verbeter. In die voorafgaande hoofstukke is klem gelê op aspekte van die maatskaplike funksionering van die gedepriweerde vrou wat haar magteloos laat, sodat sy nie in staat is om wel haar situasie te verbeter nie. In hierdie hoofstuk sal 'n praktiese en funksionele program bespreek word wat deur middel van selfdirektiewe groepwerk as strategie, die gedepriweerde vrou in staat sal stel om bemagtig te word.

Die navorser het van ontwikkelingsnavorsing gebruik gemaak deurdat 'n tegniese instrument of produk, naamlik die maatskaplikewerkprogram, ontwikkel is met bemagtiging as doelwit. Die verkennende ontwerp het verder van die navorser vereis om 'n deeglike literatuurstudie te onderneem met die klem op die identifisering van spesifieke aspekte van maatskaplike funksionering, bemagtiging en selfdirektiewe groepwerk as intervensiestrategie. Die maatskaplikewerkprogram het derhalwe as grondslag, die gegewens en inligting wat uit hierdie verkennende literatuurstudie na vore gekom het.

Die implementering van hierdie program in groepsverband, kan gedepriweerde vrouens instaatstel om meer kontrole oor hulle lewe te verkry. Dit sal weer daartoe lei dat hulle hul eie vaardighede en vermoëns, wat essensieel is vir effektiewe en doeltreffende funksionering in die gemeenskap, kan ontwikkel.

Mathis en Richan (1986: 2-5) sluit hierby aan en meld dat indien die gedepriveerde vrou spesifieke vaardighede aanleer, dit hulle in staat sal stel om hulpbronne te ontwikkel om meer effektief te kan funksioneer. Die skrywers beklemtoon verder dat dit noodsaaklik is dat daar gefokus word op lewensvaardighede soos probleemoplossing, ouer- en vriendskapsverhoudings, werksomstandighede en interpersoonlike vaardighede soos selfhandhawing en lewensmotivering.

Bemagtiging behels verder ook dat vaardighede aangeleer en verbeter kan word, soos 'n persoon ontwikkel en aanpas by die uitdagings in die samelewing. Dit is dus noodsaaklik om die gedepriveerde vrou op elke vlak in die lewe, naamlik fisies, emosioneel, spiritueel, intellektueel en sosiaal te bemagtig, indien daar 'n samelewing tot stand kan kom wat bestaan uit geestelik gesonde en gebalanseerde individue wat kan bydra tot 'n effektiewe en sterk gemeenskap (Brownell, Craig, De Haas, Harris & Ntshangase, 1996:1).

'n Kort oorsig sal vervolgens oor programskrywing gegee word, waarna die voorgestelde maatskaplikewerkprogram funksioneel en prakties uiteengesit sal word, ten einde bemagtiging by die gedepriveerde vrou te bewerkstellig.

4.2 PROGRAMSKRYWING

4.2.1 DIE ONDERDELE VAN PROGRAMSKRYWING

Effektiewe maatskaplikewerkprogramme vereis deeglike beplanning, organisering, evaluering en verantwoordbare leierskap, aldus Lewis & Lewis (1989:245). Dit behels verder dat die program so ontwikkel word dat die verlangde resultaat bereik kan word, deurdat die persone en die hulpbronne op so 'n wyse georganiseer word dat uitvoering en evaluering kan plaasvind.

Die maatskaplike werker speel 'n belangrike rol in die kontrole oor die rigting waarin die program beweeg. Lewis en Lewis (1983: 2) beweer: "Like other human service workers, they are forced to choose either to participate actively in the administration of their own programs or to leave leadership in the hands of others who may have little understanding of the helping process. Many

are being forced to manage their programs or lose them altogether”. Dit is dus duidelik dat die bestuur van so ‘n program baie uitdagend is en dat die doel nooit uit die oog verloor kan word nie.

4.2.1.1 *Behoeft assessering*

Die bemagtigingsprogram word ontwerp om aan die behoeftes van ‘n gedepriveerde vrou te kan voldoen. Dit is dus noodsaaklik volgens Lewis en Lewis (1989:246) dat die doel van elke tema of sessie in die program gebaseer sal wees op ‘n deeglike behoeft assessering wat vooraf uitgevoer is. Volgens Lewis & Lewis (1989:246) kan daar op die volgende aspekte vir behoeft assessering gelet word:

- probleme wat ondervind word deur die gedepriveerde vrou
- watter beskikbare hulpbronne die probleme kan aanspreek
- hoe gemotiveerd die gedepriveerde vrou is om aan haar situasie te werk
- prioritisering van behoeftes en probleme

Die navorser het die behoeftes van die gedepriveerde vrou in diepte bestudeer. Hoofstuk 2 vervat ‘n uiteensetting van die kenmerke en behoeftes wat gedepriveerde vroue in hulle alledaagse lewenswandel ondervind. Die voorgestelde bemagtigingsprogram is gebaseer op die aspekte van maatskaplike wanfunksionering wat deur die navorser geïdentifiseer is tydens die literatuurstudie.

4.2.1.2 *Doelstelling*

Na afloop van die assessering kan doelwitte vir die beplande program geformuleer word, aangesien dit bepalend is vir die tipe diens wat gelewer gaan word. Effektiewe dienslewering en bemagtiging hang dus af van duidelik, geklarifiseerde en bereikbare doelwitte wat gesamentlik vasgestel is deur die diensverskaffer en die verbruiker.

Die doelwitte moet aan die volgende vereistes voldoen:

- gerig op die verlangde resultaat
- meetbaar
- realisties
- aanvaarbaar vir alle persone wat geaffekteer word deur die sukses of mislukking van die program.

Die verlangde resultaat is dus die basis vir alle besluite aangaande die tipe diens wat gelewer word (Lewis & Lewis, 1989:248).

4.2.1.3 *Besluitneming*

Na die vasstelling van die doelwitte moet daar oorgegaan word na besluitneming oor die tipe intervensietemas in die program. Die volgende vrae is 'n betekenisvolle riglyn, aldus Lewis en Lewis (1989:249):

- Pas die intervensietema by die doel?
- Watter hulpmiddels is beskikbaar om hierdie intervensietema uit te voer?
- Sal die gedepreiveerde vrou geïnteresseerd wees in die tipe intervensietema?
- Oortref die potensiële voordele van die program die beraamde koste daaraan verbonde?
- Hoe kan die effektiwiteit van die intervensie gemeet word?

Sodra die intervensietemas geselekteer is, word 'n plan van implementering en evaluering ontwikkel.

4.2.1.4 *Implementering*

Implementering behels dat daar vir elke intervensietema sekere aktiwiteite uitgevoer word om die program in beweging te bring. Young (1978:16) meld dat die volgende vrae gestel kan word:

- Watter aktiwiteite word benodig ten einde die geselekteerde intervensietemas te implementeer?
- Wie is verantwoordelik vir die uitvoering van die aktiwiteite?
- Wat is die tydspan vir elke aktiwiteit?
- Watter hulpmiddels is noodsaaklik om elke aktiwiteit uit te voer?

4.2.1.5 *Evaluering*

Metodes van evaluasie word ontwerp, sodat aanpassings of verbeterings aangebring kan word, verantwoording oor dienslewering kan plaasvind en om die steun van die gemeenskap te verkry. Programmevaluasie behels beide proses en resultaat, dit wil sê, die proses behels of die aktiwiteite uitgevoer word volgens plan. Die resultaat assesser of die aktiwiteite die verwagte impak op die gedepriveerde vrou gehad het (Lewis & Lewis 1989:258).

4.2.2 VEREISTES VIR 'N SUKSESVOLLE PROGRAM

'n Suksesvolle program is gerig op relevante probleme en behoeftes wat gedepriveerde vroue ondervind en die hulpbronne tot hulle beskikking, om hierdie probleme te kan hanteer. Die volgende riglyne moet volgens Lewis en Lewis (1989:84) in ag geneem word by die ontwerp van 'n program, naamlik:

- Benut enige ondersteuningstelsel tot beskikking van die gedepriveerde vrou wat kan dien as rolmodel vir suksesvolle maatskaplike funksionering.
- Bied geleentheid aan die gedepriveerde vrou om haarself en ander te help. Verskaf inligting aan die gedepriveerde vrou oor die aard van die intervensieprogram waarby sy betrokke gaan wees.
- Staan die gedepriveerde vrou by in die ontwikkeling van vaardighede wat benodig mag word vir verskillende situasies.
- Benut metodes in die program wat die gedepriveerde vrou se kontrole oor haar lewe verbeter.

Hierdie riglyne help die gedepriveerde vrou om selfvertroue op te bou, kontrole te herwin en te leer om probleme meer effektief te hanteer.

Soos reeds vermeld, is daar na afloop van die literatuurstudie oor die gedepriveerde vrou 'n bemagtigingsprogram opgestel waarvolgens aspekte van haar maatskaplike wanfunksionering aangespreek kan word. Hoofstukke 2 en 3 dien dus as teoretiese basis vir die bemagtigingsprogram soos vervat in hoofstuk 4. Die program is dus saamgestel deur te let op beginsels, vereistes en vaardighede van bemagtiging, asook die selfdirektiewe groepwerkmodel soos bespreek in hoofstuk 3. Die geïdentifiseerde temas is na aanleiding van hoofstuk 2, gegrond op die programonderdele. Verskeie kundiges soos ekonome, dieëtkundiges, klinieksusters en die polisie is genader en bronne is benut ten einde 'n unieke program te ontwikkel.

Vervolgens sal daar gekyk word na die skematiese uiteensetting van die maatskaplikewerkprogram waarna die program in meer detail sal volg.



4.2.3 DIE FORMAAT VAN DIE MAATSKAPLIKWERKPROGRAM TER BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU WAT MAATSKAPLIK WANFUNKSIONEER

Skematiese uiteensetting: Maatskaplikewerkprogram

Afdeling A: Lewensvaardighede vir effektiewe maatskaplike funksionering

- **Tema 1: Inkomste en finansies**
 - Sessie 1: Geldbronne om in behoeftes te voorsien
 - Sessie 2: Beplanning en opstel van begroting
 - Sessie 3: Veilige bewaring van geld
 - Sessie 3: Riglyne vir 'n goeie verbruiker

- **Tema 2: Werksomstandighede**
 - Sessie 1: Behuising
 - Sessie 2: Sanitasie
 - Sessie 3: Gesondheidsorg
 - Sessie 4: Voedsel en voeding
 - Sessie 5: Persoonlike versorging

- **Tema 3: Verhoudings**
 - Sessie 1: Die huweliksverhouding
 - Sessie 2: Die gesinsverhouding
 - Sessie 3: Vriendskapsverhouding

- **Tema 4: Seksuele oriëntasie**
 - Sessie 1: Gesinsbeplanning en kontrasepsie
 - Sessie 2: Ongewenste swangerskappe en aborsie
 - Sessie 3: Hantering van seksuele mishandeling en Verkragting

Afdeling B: Interpersoonlike vaardighede vir effektiewe maatskaplike funksionering

- **Tema 1: Die self**

Sessie 1: Die selfbeeld en selfvertroue

Sessie 2: Selfhandhawing

- **Tema 2: Konflikhantering**

Sessie 1: Probleemoplossing

Sessie 2: Besluitneming

Sessie 3: Style en effektiewe konflikhantering

- **Tema 3: Lewensbeskouing en toekomspektief**

Sessie 1: Die gesinsatmosfeer

Sessie 2: Waardes

Sessie 3: Lewensmotief

4.3 'N MAATSKAPLIKEWERKPROGRAM VIR DIE BEMAGTIGING VAN DIE GEDEPRIVEERDE VROU

Die program wat vervolgens voorgestel en bespreek gaan word, is geskryf vir implementering met die gedepriveerde vrou op 'n vlak wat vir haar verstaanbaar sal wees. Die navorser het verskeie bestaande programme soos VRU, Life Skills (1996); Training for Transformation (1992), Helping Health Workers Learn; Tiener in die kol (1990) en die Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit (1993) as 'n basiese vertrekpunt benut ten einde 'n relevante maatskaplikewerkprogram ontwikkel.

Die voorgestelde maatskaplikewerkprogram is gebaseer op spesifieke aspekte van maatskaplike funksionering wat deur die navorser geselekteer is nadat relevante literatuur verken en bestudeer is. Hierdie aspekte is gespesifiseer as temas en ingedeel in twee hoofafdelings, naamlik

lewensvaardighede en interpersoonlikevaardighede. Die temas kan in die beskermende opset van selfdirektiewe groepwerkbyeenkomste aangebied word ten einde bemagtiging by die gedepriveerde vrou te bewerkstellig.

4.3.1 AFDELING A: LEWENVAARDIGHEDE VIR EFFEKTIEWE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

Aspekte van lewensvaardighede bestaan uit 4 temas, naamlik

4.3.1.1 Tema 1: inkomste en finansies

- **Inleiding**

In Hoofstuk Twee is daar reeds vermeld dat die gedepriveerde vrou se inkomste onstabiel en baie laag is, wat veroorsaak dat hulle 'n uitsiglose en magtelose bestaan voer en selde in die behoeftes van hulle kinders en gesin kan voorsien. Verder bestaan daar ook dikwels 'n onvermoë om finansies te bestuur en 'n begroting uit te werk, wat weer lei tot buitensporige skuld.

- **Struktuur**

Onder hierdie tema is daar 'n struktuur wat tydens vier sessies behandel word, naamlik geldbronne om in behoeftes te voorsien, beplanning en opstel van 'n begroting, veilige bewaring van geld en riglyne vir 'n goeie verbruiker.

SESSIE 1: GELDBRONNE OM IN BEHOEFTE TE VOORSIEN

- **Inleiding en agtergrond**

Brownell, et al. (1996:29) meld dat elke persoon volgens Maslow se Hiërargie van Behoeftes vyf kategorieë van behoeftes het wat vervolgens uiteengesit word.

'n Gedepriveerde vrou se gedrag word hoofsaaklik beïnvloed deur die strewe daarna om hierdie behoeftes te bevredig. Die eerste behoeftes wat bevredig moet word ten einde te kan voortbestaan, is die fisiologiese of basiese behoeftes. Nadat dit bevredig is word die behoefte aan sekuriteit belangrik wat op 'n fisiese en emosionele vlak deur die gesin en vriende voorsien word. 'n Vrou sal slegs werk om die behoeftes hoër op in die hiërargie te bevredig indien die basiese behoeftes reeds aangespreek is.

Aandag word verleen aan metodes om geld te bekom om in hierdie behoeftes te kan voorsien. Geld word slegs as hulpmiddel in die proses van selfhelp gesien. Dit stel die gedepriveerde vrou in staat om effektief te funksioneer in die gemeenskap.

- **Doel**

Die doel hiervan is dus om inligting te verskaf aangaande metodes vir die verkryging van geld om in basiese behoeftes te voorsien.

- **Die tydskedule**

Inligtingbespreking	10 minute
Vraelys	10 minute
Leerinhoud en dinkskrum	20 minute
Samevatting.	5 minute
Evaluering	5 minute
Totaal	40 minute


- **Apparaat en hulpmiddels**

- transparante
- vraelys

- **Voorgestelde aktiwiteite**

Dit is 'n kort inleiding oor die aspek van basiese behoeftes en hoe geld bekom kan word om in die behoeftes te voorsien.

Transparant 1: Maslow's hiërargie van behoeftes




Tabel 10: Finansiële vraelys

Lees elke vraag noukerig deur en merk al die toepaslikes met 'n kruisie.

1. Het u genoeg geld om van te leef?	Ja	Nee	Onseker
2. Het u as huisvrou enige ander inkomste?	Ja	Nee	Onseker
3. Leef u gemakliker as twee jaar gelede?	Ja	Nee	Onseker
4. Ervaar u spanning in u huishouding as gevolg van geldelike nood?	Ja	Nee	Onseker

Bespreking en dinkskrum van leerinhoud oor basiese behoeftes en metodes om geld te bekom ten einde in die behoeftes te voorsien (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993:165).

Transparant 2: Basiese behoeftes – Voedsel



Transpirant 3: Basiese behoeftes – Behuising




Transpirant 4: Basiese behoeftes – klere



- Leerinhoud:


‘n Gesin se basiese behoeftes is voedsel, ‘n woning en klere. ‘n Persoon kan kos, klere en ‘n huis op twee maniere verkry, naamlik deur eerstens self te werk soos om groente te plant en vee aan te hou vir vleis, melk en eiers.

Transparant 4: Vee aanhou




- om 'n huis self te bou van klip of klei,
- en om self klere uit wol en materiaal te maak.

Transparant 5: Klere maak



Tweedens kan 'n persoon geld betaal ten einde kos, 'n huis en klere aan te koop.

Transparant 6: Betaal geld



As 'n vrou haar energie en tyd gebruik om te werk, kan sy geld daarvoor verdien. 'n Vrou kan geld maak deur:

- Iets by die huis te maak en te verkoop soos om brood of koekies te bak en klere of speelgoed te maak.

Transparant 7: Die maak van speelgoed



- As 'n vrou iets het waarvan sy baie by die huis het, soos vrugte en groente of vleis, melk en eiers kan dit verkoop word vir 'n inkomste.

Transparant 8: Verkoop eiers, melk of tuisgebak



- 'n Vrou kan vir iemand anders werk.

Transparant 9: Werk



- **Samevatting**

As 'n vrou hard werk en haar beste lewer kan sy meer geld verdien. As sy egter ook goed opgelei is, sal sy 'n beter werk kan bekom en kwaliteit diens lewer, wat weer lei tot meer geld wat verdien word.

- **Evaluering**


Maatskaplike werker neem groeplede se reaksie waar en evalueer hulle insette om te bepaal hoe gemotiveerd hulle is om hulle situasie te verbeter.

SESSIE 2: BEPLANNING EN OPSTEL VAN 'N BEGROTING

- **Inleiding en agtergrond**

Ter inleiding en agtergrond kan genoem word dat sommige mense baie geld het en kan baie dinge koop, ander het min geld en moet baie versigtig met hulle geld werk. Elke vrou moet egter leer om spaarsamig en reg met geld te werk, dit wil sê, hoe om te beplan ('n begroting op te stel) sodat sy kan betaal vir die dinge wat haar gesin nodig het, soos kos, 'n huis en klere.

Transparant 11: Begroting



'n Vrou moet vasstel:

- wat haar gesin nodig het en hoeveel dit sal kos, soos voedsel, 'n blyplek en klere.
- hoeveel geld tot haar beskikking is en

- hoe sy die geld op die beste manier moet gebruik. 'n Persoon kan dus nie meer geld uitgee as wat sy het nie (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993:167).

Die doel hiervan is om die gedepriveerde vrou te help om 'n begroting op te stel en meer beheer uit te oefen oor die besteding van haar en die gesin se finansies. Die tydskedule sal dan soos volg lyk:

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Oefening	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	40 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparante
- Skryfbehoeftes.

- **Die voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die wyse waarop geld korrek gespandeer kan word na vasgestel is wat benodig word en hoeveel geld tot 'n vrou se beskikking is,
- bespreking van die leerinhoud na aanleiding van 'n praktiese, denkbeeldige begroting.

'n Voorbeeld van 'n leerinhoud kan aan die hand volgens 'n denkbeeldige voorbeeld van 'n eenvoudige begroting vir 'n gesin wat R500.00 per maand verdien:

Huis	R150.00
Paraffien/steenkool/elektrisiteit	R 80.00
Kos	R200.00
Klere	R 40.00
Totaal	R470.00

Die gesin het R500 en dit sal R470 kos om vir hulle basiese behoeftes te betaal. Daar is R30 wat oorbly. Die gesin moet nou besluit wat hulle met die ekstra R30 moet doen:

- Moet hulle vir vervoer, soos vir 'n taxi of bus betaal?
- Het hulle dit nodig vir medisyne?
- Wat van die kinders se skoolgeld?
- Moet hulle 'n bed of tafel koop?
- Of moet hulle dit bêre en spaar?

Groepede ervaar die oefening deur 'n eie begroting vir hulle huishouding op te stel met die hulp en inset van die maatskaplike werker.

• Samevatting

Elke gesin se begroting sal anders wees, omdat elke gesin ander behoeftes het. Hoe meer geld verdien word, hoe meer behoeftes sal by die begroting ingesluit moet word, soos belastinggeld, nooduitgawes, ontspanning, vervoer en pensioengeld. Die begroting word met die hele gesin bespreek sodat elke lid van die gesin die waarde van geld kan aanleer en verstaan. Die gesin moet ook bewus gemaak word van besparing in hulle daaglikse lewe, soos om ligte wat onnodig brand af te skakel, krane styf toe te draai, of om besittings soos boeke en klere nie te verniel of weg te laat raak nie.

- **Evaluering**

Groeplede se vermoë om 'n begroting op te stel word geëvalueer. Groeplede word gevra om dit vir die volgende maand toe te pas en terugvoer te gee oor probleme wat ondervind is asook positiewe aspekte wat daaruit voortvloei het. Sodoende kan bepaal word of inligting geïntegreer is.

SESSIE 3: VEILIGE BEWARING VAN GELD

- **Inleiding en agtergrond**

Dit is noodsaaklik dat geld wat die gesin bekom, nie summier gespandeer word op onnodige luukshede nie, maar dat dit veilig bewaar word vir die aankoop van noodsaaklike benodighede. Enige ekstra geld kan gespaar word sodat 'n neseier beskikbaar is, indien daar 'n krisis ontstaan en die gesin geld nodig het.

Geld wat rondlê word gesteel of op onnodighede gespandeer. Indien 'n gesin nie verseker het dat geld op 'n veilige plek bewaar word nie, kan krisisse ontstaan as die gesin se inkomste verdwyn. Die gesin kan slegs effektief funksioneer as hulle self volle beheer oor hulle finansies het.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om ekstra geld veilig te bewaar en te spaar vir toekomstige benutting. Die tydskedule wat toegepas kan word, kan lyk soos die volgende:

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Rollespel	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	40 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Beampte of klerk van 'n bank,
- transparant en
- voorbeeld van bankkaart, depositostrokies en rekeningstaat.

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor veilige bewaring van geld en die noodsaaklikheid van spaar.
- Bespreking van leerinhoud oor metodes vir veilige bewaring van geld en hoe daar te werk gegaan word om 'n bankrekening oop te maak.

- **Leerinhoud:**

Metodes om geld veilig te bewaar:

- Moenie geld in die huis bêre of laat rondlê nie, dit kan gesteel word.
- Plaas geld in die bank vir veilige bewaring in 'n lopende of 'n spaarrekening.

Transparant 11: Die bank



- As 'n persoon geld nodig het kan dit uit die bank onttrek word. Moet egter nie meer geld trek as wat benodig word nie.
- Terwyl 'n persoon se geld by die bank is, sal dit " meer word, "omdat die bank rente op die geld betaal. Hoe langer en hoe meer geld 'n persoon in die bank het, hoe meer rente sal sy daarop kry (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993:170).

Opening van 'n bankrekening

Tydens die groepwerkbyeenkoms is dit ook moontlik om 'n beampte of klerk van 'n bank te kry ten einde aan die gedepriveerde vrouens, prakties te verduidelik hoe daar te werk gegaan word om 'n rekening by 'n bank oop te maak, geld in die rekening te deponeer, asook hoe die ATM masjien werk.

Rollespel deur groeplede waar die volgende situasies uitgebeeld word, naamlik:

- 'n Vrou kla by haar vriendinne dat haar geld vir die huishouding, wat sy altyd in 'n glasbottel in die kombuis bêre, verdwyn het. Die res van die groep gee raad oor hoe sy in die toekoms haar geld veilig kan bewaar.
- 'n Vrou wil 'n rekening by die bank oopmaak en weet nie hoe om te werk te gaan nie.

- **Samevatting**

Beter beheer en sekuriteit oor finansies kan verkry word deur geld in 'n rekening by die bank te bewaar en te spaar vir benodighede, wat moontlik in die toekoms kan opduik. Die gedepriveerde vrou moet gelei word tot die besef dat sy nie net van dag tot dag kan leef en elke sent onmiddellik moet spandeer nie, maar dat sy aan die toekoms moet dink en daarvoor voorsiening moet maak.

- **Evaluering**

Waarneming en evaluering tydens rollespel om te bepaal of groeplede hierdie faset geïnkorporeer het ten einde meer effektief te kan funksioneer.

SESSIE 4: RIGLYNE VIR 'N GOEIE VERBRUIKER

- **Inleiding en agtergrond**

'n Goeie verbruiker is 'n persoon wat haar geld so uitgee of spandeer dat sy die beste waarde vir haar geld kry. Dit is dus noodsaaklik dat sy moet weet waar sy moet koop en hoe sy moet betaal.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om die beste waarde vir haar geld te kry deur te besluit watter metode van betaling die beste in haar omstandighede is.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Rollespel	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	40 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparante

- **Voorgestelde aktiwiteite**


- 'n Kort inleiding oor hoe om die beste waarde vir geld te kry.
- Bespreking van leerinhoud oor verskillende maniere van betaling

- **Leerinhoud**

Daar is twee verskillende maniere om te koop en te betaal:

- Kontant wat die beste, veiligste en goedkoopste manier is om te betaal en die moontlikheid inhou om soms afslag te kry.

Transparant 12: Kontant



- Koop op krediet.

Transparant 13: Kredietkaart



Daar is drie metodes om op krediet te koop, naamlik:

- Op rekening, waar daar aan die einde van die maand 'n rekening ontvang word vir alles wat by die winkel daardie maand gekoop is.
- 'n Persoon kan ook iets in paaiemente koop, dit wil sê sy betaal 'n sekere bedrag elke maand (gewoonlik 6 of 12 maande) totdat die volle bedrag betaal is.
- Laastens kan 'n persoon bêrekoop, waar sy 'n deposito betaal en die winkel die goedere hou tot sy klaar betaal het.

Om op krediet te koop is egter duur en soms gebeur dit dat 'n persoon nie verder vir die goedere kan betaal nie. Probeer eerder 'n reëling met die bestuurder van die winkel tref as om net op te hou betaal. Dit is ook beter om by groot winkels aan te koop, omdat hulle 'n groter verskeidenheid het om van te kies en gewoonlik goedkoper is. Dit is egter belangrik om te onthou dat voor enige iets gekoop word, daar eers gevra word of dit werklik nodig is.

Transparant 14: Verkwisting van geld



Rollespel word deur die groeplede uitgevoer ten opsigte van die drie metodes om op krediet te koop, naamlik:

- 'n Vrou koop op rekening medisyne vir haar siek kind.
- 'n Vrou koop 'n yskas in paaiemente.
- 'n Vrou koop klere by wyse van bêrekoop.

• **Samevatting**

'n Vrou kan benodighede aankoop deur kontant te betaal of om op krediet te koop. Kontant is die goedkoopste metode, maar as 'n vrou nie genoeg spaargeld tot haar beskikking het nie en groot benodighede soos 'n yskas moet aangekoop word, kan dit by wyse van die drie metodes van krediet gekoop word. Daar moet vooraf bepaal word of die benodighede werklik noodsaaklik is, voordat skuld aangegaan word.

• **Evaluering**

Waarneming en evaluering van rollespel om vas te stel of groeplede kennis geïntegreer het oor die verskille wyses waarop benodighede aangekoop kan word.

4.3.1.2 *Tema 2: werksomstandighede*

- **Inleiding**

Die gedepriveerde vrou vervul meestal die rol van huisvrou, of werk weg van haar eie huis in 'n soortgelyke opset of milieu. Die hulpmiddels en tegnieke wat in hierdie deel van die program bespreek word sal dus klem lê op haar take en rol in hierdie verband. Daar sal dus vervolgens aandag gegee word aan metodes om haar funksionering in die huis meer toereikend te maak, sodat sy effektief kan funksioneer. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat die gedepriveerde vrou opgelei en bemaagtig moet word om 'n beroep of 'n werk te beoefen, sodat sy 'n eie inkomste kan genereer en 'n voorbeeld vir ander kan wees nie. Sodoende kan die vrou 'n positiewe bydrae lewer om haar en haar gesin se omstandighede te verbeter en hulle behoeftes na wense te bevredig.

Soos reeds vermeld is die huisvrou die middelpunt waarom die hele gesin draai (Gama, 1984:9-10). Die gedepriveerde vrou kan egter weens haar natuurlike agterstand en ontoereikende funksionering nie haar take en rolle effektief vervul nie. Die program poog om die vrou in staat te stel om die huis in 'n tuiste te omskep vir haar gesin, sodat elkeen veilig sal voel en goed versorg sal wees.

- **Struktuur**

Daar is vyf onderafdelings van hierdie tema, naamlik:

- Behuising
- Sanitasie
- Gesondheidsorg
- Voedsel en voeding
- Persoonlike versorging

SESSIE 1: BEHUISING

- **Inleiding en agtergrond**

'n Huis is die plek waar die lede van die gesin saamwoon en wat beskerming bied teen die aanslae van die natuur en die samelewing. 'n Huis is egter meer as net mure en 'n dak, dit is die middelpunt van 'n gesonde gesinslewe. Daarom word 'n huis slegs 'n tuiste wanneer dit 'n plek is waar elke gesinslid sorg en liefde ontvang, tuis en veilig voel en kan ontwikkel.

- **Doel**

Om insig by die gedepriveerde vrou te wek oor die funksie van haar huis en haar te help om dit in 'n tuiste te omskep.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	15 minute
Bou skaalhuis	20 minute
Rollespel	15 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60
minute	

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparante
- Skaalontwerpte huis: klei, verf, wol, gom, krale, knope en karton.

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die waarde van 'n huis vir gesinslede en hoe dit in 'n tuiste omskep kan word.
- Bespreking van leerinhoud aangaande die voorkoms en funksie van 'n huis, sowel as die pligte van 'n huisbewoner, aldus Die Vroue Reik Uit Stigting: Program 10 (1993:105-111).

- **Leerinhoud**

- Hoe lyk 'n huis.

'n Huis bestaan uit mure, 'n dak, 'n vloer, vensters en deure, ongeag die verskillende kulture waaraan verskillende mense behoort. Boumateriaal verskil egter, naamlik:

- bakstene
- sinkplate
- klei
- takke
- of ander materiaal

Die huis moet egter op 'n veilige plek staan om gevaar te voorkom. Daar moet nie naby 'n droë rivierloop of op die wal gebou word nie, aangesien daar oorstromings kan wees. Onstabiele grond kan ook veroorsaak dat die huis ineenstort.

Transparant 15: 'n Huis



Funksie van 'n huis

Die funksie van 'n huis is eerstens om vir die gesin skuiling te bied teen reën, wind, son en koue.

Transparant 16: Skuiling




Tweedens bied dit beskerming teen siektes indien daar genoeg vars lug en lig is, asook skoon en vars water en goeie en veilige sanitasie. Verder moet voedsel veilig gebêre en voorberei kan word en moet die gesinslede 'n goeie nagrus kan geniet.

Transparant 17: Siektes



Derdens moet 'n huis sekuriteit en veiligheid bied omdat lede hulle besittings veilig daar wil bêre en hulle self teen kwaaddoeners wil beskerm.

Transparant 18: Sekuriteit



Laastens moet 'n huis 'n plek wees waar die gesin gelukkig kan saamwees, dit wil sê hulle moet saam kan ontspan en gesellig met ander lede en vriende kan kuier. Hulle moet daar kan werk en rus en soms ook alleen en privaat kan verkeer.

Indien die vrou haar huis so gerieflik as moontlik inrig, sal dit haar take tuis vergemaklik. Deel die huis op in 'n werk- slaap en woonplek en sorg dat dit veilig en skoon is en dat daar genoeg lug en lig is. Dit sal daartoe bydra dat gesinslede graag tuis wil wees en nie siektes opdoen nie.

Die pligte van 'n huisbewoner behels dat die paaieiment of huur elke maand betaal word.

Transparant 19: Huur betaal



Die huis en erf moet verder netjies gehou word deur die rommel op te ruim.

Transparant 20: Rommel verwyder



Verder moet die huis en erf instand gehou word en kan selfs verbeter word deur byvoorbeeld tuin te maak, asook om mure te verf en lekkende dakke en stukkende vensters heel te maak.

Transparant 21: Tuin maak



- Groeplede kry die geleentheid om 'n skaalgrote huisie te bou uit verskillende materiale wat beskikbaar gestel word.
- Groeplede kan 'n rolspel uitvoer ten opsigte van die funksie van 'n huis, asook die pligte van 'n huisbewoner, naamlik:
- n Gedramatiseerde opvoering oor 'n huis wat skuiling, beskerming teen siektes, veiligheid en sekuriteit bied.
- 'n Vrou demonstreer die korrekte pligte van 'n huiseienaar of bewoner.

● **Samevatting**

Enige soort en vorm huis bied skuiling en beskerming aan die gesinslede. 'n Huis se vorm of groote bepaal dus nie of dit 'n tuiste is nie, maar dit hang van die inwoners af om die huis in 'n tuiste te omskep vir alle lede van die gesin.

- **Evaluering**

Waarneming van rolspel asook die betrokkenheid en deelname aan die bou van die skaalgrote huisie, ten einde vas te stel of die gedepriveerde vrou haar huis in 'n tuiste sal kan omskep vir haar gesinslede.

SESSIE 2: SANITASIE

- **Inleiding en agtergrond**

Goeie sanitasie is die sleutel tot gesondheid. Elke huis het afvalprodukte soos huisvuillis, vuil en gebruikte water, asook menslike ontlasting (riool) wat op 'n gesonde en veilige manier verwyder moet word ten einde siektes te voorkom.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou te leer dat goeie sanitasie die sleutel tot gesondheid is.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Oefening: Suiwering van drinkwater	10 minute
Oefening: Skaalhuisie	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	50 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparant

- Vuil water, emmer, skoon doek, kastrol en ontsmettingsmiddel
- Skaalhuis

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor sanitasie en die effek op gesondheid.
- Bespreking van leerinhoud oor wyses waarop daar ontslae geraak word van afvalprodukte en hoe vuil water gesuiwer kan word (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993: 3).

- **Leerinhoud:**

- Versorging van huisvuillis.

Huisvuillis soos skille, papiere, blikke en plastiekhouders moet in 'n houer gegooi word, totdat dit verwyder word of kan versorg word deur dit in drie groepe te verdeel:


- Skille en doppe kan in kompos omskep word en in die tuin gebruik word.
- Papier, kartonne en koerante kan verbrand word of versamel word vir hersirkulering.
- Blikke, bottels en plastiek kan verkoop of begrawe word.

Transparant 22: Asblik sakke



Vuil en gebruikte water sowel as menslike ontlasting word deur 'n rioolstelsel na 'n rioolplaas weggevoer en gesuiwer. Indien die stelsel nie beskikbaar is nie moet vuil water in die tuin op plante gegooi word. Indien 'n spoeltoilet nie beskikbaar is nie kan 'n ander soos 'n emmer of puttoilet gebruik word. Toilette moet gereeld skoongemaak word ten einde die gesondheid van gesinslede te verseker.

Transparant 23: Toilet



Nie alle water is veilig om te drink nie en word dan besmette water genoem, wat kieme bevat wat baie sleg is vir mense se gesondheid. 'n Persoon moet altyd seker maak dat hulle skoon, vars en veilige water gebruik. Vereistes vir vars veilige drinkwater is die volgende:

- dit moet geen skadelike kieme hê nie,
- helder, deurskynend en skoon wees,
- geen vreemde reuk en smaak hê nie,
- nie te veel chemiese stowwe en chloor bevat nie en
- altyd in skoon houers gestoor word.

Om water veilig te maak moet die volgende drie stappe gevolg word, naamlik:

Stap 1:

Laat staan die water in 'n groot houer sodat modder en growwe deeltjies kan afsak

Stap 2:

Filtreer die water deur dit stadig deur 'n skoon doek in 'n ander emmer te gooi.

Stap 3:

Maak die kieme in die water dood deur die water te kook vir 5 – 10 minute of om ontsmettingsmiddel volgens die aanwysings by te gooi.

- Groeplede voer die oefening van watersuiwering uit.

- Na afloop van die groepbespreking oor sanitasie kan die gedepriveerde vrouens die skaal-ontwerpte huisie, wat hulle tydens die vorige sessie gebou het, benut vir die oefening. Ooglopende "foute" ten opsigte van sanitasie, word aangebring deur die maatskaplike werker, waarna die groeplede die geleentheid kry om die veranderinge aan te bring waarvan hulle pas geleer het. Daarna word daar gevra dat hulle dit tuis sal gaan toepas en terug rapporteer aan die groep.

- **Samevatting**

Afvalprodukte moet op die korrekte wyse versorg en verwyder word ten einde siekte soos cholera, maagkoors, diarree en voedselvergiftiging te voorkom. Daar is verder ook min water in die Suid Afrika en mense moet leer om water te bespaar en te beskerm.

- **Evaluering**

Stel vas of groeplede leerinhoud kan toepas deur waarneming van watersuiwering oefening en terugvoer oor implementering van veilige sanitasie tuis.


SESSIE 3: GESONDHEIDSORG

- **Inleiding en agtergrond**

Gesondheid beteken die afwesigheid van siekte asook 'n gevoel van welsyn, geluk en handhawing van 'n hoë kwaliteit lewe. 'n Gesonde persoon het:

- blink gesonde hare,
- helder, glinsterende oë,
- 'n gloeiende gladde vel,
- sterk tande,
- en is nie oorgewig of te maer nie.

Transparant 24: Gesondheid



- **Doel**

Om insig by die groeplede te wek dat hulle gesondheid kosbaar is en dat hulle self verantwoordelik is om dit te handhaaf.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	30 minute
Samevatting	3 minute
Gevolgtrekking	2 minute
Totaal	40 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Inligtingstukke
- Klinieksuster

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die waarde van gesondheid.
- Bespreking van leerinhoud, aangaande goeie gesondheid.

- **Leerinhoud:**

'n Klinieksuster kan tydens die groepwerkbyeenkoms inligting verskaf oor gesinsbeplanning, immuniserings, gesonde eetgewoontes, asook primêre gesondheidsorg en die behandeling van siektes. Die groeplede kry die geleentheid om vrae te vra. Dit is verder ook belangrik dat die vrouens moet weet hoe om in aanraking te kom met die plaaslike kliniek in hulle verskeie omgewings. Die volgende kaartjies kan vir die doeleindes verskaf word:



Naam:	
Adres:	
Tel No:	
Afspraaktyd:	

Inligtingstukke rakende veilige metodes van kontrasepsie, immunisering van kinders, asook seksueel oordraagbare siektes kan uitgedeel en bespreek word.

Inligtingstuk 1: Redes vir gesinsbeplanning (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:10)

VOORDELE VAN BEHEER OOR GESINSBEPLANNING LEI TOT:
Beter gesondheid
Meer energie
Minder bekommernisse oor die toekoms
Meer tyd vir man
Meer tyd en aandag aan kinders
Meer tyd vir werk en stokperdjies
Meer vrede en rustigheid
Meer geld vir noodsaaklikhede
Gesonder en gelukkiger kinders
Beter versorging van gesinslede
Beter opvoeding van kinders
Verhoogde lewenskwaliteit

Inligtingstuk 2: Kinderimmunisering (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:11)

OUDERDOM:	IMMUNISERING:
PASGEBORE BABA	TB
3 maande	Polio, witseerkeel, tetanus, kinkhoes (TB indien nodig)
4 – 5 maande	Polio, witseerkeel, tetanus en kinkhoes
6 maande	Polio, witseerkeel, tetanus en kinkhoes
9 –10 maande	Masels
18 maande	Polio, witseerkeel, tetanus en kinkhoes
5 jaar	Witseerkeel en tetanus
Skoolbeginner	TB
10 jaar	Witseerkeel en tetanus
Skoolverlater	TB
Elke 10 jaar	Tetanus
Immigrante	Polio

Inligtingstuk 3: : Voorkoming van seksueel oordraagbare siektes (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:15)

VOORKOMING VAN GEVAAR SITUASIES:
Seks met 'n geïnfecteerde persoon
Seks met meer as een maat
Alkohol en dwelmgebruik
Vermy prostitusie
Seks met 'n kondoom
Besoek dokter of kliniek
Vermy die deel van medisyne met 'n maat

- **Samevatting**

Goeie gesondheid kan nie gekoop word nie. Elke persoon is self verantwoordelik om na haar gesondheid om te sien deur gesonde eetgewoontes te handhaaf, asook kinders te laat immuniseer, siektes te voorkom, beserings te behandel en 'n gesin te beplan. Gesinsbeplanning plaas die vrou in beheer, deur haar reg om te besluit wanneer en hoeveel kinders sy wil hê, uit te oefen, wat lei tot minder bekommernisse oor die toekoms en verhoogde lewenskwaliteit van al die gesinslede.

- **Evaluering**

Evalueer betrokkenheid en deelname aan bespreking oor gesondheid.

SESSIE 4: VOEDSEL EN VOEDING

- **Inleiding en agtergrond**

Gesonde eetgewoontes is wanneer 'n persoon genoeg van die regte voedsel elke dag eet. Goeie eetgewoontes is noodsaaklik vir 'n gesonde lewenstyl en dus moet elke ete gebalanseerd wees ten einde siektes te voorkom.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om gesonde en gebalanseerde etes vir haar gesin voor te berei.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Oefening: Voedselgroepe	10 minute
Oefening: Voorbereiding van gereg	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Gebalanseerde maaltydplan
- Resepte
- Voedsel uit drie voedselgroepe
- Swart ysterpot
- Dieetkundige
- Voorbereide geregte

- **Voorgestelde aktiwiteite**


- 'n Kort inleiding oor gesonde eetgewoontes.
- Bespreking van leerinhoud oor die drie voedselgroepe en die korrekte hantering, voorbereiding en berging van voedsel (Vroue Reik Uit Stigting 10 Program, 1993: 28 – 35).

- **Leerinhoud:**

Die drie voedselgroepe


Dit is eerstens voedsel wat die liggaam energie gee om te kan werk, soos pap, brood, stampielies, rys en sluit alle graanvoedsel in, asook suiker, vet, olie en botter.

Transparant 25 Energie




Tweedens is dit opbouende voedsel wat 'n sterk liggaam bou deur bene, tande en spiere te vorm en die liggaam te laat groei, soos vleis, vis, hoender, melk en eiers, asook bone, ertjies, sojaprodukte en grondboontjiebotter.

Transparant 26 Opbou



Laastens moet 'n persoon ook voedsel eet wat hulle beskerm teen siektes, naamlik vrugte en groente.


Transparant 27 Beskerm



Demonstrasie: Ysterpot

'n Gesonde maaltyd is soos 'n ysterpot wat drie pote het om op te staan. As een van die pote breek sal die pot omval. 'n Persoon kan voorkom dat haar liggaam nie "omval" nie, deur elke dag voedsel uit die drie groepe te eet. 'n Gebalanseerde maaltyd is 'n bord kos wat voedsel uit al drie groepe insluit.

Transparant 28 Ysterpot



'n Voorbeeld van 'n gebalanseerde maaltydplan kan aan die vrouens uitgedeel word.

Inligtingstuk 4: 'n Gebalanseerde maaltydplan

- *Ontbyt:*

Energiekos: Pap of Brood

Opbouende kos: Melk (vars of suur, nie veromer nie.)

Beskermd kos: Lemoen of ander vrug.

- *Middagete:*

Energiekos: Brood gesmeer met margarien vir 'n toebroodjie.

Opbouende kos: Grondboontjebotter of vis op die toebroodjie.

Beskermd kos: Appel of enige ander vrug of vrugtesap.

- *Aandete:*

Energiekos: Pap, rys of stampmielies.

Opbouende kos: Vleis, vis of bone.

Beskermd kos: Groente soos kool, marog of pampoen

Groeplede neem aan 'n oefening deel waar voedsel gesorteer word in die drie voedselgroepe.

Hantering, voorbereiding en berging van voedsel.

Hantering, voorbereiding en berging van voedsel op die korrekte wyse is ook noodsaaklik. Hande moet met seep gewas word voordat daar aan voedsel geraak of geëet word. Terwyl die kos voorberei word moet daar nie aan die hare, neus of seerplekke op die liggaam geraak word nie en verder moet die kastrolle en eetgerei skoon wees en die vrugte en groente deeglik afgespoel,

voordat dit gebruik word. Voedsel moet ook in 'n houer, wat dig kan sluit, op die koelste plek in die huis gebêre word, sodat dit nie in aanraking met peste, plae en gifstowwe kan kom nie. Hierdie voorsorgmaatreëls sal voorkom dat voedsel besmet raak en siektes veroorsaak.

- Die dieetkundige wat tydens die groepwerkbyeenkoms betrek word, gee aan die groeplede geleentheid om geregte te proe, wat berei is van voedsel in die tradisionele kospakkie, wat deur welsynsorganisasies uitgedeel word. Kreatiewe resepte word ook aan die vroue uitgedeel met die doel om dit tuis te probeer.

Inligtingstuk 5: Resepte (In samewerking met Dieëtkundiges)

Droëbonebotie:

Bestanddele:

- 1 sny bruinbrood
- 1 klein ui gekap
- 3 teelepels olie
- 1 koppie gaar droëbone gemaal of fyngedruk
- 1 teelepel kerriepoeier
- 1/4 teelepel borrie
- 1 eetlepel asyn
- 1 teelepel suiker
- 1/2 teelepel sout
- knippie peper
- 1/2 eier geklits
- 2 suurlemoenblare
- 1/2 eier geklits en gemeng met 4 eetlepels melk

Metode:

- Week brood in water en druk die water uit. Krummel brood.
- Braai ui in olie tot deurskynend.
- Meng al die bestanddele, behalwe die 1/2 eier, melk en suurlemoenblare. Skep in gesmeerde bak.
- Rol suurlemoenblare op en druk in mengsel
- Klits eier en melk saam en gooi oor mengsel.
- Bak bobotie teen 180°C vir 20 min. totdat eier gestol is.
- Lewer 3-4 porsies.

Wenke:

- Vervang een sny brood met 1/4 koppie oorskiet mieliepap.
- Verdubbel al die bestanddele in die resep, behalwe die bone. Voeg 100 gm maalvleis by die mengsel.
- Week 1/4 koppie sojakrumsels vir 10 min. in kookwater. Gebruik soos die 100 gm maalvleis.

Eierlose pannekoek

Bestanddele:

1 groot koppie broodmeel (300 ml)
1/2 teelepel bakpoeier (2 ml)
minder as 'n 1/2 teelepel koeksoda (2 ml)
knippie sout
2 koppies water
1 eetlepel asyn
4 eetlepels olie

Metode:

- Sif meel, bakpoeier, koeksoda en sout saam.
- Klits 1 en 1/2 koppie water, asyn en olie saam.
- Roer vloeistof by droë bestanddele om gladde beslag te vorm. Roer die res van die water by die beslag.
- Giet 'n dun lagie beslag in gesmeerde pan en draai eers om as bokant gestol is.
- Lewer 6-8 pannekoeke.

- **Samevatting**

'n Gebalanseerde maaltyd en korrekte metodes van voorbereiding en berging van voedsel is noodsaaklik vir goeie gesondheid.

- **Evaluering**

Waarneming van deelname aan oefeninge ten einde vas te stel of die gedepriveerde vrou in die toekoms 'n gebalanseerde ete aan haar gesinslede kan verskaf.

SESSIE 5: PERSOONLIKE VERSORGING

- **Inleiding en agtergrond**

'n Vrou wat altyd goed versorg, skoon en netjies is stel 'n voorbeeld vir haar man en kinders en sien toe dat hulle ook versorg is. Persoonlike versorging behels eerstens 'n liggaam wat skoon en goed versorg is, dit wil sê persoonlike higiëne en tweedens klere wat skoon en netjies is.



- **Doel**

Om die noodsaaklikheid van persoonlike higiëne aan die gedepriveerde vrou te beklemtoon.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Oefening: Persoonlike versorging	30 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	50 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparant
- Seep, sjampoe, tandepasta en borsel
- Wasgoedseep
- Skoonheidsdeskundige

- **Voorgestelde aktiwiteite**


- 'n Kort inleiding oor goeie persoonlike higiëne en die waarde daarvan
- Bespreking van leerinhoud oor areas van persoonlike versorging (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993 : 75 – 85).

- **Leerinhoud:**

Areas vir persoonlike versorging.


Vir goeie persoonlike higiëne moet 'n vrou eerstens haar liggaam gereeld was en bad om ontslae te raak van sweet wat haar sleg laat ruik.

Transparant 29 Bad



Hare moet ook gereeld met seep of sjampoe gewas word en deurgekam word. Let op of kinders luisse het en kry 'n spesiale wasmiddel by die klinieksuster of apteek.

Transparant 30 Hare was



Borsel tande gereeld na ete, soggens en voor slapenstyd ten einde tandbederf te voorkom.

Transparant 31 Tande borsel



Tweedens moet klere ook versorg word deur vuil klere te was, elke dag skoon onderklere en kouse te dra en stukkende klere heel te maak.

Transparant 32 Klere was



- Demonstrasie van persoonlike higiëne deur gebruik te maak van hulpmiddels.
- Skoonheidsdeskundige gee leiding aan vroue deur goedkoop praktiese wenke te verskaf oor persoonlike higiëne, haarstyl en grimering.

- **Samevatting**

Die gedepriveerde vrouens moet tot die besef gelei word dat as 'n vrou haar liggaam en klere skoon hou en versorg, sy 'n goeie voorbeeld sal skep, wat weer daartoe sal lei dat sy goed voel oor haarself.

- **Evaluering**

Waarneming van deelname aan aktiwiteite ten einde persoonlike higiëne te verbeter

4.3.1.3 *Tema 3: verhoudings*

- **Inleiding**

In hierdie deel van die maatskaplikewerkprogram sal daar gefokus word op die huwelik- gesins- en vriendskapsverhoudings met spesifieke verwysing na die verskillende rolle wat die gedepriveerde vrou in die samelewing moet vervul. Aktiwiteite, oefeninge en riglyne sal verskaf word, waarvolgens die vrou bemagtig kan word, sodat sy meer toereikend en effektief kan optree en funksioneer.

- **Struktuur**

Verhoudings word verdeel in drie sessies, naamlik:

- Huweliksverhouding
- Gesinsverhouding
- Vriendskapsverhouding

SESSIE 1: HUWELIKSVERHOUDING

- **Inleiding en agtergrond**

Tydens 'n wettige huwelik beloof 'n man en vrou om getrou aan mekaar te wees, mekaar lief te hê, te respekteer en vir mekaar te sorg en by te staan. Al word die man tradisioneel as hoof van die huis gesien, moet beide saamwerk om 'n sukses van hulle gesinslewe te maak. 'n Vrou se tradisionele take in die huwelik is dus om 'n vrou vir haar man te wees, 'n moeder vir haar kinders, 'n tuisteskepper vir haar gesin, asook versorger en broodwinner vir die gesin deurdat sy moontlik werk en geld verdien.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om 'n meer bevredigende en gelukkige huweliksverhouding te hê, asook die begrip dat hierdie verhouding die basis is vir die gesinslewe.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Dinkskrum	10 minute
Vraelys	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	50 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys

- Transparant
- Tydskrifuitknipsels oor 'n troue en 'n gelukkige paartjie.

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die huwelik en die vrou se rol daarin.
- Bespreking van leerinhoud aangaande die kriteria vir 'n suksesvolle huweliksverhouding en probleme en druk wat 'n verhouding kan vernietig.


- **Leerinhoud:**

Kriteria vir 'n suksesvolle huweliksverhouding.

'n Suksesvolle huwelik of permanente verhouding vereis harde werk. 'n Persoon moet dus 'n huweliksmaat kies en die volgende eienskappe in aanmerking neem, aldus Louw, et al. (1996: 13) naamlik: lojaliteit, betroubaarheid, vermoë om te kan kommunikeer, dieselfde agtergrond en die vermoë om saam met 'n persoon te lag en teleurstellings te deel.

Kriteria vir 'n volwasse liefdesverhouding is dat beide maats vir mekaar omgee en mekaar lief het. Verder respekteer en aanvaar hulle verantwoordelikheid vir mekaar en ontwikkel hulle ook wedersydse begrip vir mekaar. 'n Werklik geslaagde verhouding bestaan uit ses kenmerke, naamlik romanse, vriendskap, vertrouwe, kommunikasie, begrip en aanvaarding, asook die seksuele sy (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:4).

Tydens die groepbespreking kan die ideale verhouding voorgestel word as 'n liefdestafel met vier pote. Al vier pote is ewe lank sodat die tafel gelyk kan staan (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:110).



Figuur 3: Liefdestafel (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:110)

Die groep moet bewus gemaak word dat oorlewing die sterkste menslike drang is en dat die tweede sterkste drang die seksuele drang is. 'n Verhouding wat by die seksuele poot begin ontwikkel selde verder en verval in 'n groef of 'n vaste patroon. Dit is baie moeiliker om die ander drie pote te bou en dus is dit veiliger om eerder daarmee te begin en geleidelik die natuurlike ontwikkeling na die seksuele poot te verkry.

- Die lede moet hulle vorige en bestaande verhoudings toets aan hierdie tafel en neerskryf waar hulle faal en waar hulle sukses behaal het.

Probleme en druk op die verhouding

'n Betekenisvolle verhouding kan onder druk geplaas word of kan vernietig word deur sekere aspekte, aldus Louw, et al. (1996:96). Vertoon transparant aan groeplede en bespreek.

Inligtingstuk 6: Probleme en druk in 'n verhouding (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling: Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:25)

PROBLEME EN DRUK IN 'N VERHOUDING:
Leuens, oneerlikheid en ontrouheid.
Jaloesie en besitlikheid
Alkohol en dwelmmisbruik
Dwang
Vernederende gedrag
Voorhuwelikse seks
Onveilige seks
Homoseksuele gedrag
Onaanvaarbaarheid deur die gesin of gemeenskap
Kulturele verskille

- Lede voltooi 'n selfanalise vraelys om hulle potensiaal vir 'n suksesvolle verhouding te bepaal.

Vraelys 1: Selfanalise ten opsigte van potensiaal vir 'n suksesvolle verhouding (Louw et al. 1996:15)

Lees elke vraag noukeurig en trek 'n sirkel om die toepaslike syfer.

- 1 – Nooit
- 2 – Soms
- 3 – Partykeer
- 4 – Altyd

1. Ek gee vir ander om.	1	2	3	4
2. Ek is eerlik met my vriende.	1	2	3	4
3. Ek het respek vir ander mense.	1	2	3	4
4. Ek is lojaal teenoor my vriende.	1	2	3	4
5. Ek is onselfsugtig.	1	2	3	4
6. Ek praat oor my gevoelens	1	2	3	4
7. Ek kan my woede beheer.	1	2	3	4
1. Ek kan maklik sê ek is jammer.	1	2	3	4
9. Ek help graag tuis.	1	2	3	4
10. Ek werk hard.	1	2	3	4
11. Ek wil myself beter kwalifiseer.	1	2	3	4
12. Ek wil 'n goeie werk hê.	1	2	3	4
13. Ek is verantwoordelik.	1	2	3	4
14. Ek glo dat die huwelik kan werk.	1	2	3	4

Tel al die syfers wat omkring is bymekaar. Hoe hoër die telling is, hoe beter is die kans op sukses in alle verhoudings, veral die huwelik.

70 – Jy gee om en is bedagsaam. Jy het 'n uitstekende kans op sukses.

56 – Jy het 'n positiewe houding wat verder ontwikkel kan word.

28 – Jy moet verkieslik nadink oor jou persoonlik gedrag en houding teenoor ander.

14 – Oorkom jou selfsug ten einde jou houding en interpersoonlike verhoudings te verbeter (Louw, et al. 1996:15).

- **Samevatting**

Die huweliksverhouding is die basis van 'n gesonde en sterk gesin wat weer die belangrikste eenheid is vir 'n gesonde samelewing, waarin elke persoon sy volle potensiaal kan ontwikkel en

bereik. Die gedepriveerde vrou het 'n verantwoordelikheid om vaardighede te ontwikkel wat kan bydra tot 'n goeie betekenisvolle verhouding met haar maat.

- **Evaluering**

Evalueer of vrou oor vaardighede beskik om 'n sukses van die verhouding te maak.

SESSIE 2: GESINSVERHOUDINGS

- **Inleiding en agtergrond**

Persoonlikheid en volwassenheid moet verkieslik ontwikkel voor 'n huweliksverhouding aangegaan word. Bo en behalwe hierdie aspekte moet 'n vrou ook 'n werk hê, sodat daar in mekaar se basiese behoeftes van behuising, kos en klere voorsien kan word en voor daar met 'n gesin begin word. Kinders is belangrike lede van die gesin en ouers moet aan die volgende vereistes voldoen, aldus Louw, et al. (1996:17):

- Weet hoe om liefde te verskaf en versorging te bied
- verantwoordelikheid neem vir hulle opvoeding
- stel regverdige perke vir aanvaarbare gedrag
- regverdige dissiplinerig
- verwag dat die kind verantwoordelikheid sal neem vir sekere take
- verwag dat die kind huiswerk sal doen
- verwag van die kind om vrye tyd oordeelkundig te benut
- luister en gesels met kinders.

- **Doel**

Om die gedepriveerde ouer in staat te stel om haar rol as ouer effektief te vervul en die doel van opvoeding te verstaan.



- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Oefening: Hoe funksioneer die gesin	10 minute
Dinkskrum: Vereistes vir 'n gesonde gesin	10 minute
Dinkskrum: Onderdele van opvoedingsverhouding	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute


- **Apparaat en hulpmiddels**

- Tydskrif uitknipsels oor die kerngesin, enkelouergesin, uitgebreide gesin en hersaamgestelde gesin.
- Inligtingstukke

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die vrou se rol en take in gesinsverband.
- Bespreking van leerinhoud oor die soort gesinne in die samelewing, funksionering, take en vereistes waaraan hulle moet voldoen, en die onderdele van die opvoedingsverhouding.

Figuur 4: Onderdele van die opvoedingsverhouding (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:99)



- **Leerinhoud:**

Soort gesinne in die samelewing.

Die gesin is 'n groep mense wat saamwoon en wat aan mekaar gebonde is deur bande van bloed of wetlike bande soos die huwelik, pleegsorg en aanneming. Kultuur speel 'n rol in die samestelling van gesinne en die pligte van gesinslede (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993:93).

'n Gesin kan soos volg saamgestel word:

- Kerngesin: 'n vader, moeder en kinders.
- Enkelouer gesin: een ouer ('n vader of 'n moeder) met afhanklike kind/kinders.
- Uitgebreide gesinne: Vader, moeder, grootouers en kinders, dit wil sê meer as een geslag wat saamwoon.

- Hersaamgestelde gesinne: 'n Vader met kinders uit 'n vorige huwelik en 'n moeder met kinders uit 'n vorige huwelik.

Vereistes en take van 'n gesin

Dit is nie belangrik hoe die gesin saamgestel is nie, want elke mens het 'n behoefte om deel te wees van 'n gelukkige gesin, omdat hulle vir mekaar omgee, help en hulpbronne soos geld en energie deel. Die moeder of vrou van die gesin het verskeie pligte en dit is noodsaaklik dat gesinslede haar moet onderskraag en bystaan in die uitvoering daarvan. Die vrou moet soos reeds bespreek, nie net alleen 'n tuiste vir die gesinslede skep nie, maar moet saam met haar man die kinders versorg en leer totdat hulle volwassenes is. Dit is dus essensieel en voordelig as die ouers die take in die huishouding verdeel, sodat almal meer waardering vir die huis en ander gesinslede ontwikkel. Gesinsbande word sodoende versterk en verder leer lede 'n sin vir verantwoordelikheid aan, asook om te beplan en hulle tyd reg te benut.

'n Gesin bied dus vir die lede 'n tuiste waar hulle liefdevolle ondersteuning ontvang, asook gebalanseerde voedsel, skoon en netjiese klere, basiese gesondheidsorg en 'n veilige slaapplek. In gesinsverband leer lede om goeie verhoudings met mekaar asook met persone buite die gesin op te bou en te handhaaf. Verder leer hulle om aan die gemeenskap en kultuurgroep se gewoontes en verwagtings te voldoen. Daar is ook geleentheid om aan gesins- en gemeenskapsaktiwiteite deel te neem en situasies wat konflik veroorsaak effektief te leer hanteer (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993: 95).

Oefening 1: Hoe funksioneer my gesin?

Daar word aan die groeplede verduidelik dat daar drie verskillende wyses is waarop die gesin kan funksioneer volgens Brownell, et al. (1996:31) naamlik:

- Die ouergekontroleerde gesin. Een van die ouers het die meeste outoriteit en wat die persoon sê word gedoen.

- Demokratiese gesin. Elke gesinslid het 'n sê in die neem van gesinsbesluite en reëls. Die gesin bespreek aangeleenthede en elke lid gee sy of haar opinie. Ouers het dikwels egter die laaste sê.
- Die “laat dinge maar gebeur” gesin. Daar is min reëls in die gesin en elkeen doen soos hy of sy goed dink. Daar is min dissipline en besluite word selde saam geneem.

Groeplede kry die geleentheid om na te dink oor die kategorie waarin hulle gesin val en antwoorde op die volgende vrae neer te skryf, naamlik:

- In watter kategorie val jou gesin?
- Wie is in beheer en hoe word besluite gemaak?
- Hoe word reëls gemaak en wat sou gebeur as dit verbreek word?
- Het jou gesin enige iets waarin hulle sterk glo?
- Hoe beïnvloed hierdie oortuigings die gesinslewe?

Groeplede hou 'n dinkskrum waar daar op die volgende aspekte gekonsentreer word, naamlik:

Om 'n gelukkige, gesonde en stabiele gesin te bou, moet die lede vir mekaar lief wees en vir mekaar omgee. Die volgende **vereistes** is van belang:

- stel belang in mekaar en ondersteun mekaar,
- wees lojaal teenoor mekaar,
- aanvaar mekaar se goeie en slegte punte,
- wees hoflik teenoor mekaar,
- toon waardering teenoor ander en probeer om mekaar nie te kritiseer nie,
- handhaaf vreedsame verhoudings met mekaar, aangesien mense se menings van mekaar verskil. Twee mense is nodig om rusie te maak, leer dus om jou eie foute te erken.
- Voer gedelegeerde take en pligte uit en bring jou kant,
- Probeer om ten minste eenkeer per dag saam te eet of om met mekaar te gesels en te kuier.

Die gesin is die kleinste eenheid in die gemeenskap. Die gesin kan nie alleen funksioneer nie, aangesien die gemeenskap enersyds sekere dienste aan die gesin lewer en die gesin andersyds sekere pligte in die gemeenskap het. Enkele voorbeelde van dienste wat aan die gesin gelewer word geskied deur skole, kerke, werk- en ontspanningsplekke, winkels, gesondheidsdienste en algemene dienste soos elektrisiteit.

Om 'n gelukkige, gesonde en stabiele gemeenskap te bou, moet elke gesin aktief deelneem aan aktiwiteite, gereeld vir dienste betaal, die eiendom van die gemeenskap respekteer en instandhou, asook lojaal en positief teenoor die gemeenskap optree. Gelukkige, gesonde en stabiele gesinne is 'n gelukkige, gesonde en stabiele gemeenskap (Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program, 1993:102).

Onderdele van die opvoedingsverhouding

Die ouer-kind verhouding is 'n noodsaaklike bestanddeel van opvoeding. Dit is die band wat die gesin aanmekaar bind en moet dus voortdurend versterk en in stand gehou word. Hierdie verhouding het drie onderdele wat baie goed deur die ouer, sowel as die kind verstaan moet word, aangesien dit die inhoud en voorwaarde is vir opvoeding. Die onderdele is kennis, vertroue en gesag (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:99). 'n Eenvoudige illustrasie en inligtingstuk word aan die groeplede uitgedeel ten einde die onderdele van die opvoedingsverhouding te verduidelik.

Inligtingstuk 7: Bespreking van die onderdele van die opvoedingsverhouding (Tiener in die Kol, 1990:99)

Ouer deel **KENNIS** met mekaar en kinders.

- Kind stel vrae
- Ouer verduidelik antwoord
- Kind vertrou ouers se kennis
- Kind begryp en aanvaar
- Wedersydse begrip



- Ouers keur af of goed
- Oop gesprek

Ouers wys **VERTROUE** in mekaar.

- Atmosfeer van liefde
- Glimlag en vertroeteling
- Liggaamshouding
- Stel vertrou in die kind
- Wek vertrou by die kind
- Kind groei en ontwikkel
- Vertroue word innig en ontmoeting vind plaas
- Vertrou kind met take en opdragte
- Die kind aanvaar ouer se vertrou
- Laat kind toe om besluite te neem
- Vertrouensverhouding ontstaan

Ouers erken eise vir behoorlikheid en pas **GESAG** toe:

- Leer ouers se norme ken
- Beweeg binne ouerlike grense
- Kind leer aanspreeklikheid vir sy optrede
- Kind leer eise aan
- Ouers leef binne eise
- Ouers gehoorsaam owerheidsgesag
- Kind gehoorsaam eise

Groeplede neem aan 'n dinkskrum en bespreking deel waartydens die volgende insigpunte bereik moet word, naamlik:

- Elke mens staan in verhouding tot 'n ander.

- In 'n gesin is verskillende verhoudings teenwoordig.
- Verhoudings het 'n spesifieke doel en voorsien in sekere behoeftes.
- Die verhouding tussen ouer en kind bied geleentheid dat die ouer die kind kan ondersteun en begelei tot volwassenheid. Die verhouding versterk en vorm die kind se gevoelslewe en gee 'n stabiele basis vir opvoedingsbeïnvloeding.
- Opvoeding is nie iets wat vanself met 'n kind gebeur nie, intendeel van geboorte af is die kind vir sy versorging van volwassenes (ouers) afhanklik.
- Die kind lewer belangrike insette in sy opvoeding en omdat die mens 'n keuse kan maak, kan die kind sy opvoeding aanvaar, verwerp of bevraagteken.
- Om self sinvolle verhoudings op te bou moet die kind veiligheid en sekuriteit in sy gesin beleef en moet hy in die huis gelukkige verhoudings beleef.

- **Samevatting**

Opvoeding van kinders is nie 'n maklike proses nie, maar vereis vaardighede soos emosionele volwassenheid, die vermoë om lief te hê en offerings te maak, asook organiseringsvaardighede. Verder is daar ook die materiële, sosiale en emosionele verantwoordelikhede teenoor 'n kind.

- **Evaluering**

Waarneming van deelname aan dinkskrum ten einde vas te stel of die gedepriveerde vrou die vaardighede geïntegreer het.

SESSIE 3: VRIENDSKAPSVERHOUDINGS

- **Inleiding en agtergrond**

Vriendskap vervul 'n persoon se sosiale behoeftes ten einde van haar 'n gelukkige persoon te maak. Dit sluit liefde, vriendskap, gesprekke, aanvaarding en praatjies in. Die verhouding is slegs

betekenisvol indien beide persone daarop konsentreer om beste vriende te word, belange deel, eerlik, opreg en lojaal is teenoor mekaar.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou bewus te maak van die belangrike rol wat vriende in hulle lewe kan speel en wat die vereistes is om 'n goeie vriendin te wees.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Dinkskrum	20 minute
Oefening: Vriendskap persepsie	10 minute
Oefening: Blindemannetje	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparant

- **Voorgestelde aktiwiteite**


- 'n Kort inleiding oor die waarde van 'n vriendskapsverhouding.
- Bespreking van leerinhoud oor vereistes vir 'n vriendskapsverhouding.

• **Leerinhoud:**

Dit is belangrik vir mense om aanvaar te word deur ander. Die gedepriveerde vrou moet ook bewus gemaak word daarvan dat sy nie alleen in haar situasie of omstandighede is nie, maar dat daar baie ander vrouens in dieselfde bootjie is wat dieselfde probleme beleef. Die intieme groep bied die ideale geleentheid om hande uit te reik na vriende wat verstaan. Die gedepriveerde vrouens kan aansluiting by mekaar vind en voel minder bedreig.

Vertoon en bespreek transparant met die vereistes vir 'n vriendskap aan groeplede.

Figuur 5: Vereistes vir 'n beste vriendin (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:104)



Tydens die geleentheid kan die vrouens deelneem aan 'n dinkskrum waar hulleself besluit wat die vereistes is vir 'n vriendskapsverhouding. Terugvoer word gegee en die lys word aangevul met die volgende aspekte indien dit onderbreek (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:104), naamlik:

- jolaliteit en vertroue is 'n voorvereiste vir 'n vriendskap.
- Albei vriende moet kan groei en ontwikkel binne 'n vriendskap.
- Die inisiatief moet nie altyd van dieselfde persoon af kom nie.
- Aanvaar elkeen soos sy is.
- Wees sensitief vir mekaar se gevoelens, buie en veranderende gemoedstoestand.
- Gee uiting in mekaar se teenwoordigheid aan gevoelens.
- Gun mekaar lewensruimte en moenie jaloers wees op mekaar se suksesse nie.
- Voorsien in mekaar se fisiese, geestelike en emosionele behoeftes.
- Goeie maniere, taalgebruik en eerbare optrede (integriteit) is noodsaaklik.

Oefening 1: Vriendskap persepsies

Groeplede kry die geleentheid om aan 'n oefening deel te neem waar hulle vasstel hoe ander persone in die groep hulle sien. Die groeplede raak bewus van hulle beeld en waarde, deurdat vriende in groepsverband opmerkings maak deur dit op 'n stuk papier te skryf en aan die ander lid se rug vas te steek. Groeplede loop tussen mekaar en elkeen skryf 'n opmerking teen die papier op die verskillende groeplede se rug. Beklemtoon positiewe en konstruktiewe opmerkings.

Oefening 2: Blindemannetjie

'n Belangrike komponent van 'n vriendskapsverhouding is vertroue. Tydens hierdie oefening kry elke groeplid die geleentheid om geblinddoek te word terwyl die ander lede haar rondlei in die vertrek. Bespreek hoe dit voel om op iemand anders staat te moet maak en hoekom vertroue so belangrik is in 'n verhouding.

• Samevatting

'n Vriendskapsverhouding is noodsaaklik om aan die sosiale behoeftes van 'n persoon te voldoen. Indien 'n persoon 'n goeie vriendin wil hê, moet sy self aan die vereistes voldoen.

- **Evaluering**

Waarneming van groeplede se deelname aan dinkskrum en aktiwiteite ten einde te bepaal of hulle goeie verhoudings kan handhaaf.

4.3.1.4 *Tema 4: seksuele oriëntasie*

- **Inleiding**

Menslike seksualiteit, wat van geboorte tot sterfte tot uitdrukking kom, word erken as 'n psigo-fisiologiese stelsel wat afsonderlik van, maar tog nou verwant aan beide die voortplanting- en urinestelsel bestaan. 'n Vrou kan vir minder as die helfte van haar lewe voortplant, maar seksualiteit bestaan dwarsdeur haar lewe.

Seksualiteit is deel van al die aktiwiteite waaraan 'n persoon daaglik, dwarsdeur haar normale lewensduur, deelneem. Dit is 'n uiting van persoonlikheid. Met ander woorde, seksualiteit is 'n integrasie van die fisiese, sosiale en intellektuele aspekte van die persoonlikheid van 'n individu wat uiting aan manlikheid of vroulikheid gee. Sielkundig en sosiaal weerspieël 'n mens se seksualiteit die kulturele en etiese waardes en sosiale norme van die gemeenskap waarin 'n persoon lewe (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993: 1).

Louw et al (1996: 71) is van mening dat daar 'n verantwoordelikheid bestaan ten opsigte van seksuele oriëntasie, soos wat probleme soos verkragting, seksuele mishandeling, ongewenste swangerskappe en seksueel oordraagbare siektes eskaleer in die samelewing. Onkunde waarborg dus nie onskuld nie en verantwoordbare oriëntasie dra by tot die voorkoming van hierdie probleme.

- **Struktuur**

Seksuele oriëntasie word verdeel in drie sessies, naamlik:

- gesinsbeplanning en kontrasepsie
- gewenste swangerskappe en aborsie
- hantering van seksuele mishandeling en verkragting.

SESSIE 1: GESINSBEPLANNING EN KONTRASEPSIE

- **Inleiding en agtergrond**

Oorbevolking is die wêreld se grootste probleem. Te veel mense in 'n land lei daartoe dat daar nie genoeg kos en water is om hulle te onderhou nie en verder is daar nie genoeg werk vir almal nie, wat dan weer armoede tot gevolg het. As mense arm is wek dit 'n gevoel van magteloosheid en hopeloosheid, aangesien hulle nie in die basiese behoeftes van hulle gesin kan voldoen nie. Kinders in hierdie uitsiglose omstandighede land dikwels op straat en dit is dus belangrik dat elke man en vrou vooraf moet besluit hoeveel kinders hulle wil hê en kan bekostig. Die ideaal is dat elke kind twee liefdevolle ouers het wat hulle wil hê en kan bekostig om hulle groot te maak.

Daar is verskeie metodes om swangerskappe te voorkom. Metodes van kontrasepsie, die effek op die liggaam, asook die verhouding sal vervolgens bespreek word.

- **Doel**

Die verskaffing van relevante inligting oor gesinsbeplanning en kontrasepsie, ten einde die vrou in staat te stel om 'n verantwoordelike besluit te neem oor haar toekoms in die verband.



- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Video	10 minute
Dinkskrum	15 minute
Rollespel	15 minute
Samevatting	2 minute
Evaluering	3 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Inligtingstuk oor mees algemeen gebruikte metodes van kontrasepsie
- Video: "Conception and Contraception"
- Klinieksuster

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- Kort inleiding oor die aspek van gesinsbeplanning en kontrasepsie word verskaf.
- Bespreking van leerinhoud oor kontrasepsie en die effek op die verhouding.

- **Leerinhoud**

Kontrasepsie

Kontrasepsie of voorbehoeding verwys na die metodes om bevrugting te voorkom. Konsepsie, dit wil sê bevrugting, vind nie plaas nie (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:4).

‘n Vrou kan teoreties een maal per jaar ‘n baba hê. ‘n Groot gesin lei dikwels tot armoede en onwelkome kinders, dit is dus belangrik dat swangerskap effektief voorkom word (Louw, et al. 1996:125). Sodra ‘n man en ‘n vrou besluit om te trou, saam te bly of ‘n langtermyn verhouding het, is dit noodsaaklik dat hulle die dokter of kliniek sal besoek waar hulle geadviseer word oor die mees geskikste vorm van kontrasepsie vir hulle omstandighede. Advies en voorbehoedmiddels word gratis of teen ‘n nominale bedrag verskaf.

Effek op verhouding

Dit is dus van uiterste belang volgens Louw et al (1996:127) dat ‘n persoon wat seksueel aktief is, kontrasepsie met haar maat sal bespreek. Openlikheid en eerlikheid is belangrik om negatiewe gevoelens te voorkom, byvoorbeeld ‘n man wat weier om ‘n kondoom te gebruik of ‘n vrou wat sê sy gebruik die pil, maar daaroor jok. Dit kan weer lei tot ander probleme soos die verhouding wat opbreek.

Deel inligtingstuk uit oor voorbehoedmiddels en die metodes van kontrasepsie.

Inligtingstuk 8: Metodes van Kontrasepsie. (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling: Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:4)

METODE	EFFEK
<p>1. Chemies: Spermisiede. 'n Skuim of jellie preparaat word in vagina geplaas voor omgang.</p>	<p>Preparaat dood sperma en hulle kan nie die eiersel bereik en bevrug nie. Dit is skadeloos vir die liggaam. Spermisiede is nie 100% effektief op hulle eie nie.</p>
<p>2. Chemies: Orale kontrasepsie. (Die pil) Die vrou neem elke dag op dieselfde tyd 'n tablet. Dit bevat chemiese hormone wat voorkom dat die eiersel geovuleer word of dat die servikale slym verdik sodat die sperm nie kan deurdring en die eiersel bevrug nie. Die pil word vir 21 dae van die maand gebruik en vir 7 dae word 'n onaktiewe pil geneem waartydens die vrou soos gewoonlik menstrueer. Sodra 'n vrou 'n baba wil hê, staak sy die gebruik van die pil, waarna haar liggaam binne twee maande na normale siklus terugkeer.</p>	<p>Die pil is effektief in voorkoming van swangerskappe indien dit korrek gebruik word. Sekere medikasie en siekte toestande affekteer egter die effek. Nuwe effekte soos hoofpyn, gewigstoename, krampe en waterretensie kan voorkom. Dokters moet verkieslik die pil voorskryf sodat mediese geskiedenis nagegaan kan word. Die pil bied geen beskerming teen servikale kanker en seksueel oordraagbare siektes nie.</p>
<p>1. Chemies: Hormonale inspuitings. Die vrou ontvang 'n inspuiting van die dokter of kliniek elke drie of vier maande, afhange van die soort inspuiting. Indien sy nie op die gestipuleerde tyd die volgende inspuiting ontvang nie, kan sy swanger raak. Die inspuiting voorkom swangerskap op dieselfde wyse as die pil, maar dit neem langer vir 'n vrou om swanger te raak.</p>	<p>Uiters effektiewe wyse van geboorte beperking. Die effek van die inspuiting op die liggaam is dieselfde as die pil, maar verstourings van die menstruele siklus kan egter voorkom. Die inspuiting beskerm nie die vrou teen servikale kanker en seksueel oordraagbare siektes nie.</p>
<p>2. Meganies: Die diafragma 'n Diafragma word van dun sintetiese rubber gemaak in die vorm van 'n koepel met 'n dikker rand. Dit word voor omgang oor die serviks in die vagina geplaas en vorm dus 'n fisiese versperring wat voorkom dat die sperms deur die uterus beweeg.</p>	<p>Die diafragma is relatief effektief, maar nie 100% nie. Dit kan uit posisie skuif en 'n opening laat vir die sperms om deur te beweeg. Dit het geen negatiewe effek op die liggaam nie, maar bied geen beskerming teen seksueel oordraagbare siektes nie.</p>
<p>3. Meganies: Die IU-toestel Die toestel is van plastiek of metaal en word deur 'n dokter in die uterus geplaas. Dit moet gereeld nagegaan word deur die dokter en na 'n tydperk van 'n jaar vervang word. Die apparaat imteer die wand van die uterus en voorkom dus dat die bevrugte eiersel in die wand ingeplant word.</p>	<p>Die IU-toestel is die mees effektiefste vorm van kontrasepsie na die pil en die inspuiting. Dit kan egter probleme veroorsaak gedurende menstruasie en veroorsaak krampe en ruggpyn. Dit bied geen beskerming teen servikale kanker en seksueel oordraagbare siektes nie.</p>



<p>4. Meganies: Die kondoom</p> <p>Die kondoom is 'n dun latex rubber skild wat 'n man oor sy penis dra tydens omgang. Die semen versamel in die voorpunt van die kondoom en verhoed dat die sperms die uterus bereik. 'n Nuwe kondoom word elke keer voor omgang oor die penis geplaas en dadelik verwyder na omgang om lekkasie te voorkom. 'n Kondoom saam met spermisiede is meer effektief.</p>	<p>Kondome is beskikbaar by apteke, winkels, klinieke en hospitale. Hulle is hoogs effektief indien korrek gebruik word, maar nie 100% veilig nie, aangesien hulle kan skeer of afglip tydens omgang. Die kondoom bied beskerming teen seksueel oordraagbare siektes en Vigs.</p>
<p>5. Natuurlik: Ritme metode.</p> <p>Die vrou monitor haar ovulasie skedule deur haar temperatuur elke dag te neem. Tydens ovulasie sal haar temperatuur styg en vir die volgende vier dae moet sy nie geslagsomgang hê nie.</p>	<p>Die metode is nie baie effektief nie, omdat siklusse van tyd tot tyd verander. Die ovum bly in die buise 'n paar dae na ovulasie en 'n sperm kan vir 48 uur in die buise bly lewe, waartydens bevrugting kan plaasvind.</p>
<p>6. Natuurlik: Coitus interruptus</p> <p>Die oudste metode van kontrasepsie waar die man sy penis uit die vagina trek voor ejakulasie plaasvind.</p>	<p>'n Onbetroubare metode wat 'n hoë mate van konsentrasie en selfbeheersing vereis. Storting kan plaasvind voor onttrekking wat kan lei tot bevrugting.</p>
<p>7..Chirurgies: Sterilisasie.</p> <p>'n Klein chirurgiese prosedure om die voortplantingsfunksie van 'n man n vrou te beëindig. By 'n man staan dit bekend as 'n vasektomie en by vrou as 'n sterilisasie.</p>	<p>Die man en vrou moet oortuig wees dat hulle nie meer kinders wil hê nie, aangesien die metode as onomkeerbaar beskou moet word.</p>

- Groeplede kan 'n video oor kontrasepsiemetodes bestudeer.
- Groeplede hou 'n dinkskrum en bespreek vrae soos:
 - Hoe bedreig oorbevolking die kwaliteit van lewe?
 - Hoe word ongewenste swangerskappe voorkom?
 - Watter metodes van kontrasepsie is beskikbaar?
 - Wat is die effek van kontrasepsie op die liggaam?
 - Wat is die effek van kontrasepsie op die verhouding?
 - Waar kan ek advies en voorbehoedmiddels bekom?

- **Rollespel** oor relevante situasie vind plaas, naamlik:
- 'n Vrou vertel vir haar vriendinne dat sy met 'n man uitgaan en dat hulle seksueel aktief is. Sy is bekommerd dat sy moontlik swanger kan raak.
- 'n Vrou vertel vir haar vriendinne dat haar kêrel weier om 'n kondoom te gebruik want hy dink dit is 'n "passion killer".

- **Samevatting**

Kontrasepsie is nie die antwoord vir losbandige seksuele verhoudings nie. Weerhouing is die veiligste metode van voorbehoeding. 'n Vrou kan haar lewe geniet, sonder deelname aan geslagsgemeenskap. Kontrasepsie is egter noodsaaklik indien 'n vrou seksueel aktief wil wees en daar is sekere gevare en regte aan verbonde, wat verantwoordelike besluitneming vereis.

- **Evaluering**

Die maatskaplike werker evalueer deur te luister na die besprekings en die lede se reaksies en kommentaar waar te neem.

SESSIE 2: ONGEWENSTE SWANGERSKAPPE EN ABORSIE

- **Inleiding en agtergrond**

Ongewenste swangerskappe by tieners of volwasse vroue affekteer die ongebore kind, die nabye gesinslede en die betrokke vrou se lewe, merkwaardig. Inligting ter voorkoming van hierdie sosiale probleem is noodsaaklik in die lig van die onrusbarende toename van ongewenste swangerskappe.

Aborsie is die beëindiging van 'n swangerskap voordat die fetus lewensvatbaar is. Aborsie kan spontaan plaasvind en staan dan bekend as 'n miskraam. Dit kan ook doelbewus bewerkstellig

word, hetsy om mediese redes, of om 'n ongewenste swangerskap te beëindig, in welke geval dit dan ook as vrugafdrywing bekend staan. In Suid Afrika is vrugafdrywing, buiten vrugafdrywing onder spesiale omstandighede, eers onlangs gewettig. Daar bestaan verskeie metodes van vrugafdrywing en die keuse hang dikwels af van die duur van die swangerskap. Die moontlikheid van fisiese komplikasies word al hoe groter namate die swangerskapsduur vorder, daarom is dit verkieslik dat die prosedure uitgevoer word voor die 12 de week van die swangerskap. Weens die moontlike komplikasies verbonde, word hierdie prosedure in 'n hospitaal of kliniek deur opgeleide geneeshere onder streng kontrole en aseptiese toestande uitgevoer (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:2).

- **Doel**

Inligting ter voorkoming van en leiding tot verantwoordelike besluitneming ten opsigte van ongewenste swangerskappe en aborsie.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	30 minute
Praatjie en vrae	10 minute
Debat	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- 'n Vrou wat 'n ongewenste swangerskap deurgemaak het.
- Prente van die menslike embrio

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor ongewenste swangerskappe en aborsie word verskaf.
- Bespreking van leerinhoud volgens Louw, et al. (1996:130-137) aangaande die oorsake en gevolge van ongewenste swangerskappe, opsies in die situasie en voorkoming asook redes vir aborsie as opsie en die morele aspek daaraan verbonde.

- **Leerinhoud**

Oorsake en omstandighede wat bydra tot 'n ongewenste swangerskap (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:2)

- **Aanleidende faktore**

- *Swak selfbeeld*: 'n Vrou sal seks toelaat om liefde en nabyheid te ervaar.
- *Groepsdruk*: 'n Vrou word daarop gewys dat almal dit doen.
- *Onbetrokke ouers*: Ouers wat geen of min liefde en leiding verskaf.
- *Bloedskande of mishandeling*: 'n Vrou word seksueel mishandel en geforseer om seksuele omgang te hê met 'n lid van die familie of iemand wat sy goed ken.
- *Verkragting*: 'n Vrou word seksueel getreiter en verkrag omdat sy op 'n sekere plek, op 'n sekere tyd is wat onveilig is.
- *Dwang*: 'n Vrou het 'n verhouding met 'n man wat veel ouer is as sy. Hy verlang meer as vriendskap en gee geskenke aan die gesin in ruil vir seks van haar.
- *Armoede*: Verorsaak dat baie vroue seks verskaf vir geld en party word selfs deur ouers of eggenoot gebruik as prostituut.
- *Werkloosheid*: Ledigheid lei dikwels tot deelname aan ongewenste aktiwiteite.
- *Drank en dwelmmisbruik*: Verminderde weerstand is die gevolg van misbruik en die vrou soek iemand om seks mee te hê.
- *Onvoldoende seksuele onderrig*: Vroue verstaan nie hulle eie en die teenoorgestelde geslag se liggame nie en eksperimenteer sonder om ag te slaan op die gevolge.

- *Moreel onaanvaarbare gedrag*: Baie vroue is nie bewus van regte en verkeerde gedrag nie of gee nie om nie, omdat hulle nie positiewe volwasse rolmodelle gehad het nie. Hulle leef vir die plesier van die huidige en het geen respek vir waardes soos, selfrespek, selfbeheer en verbintenis in die huwelik of langtermyn verhoudings nie.

Die gevolge van 'n ongewenste swangerskap (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:2)

- Onvervulde ideale en planne vir die toekoms. Skoolopleiding word dikwels onderbreek.
- Armoede as gevolg van swak kwalifikasies en werkloosheid.
- Frustrasie om na die baba om te sien, wat weer lei tot kindermishandeling.
- Skuldgevoelens.
- Ongelukkige huwelike.
- Verhoudingsprobleme met ouers.
- Armoede affekteer die onbeplande kind wat dikwels dan op straat beland.
- Trauma ten opsigte van besluit oor wie na kind gaan omsien, byvoorbeeld aanneming.
- Verwerping of moord van die baba.
- Effek op die lewe van ander gesinslede.
- Prostitusie aangesien sy nie omgee wat met haar liggaam gebeur nie.
-

Opsies in die situasie

Die volgende moontlikhede kan oorweeg word, naamlik

- Aanneming: gee die baba 'n beter toekoms.
- Pleegsorg: 'n familielid of iemand anders is verantwoordelik vir opvoeding.
- Persoonlik self verantwoordelik vir opvoeding of met behulp van welsynstoelae.
- Trou of leef saam met vader van kind of ander persoon.
- Aborsie.

Voorkoming van ongewenste swangerskappe (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:2)

Wyses van voorkoming is die volgende:

- Geniet die lewe en gaan uit sonder om seks te hê.
- Gaan in groepe uit en vermy om alleen met vriend te verkeer op verlate plekke.
- Wees vriende met verskeie persone van teenoorgestelde geslag, sonder om seks met hulle te hê.
- Stop by 'n soen en drukkie, aangesien intimiteit kan lei tot omgang.
- Stel duidelike doelwitte vir die toekoms ten opsigte van opleiding en werk.
- Kry seksuele voorligting.
- Kry inligting oor kontrasepsie.
- Vermy alkohol en dwelmgebruik.

Redes vir aborsie (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:3)

Die redes waarom vroue aborsies laat uitvoer is die volgende:

- Ongewenste swangerskap.
- Gesondheidsprobleme.
- Afwyking by ongebore baba soos Down's sindroom.
- Verkragting.
- Onkunde aangaande kontrasepsie en die beskikbaarheid daarvan lei tot veelvuldige ongewenste swangerskappe.

Aborsie is 'n emosionele onderwerp waar elke persoon self moet besluit of hulle daarteen of daarvoor is. Party groepe fokus op die reg van die vrou om te besluit wat met haar liggaam gebeur, byvoorbeeld indien sy besluit dat sy seks wil hê en swanger raak, maar nie die kind wil hê nie, het sy die reg om 'n aborsie uit te voer. Vroue in armoede voel dat dit verkeerd is om verder

te verval in armoede as 'n gevolg van te veel kinders, of dat dit verkeerd is om 'n onbeplande baba in die wêreld te bring. Ander groepe is van mening dat elke menslike wese die reg op lewe het en dit sluit 'n embryo in. Sy/haar moeder het dus nie die reg om hom of haar te vermoor nie.

Oefening 1:

'n Vrou wat deur 'n ongewenste swangerskap gegaan het kry die geleentheid om aan die groep te vertel watter faktore aanleiding gegee het tot haar swangerskap en hoe dit haar lewe, die lewe van die baba en ander gesinslede beïnvloed het. Groeplede kry die geleentheid om vra te vra en hulle kennis uit te brei ten opsigte van die leerinhoud in die sessie.

Oefening 2:

Groeplede word in twee spanne verdeel en voer 'n debat oor abortsie. Een span is vir abortsie en die ander daarteen. Redes word vir hulle sienings verskaf.

- **Samevatting**

Die klem is nie op morele aspek van voorhuwelikse seks nie, maar op die verantwoordbare besluit ten opsigte van kontrasepsie vir seksueel aktiewe persone. Die maatskaplike werker kan nie sy/haar eie idees op die groeplede afforseer ten opsigte van abortsie nie. Elke vrou besluit self of sy daarvoor of daarteen is. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat, ongeag die omstandighede, abortsie altyd 'n hartseer gebeurtenis in 'n vrou se lewe is.

- **Evaluering**

Die maatskaplike werker luister aandagtig en evalueer of groeplede hulle verantwoordelikheid in hierdie verband begryp.

SESSIE 3: HANTERING VAN SEKSUELE MISHANDELING EN VERKRAGTING

- **Inleiding en agtergrond**

Seksuele mishandeling en molestering is 'n groeiende probleem in elke samelewing met verwoestende gevolge vir die slagoffer. Die slagoffer verstaan nie die optrede van die mishandelaar nie en weet dikwels nie hoe om die situasie te hanteer nie. Seksuele mishandeling geld hoofsaaklik vir persone onder die ouderdom van 19 jaar, waarna daar hoofsaaklik verwys word na verkragting, dwang of teistering (Louw, et al. 1996:101). Vir die doeleindes van die program sal daar hoofsaaklik gekyk word na verkragting. Verkragting word deur Louw, et al. (1996:102) gedefinieer as seksuele omgang met 'n vrou sonder haar toestemming. Indien die vrou onder 16 jaar is, kan sy nie toestemming gee nie. Verkragting is 'n optrede van geweld en nie van liefde nie, aangesien sy geforseer word om omgang teen haar wil te hê.

- **Doel**

Lei groeplede om te verstaan wat seksuele mishandeling en verkragting is, hoe dit voorkom kan word en waar hulp verkry kan word.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Vaardigheidsoefening	10 minute
"Wat as...?" Speletjie	10 minute
Wet en straf speletjie	10 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

-

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Transparante
- Vaardigheidsoefening
- “Wat as...?” en die Wet en Straf speletjie
- Vroue Polisiekonstabel

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- ‘n Kort inleiding oor die verskil tussen seksuele mishandeling of molestering en verkragting.
- Bespreking van leerinhoud deur die maatskaplike werker en die polisiekonstabel, aan die hand van die transparante, aangaande voorkoming, hantering en aanmelding van verkragting.

Transparant 34: : Voorkoming van Verkragting (Polisie-Inligtingsbrosjyre)

VOORKOMING VAN VERKRAGTING
Moenie uitlokkende klere dra nie
Moenie aanleiding gee en flirteer nie
Wees waaksaam en versigtig
Vermy donker verlate plekke
Vermy vermaaklikheidsplekke laat saans
Moenie alkohol misbruik nie
Moenie dwelms gebruik nie
Moenie ryloop nie
Sluit deure as jy alleen is tuis
Sê “nee” en gee pad uit ongemaklike situasies
Onthou: jy het die reg om nee te sê

Transparant 35: Hantering van Verkragting (Polisie-Inligtingsbrosjure)

HANTERING VAN VERKRAGTING

Probeer wegkom uit 'n ongemaklike situasie
Wees ferm en sê: "nee, los my uit!"
Skreeu hard om aandag te trek
Praat jouself daaruit
Verdedig jouself, indien moontlik
As die aanvaller gewapen is, moenie weerstand bied nie
Soek hulp en rapporteer die aangeleentheid

Transparant 36: Rapportering van verkragting (Polisie-Inligtingsbrosjure)

RAPPORTERING VAN VERKRAGTING

Moenie bad of stort nie
Moenie ander klere aantrek nie
Kontak 'n vriendin of gesinslid wat jy vertrou
Kontak die polisie (10111) of 'n noodnommer
Gaan vir 'n mediese ondersoek
Gaan vir berading
Vertel die polisie alles wat jy kan onthou
Vertel persone na aan jou sodat hulle jou kan ondersteun
Onthou: jy is onskuldig aan 'n misdaad

Oefening 1:

Groeplede oefen weerbaarheidsvaardighede op die volgende wyse, naamlik:

- Groeplede staan regop met skouers terug en kyk mekaar in die oë terwyl hulle hardop sê: "NEE – Los my uit!".

Oefening 2:

Groeplede speel die “Wat as ...?” speletjie, naamlik:

- “Wat sal jy doen as iemand langs jou in ‘n kar stop en jou beveel om in te klim?”
“Wat sal jy doen as iemand jou gryp en begin betas?”
“Wat sal jy doen as iemand jou aanval en hy is gewapen?”

Oefening 3:

Groeplede speel die Wet en Straf speletjie, deurdat hulle wette vasstel en gepaste strawwe uitdink vir verkragting.

- **Samevatting**

Seksuele mishandeling en verkragting is ‘n sensitiewe onderwerp. Dit is dus van uiterste belang dat groeplede weet hoe om sulke situasies te voorkom en te hanteer indien dit plaasvind. Verkragting moet aangemeld word waarna hulp aan die slagoffer verskaf word.

- **Evaluering**

Voortgesette evaluering ten opsigte van groeplede se gedragpatrone sal moontlike seksuele mishandeling en verkragting uitwys. Verwys hierdie gevalle vir individuele terapie en voorsien deurgaans ondersteuning.

SAMEVATTING

Die maatskaplikewerkprogram se eerste afdeling bevat sekere temas wat gerig is op lewensvaardighede vir effektiewe maatskaplike funksionering. Die temas is weer onderverdeel in

'n aantal sessies. Die tema inkomste en finansies is eerstens aangespreek deur te fokus op geldelike bronne, beplanning van begrotings, bewaring van geld en riglyne vir goeie verbruikers. Werksomstandighede is onderverdeel in behuising, sanitasie, gesondheidsorg, voeding en persoonlike versorging. Tydens die bespreking van die tema verhoudings is daar spesifiek gelet op die huwelik- en gesinsverhouding asook vriendskapsverhoudings. Laastens is seksuele oriëntasie onderverdeel in sessies oor gesinsbeplanning en kontrasepsie, ongewenste swangerskappe en aborsie en wyses waarop seksuele mishandeling en verkragting hanteer kan word.

Die gedepriveerde vrou se maatskaplike funksionering kan slegs effektief aangespreek word indien daar nie net op lewensvaardighede in die maatskaplikewerkprogram gelet word nie, maar ook op die interpersoonlike aspek. Die tweede afdeling van hierdie maatskaplikewerkprogram handel spesifiek oor interpersoonlike vaardighede wat benodig word vir effektiewe maatskaplike funksionering.

4.3.2 AFDELING B: INTERPERSOONLIKE VAARDIGHEDE VIR EFFEKTIEWE MAATSKAPLIKE FUNKSIONERING

4.3.2.1 *Tema 1: die self*

- **Inleiding**

Dit wil vir die navorser voorkom of die vrou en meer spesifiek die gedepriveerde vrou min selfvertroue openbaar weens die wyse waarop sy grootgeword het. Die vrou is gewoonlik ondergeskik aan die man en daar word verwag dat sy onderdanig sal wees. Die gedepriveerde vrou is bang om uitgesproke te wees weens die feit dat hulle skaam is en minderwaardig voel oor hulle voorkoms en hulle vermoëns. Dit is dus belangrik om die gedepriveerde vrouens aan te moedig om betrokke te raak en deel te neem aan bemagtigingsprogramme en hulle aandag te fokus op die positiewe resultate wat ander onderdrukte vroue al bereik het hiermee. Vroue sal sodoende hulle waarde herontdek en 'n bydra maak tot ander se groei en ontwikkeling.

Die groepopset is 'n uitstekende milieu waar die gedepriveerde vrou selfvertroue, 'n goeie selfkonsep, en selfhandhawing kan aanleer, aangesien daar tyd afgestaan word om te gesels en in te oefen hoe om jouself uit te druk. Skaam lede word ondersteun om 'n uitspraak te maak en idees word uitgeruil om situasies en konflik effektief te hanteer.

- **Struktuur**

Hierdie afdeling kan onderverdeel word in twee groepwerksessies, naamlik:

- Die selfbeeld en selfvertroue
- Selfhandhawing

SESSIE 1: DIE SELFBEELD EN SELFVERTROUEN

- **Inleiding en agtergrond**

Voor die gedepriveerde vrou gelei word om meer vertroue te openbaar, moet sy eers haarself verstaan. Lei hulle tot die besef dat "die self" gesien kan word as die antwoord op die vraag "Wie is ek?" Mense spandeer bewustelik of onbewustelik 'n groot deel van hulle lewens opsoek na hulleself. Wanneer 'n mens begin om vanuit die sentrum van die self te leef, bevry sy haarself daarvan om 'n blote pion op 'n skaakbord te wees, wat deur mense en omstandighede buite haarself gemanipuleer word. Mense en omstandighede het wel nog 'n invloed op haar optrede, maar die "self" is nie nou meer willoos aan omstandighede oorgelewer nie (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993 40).

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou te lei tot selfaanvaarding deur beter selfinsig te ontwikkel en 'n unieke identiteit te bevestig sodat sy met meer selfvertroue kan optree.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Vraelys	20 minute
Oefening: Vingerafdrukke	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys
- Papier
- Verf en penne

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die self en 'n persoon se identiteit.
- Bespreking van leerinhoud aangaande faktore wat bydra tot die vorming van die self, asook die verskeie dimensies van die selfbeeld (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling: Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993: 45).

- **Leerinhoud:**

Aanleidende faktore tot die vorming van die self.

Daar is drie faktore wat 'n belangrike bydrae maak tot die vorming van die self, naamlik eerstens die genetiese oordrag, dit wil sê eienskappe van voorgeslagte soos fisiese voorkoms (sy lyk soos haar ma). Tweedens oefen die omgewing waarin 'n mens grootword, ontwikkel en deurgaans

verkeer, lewenslank op 'n deurlopende basis 'n belangrike invloed uit op die vorming van die self. Laastens bepaal elke mens se basiese lewensmotief wat sy werklik uit die lewe wil hê en verder verskaf dit die primêre dryfkrag in enige mens se lewe.

Dimensies van die selfbeeld

Die selfbeeld is die beeld wat die persoon van haarself het en bevat verskeie dimensies soos persoonlikheid, vermoëns, waardes, houdings en voorkoms. Die selfkonsep beskryf weer wat 'n persoon van haarself dink en hoe sy voel oor haar selfbeeld en koppel dus 'n positiewe of negatiewe waarde daaraan. Die selfbeeld is die produk van 'n persoon se verlede en omdat 'n persoon nie haar verlede kan verander nie is dit belangrik dat sy haarself sal aanvaar soos wat sy is. Elke persoon kan egter beheer oor haar toekoms neem en self besluit hoe haar toekomstige selfbeeld moet lyk.

Oefening 1: Vingerafdrukke

Groeplede kan aan 'n oefening deelneem ten einde hulle uniekheid te demonstreer, ten spyte van verskeie ooreenkomste. Elke groeplid maak afdrukke van die vingers aan een hand. Sodra die prente droog is, kan hulle 'n pen gebruik om gesigte van die afdrukke te maak wat verskillende buie demonstreer. 'n Bespreking volg wat die volgende aspekte hanteer, naamlik:

- Is al die vingerafdrukke dieselfde grote?
- Kan 'n persoon sien of die vingerafdrukke aan 'n man of 'n vrou behoort?
- Is enige van die vingerafdrukke identies?

Groeplede voltooi die selfbeeldindeksvraelys om van te stel of hulle 'n positiewe of negatiewe selfbeeld het.

Vraelys 2: Die selfbeeldindeks vraelys volgens Hudson (1982:1)

Hierdie vraelys het geen regte of verkeerde antwoord nie. Beantwoord elke item so versigtig en eerlik as moontlik en plaas 'n syfer by elke item, volgens die skaal wat aangedui is.

1. Selde of nooit
2. Af en toe
3. Soms
4. Dikwels
5. Byna altyd of altyd

Ek dink dat mense nie van my sal hou as hulle my regtig goed leer ken nie.	
Ek dink dat ander mense baie beter oor die weg kom as ek.	
Ek dink dat ek 'n aantreklike mens is.	
As ek by ander mense is, dink ek hulle is bly daaroor.	
Ek dink mense hou regtig daarvan om met my te praat.	
Ek dink dat ek 'n baie bekwame persoon is.	
Ek dink ek maak 'n goeie indruk op ander.	
Ek dink dat ek meer selfvertroue nodig het.	
Ek is baie senuweeagtig as ek by vriende is.	
Ek dink dat ek 'n oninteressante mens is.	
Ek voel lelik.	
Ek dink dat ander mense meer pret het as ek.	
Ek dink dat ek mense verveel.	
Ek dink my vriende vind my interessant.	
Ek dink ek het 'n goeie humorsin.	
Ek voel baie selfbewus as ek by vriende is.	
Ek dink dit sal beter wees as ek meer soos ander mense was.	
Ek dink dat mense pret het as hulle by my is.	
Ek voel soos 'n vyfde-wiel-aan-die-wa wanneer ek uitgaan.	
Ek voel ek word meer as ander mense "rondgestoot".	
Ek dink ek is 'n taamlike gawe persoon.	
Ek dink dat mense regtig baie van my hou.	
Ek dink dat ek iemand is van wie mense maklik kan hou.	
Ek is bang dat ek 'n gek van myself sal maak teenoor ander mense.	
Ek is hoogsaangeskrewe by my vriende.	

- **Verwerking en interpretasie van die selfbeeldindeks**

Na afloop van die voltooiing van die vraelys verwerk die maatskaplike werker die vraelyste soos volg:

Sommige van die stellings in die indeks is positief gestel terwyl ander weer negatief gestel is. Die response op die volgende stellings (3, 4, 5, 6, 7, 14, 15, 18, 21, 22, 23 en 25) moet omgeruil word en wel soos volg:

1 word 5,

2 word 4,

3 bly 3,

4 word 2 en

5 word 1

Indien die respondent nie al 25 stellings voltooi het nie, word die volgende formule gebruik om 'n totale puntetelling te bereken:

$$TS = \frac{(X-N) (100)}{(N) (4)}$$

TS = Totale telling van respondent

X = Som van al die items nadat die waardes by die geïdentifiseerde stellings omgedraai is

N = Aantal items wat korrek voltooi is

Indien al die stellings voltooi is, word die volgende formule gebruik:

$$TS = X - 25$$

- **Interpretasie:**

Die kliniese afsnypunt is 30. 'n Telling bo 30 dui op 'n negatiewe selfbeeld (Hudson, 1982).

Groeplede voltooi die uiterlike voorkoms: "Jy en jou spieël" vraelys deur 'n geleentheid te kry om voor 'n spieël te staan en na hulle self te kyk. Elkeen dink na oor wat sy in die spieël sien en of sy daarvan hou. 'n Vraelys word voltooi ten einde vas te stel hoe elke persoon haarself sien (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993: 75).

Vraelys 3 Uiterlike voorkoms: "Jy en jou spieël"

Die volgende vraelys word voltooi ten einde vas te stel hoe elke persoon haarself sien (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:47).

Lees elke stelling hieronder. Trek dan 'n kring om die syfer wat weergee in hoe 'n mate jy met die stelling saamstem.

Stem heeltemal saam			Stem glad nie saam nie	
1	2	3	4	5

Omkring 1 as jy volmondig saamstem; 2 as jy net saamstem; 3 as jy nie juis saamstem nie, maar ook nie verskil nie; 4 as jy verskil, en 5 as jy sterk verskil. Wees eerlik. Trek kringetjies soos jy voel en nie soos jy dink jy behoort te voel nie.

STELLINGS:

1. Ek wens ek het beter gelyk.	1	2	3	4	5
2. As ek my liggaam bou en versorg, sal die teenoorgestelde geslag my aantreklik vind.	1	2	3	4	5
3. Ek sal sterf sonder 'n somerbruin vel.	1	2	3	4	5
4. Ek wens ek kon met 'n oefenprogram begin.	1	2	3	4	5
5. Ek moet meer voedsame kos eet.	1	2	3	4	5
6. Ek dra mooi en skoon klere en voel goed oor myself	1	2	3	4	5
7. Elke keer as ek by 'n spieël verbyloop let ek op hoe ek lyk.	1	2	3	4	5
8. Ek kwel my oor vet word.	1	2	3	4	5
9. Ek voel ek is onder druk om altyd op my beste te lyk.	1	2	3	4	5
10. Ek voel verleë oor hoe ek in swemklere lyk.	1	2	3	4	5
11. Ek moet gewig verloor / optel.	1	2	3	4	5
12. Ek voel dit is belangrik om altyd skoon en netjies te lyk.	1	2	3	4	5
13. Voor ek uitgaan spandeer ek baie tyd om my reg te maak.	1	2	3	4	5
14. Ek verbeter my voorkoms deur 'n nuwe haarstyl.	1	2	3	4	5

- **Interpretasie van gegewens**

Wanneer jy klaar is, tel die getalle wat jy omkring het bymekaar. As jou telling 36 of minder is, is jy behep met jou liggaam. Jy bestee baie tyd om beter te probeer lyk. Dink aan maniere om minder tyd voor jou spieël deur te bring en meer tyd om goed omtrent jouself te voel.

As jou telling 37 tot 47 is, veels geluk! Jy het 'n gebalanseerde siening van jou liggaam. Jy dink jou liggaam is belangrik, maar jy gebruik nie al jou tyd om dit te versorg nie.

As jou telling 48 of meer is, verontagsaam jy jou liggaam. Jy mag voel dat jou voorkoms vir jou 'n verleentheid is of dat dit nie belangrik is nie. Bestee 'n bietjie meer tyd om jou liggaam te versorg sodat jy beter omtrent jouself kan voel.

- **Samevatting**

'n Positiewe gesonde selfbeeld is noodsaaklik ten einde 'n gevoel van eie waarde te ontwikkel sodat 'n persoon met selfvertroue kan optree. Die lewe word dan as 'n uitdaging gesien waar sy haar gawes en talente kan uitbou en versterk. So 'n persoon ken haar eie beperkings, maar glo ook in haar vermoëns en maak die beste daarvan gebruik. Dit stel haar verder in staat om haar eie mening te waag en maak haar ook doelgerig in die lewe. So 'n persoon weet wat sy in die lewe wil bereik en omdat sy haarself as suksesvol beskou is die kans goed dat sy wel sukses sal bereik. Hierdie eienskap help 'n persoon om doelgerig op te tree in haar werksomstandighede, verhoudings en toekomsbeplanning en lei dus tot voortgesette persoonlike ontwikkeling en bemagtiging.

- **Evaluering**

Evalueer of groeplede hulle unieke karaktereienskappe aanvaar, asook 'n positiewe selfkonsep koester.

SESSIE 3: SELFHANDHAWING

- **Inleiding en agtergrond**

Nie-selfhandhawende gedrag ontken 'n persoon se eie regte deur die onvermoë om gevoelens eerlik uit te druk of om dit op so 'n apologetiese wyse aan te bied, dat dit wat gesê word, maklik verontagsaam word. Selfhandhawing behels dat 'n persoon op haar regte staan en 'n ander persoon se regte respekteer.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om haar self in situasies te handhaaf.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud en oefeninge	50 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys
- Inligtingstukke

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die aspek van selfhandhawing.
- Bespreking van leerinhoud aan die hand van oefeninge ten einde meer selfhandhawend op te tree soos uiteengesit in die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling se Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit (1993:81).

- **Leerinhoud:**

Oefening: 1 Die vyf stappe tot genesing en opbou van 'n gesonde selfbeeld

Leer ken jouself

As jy jouself wil begin haat, maak dadelik 'n lys van die dinge omtrent jouself waarvan jy hou. Konsentreer op jou vaardighede, talente, vermoëns, karaktereenskappe, geestelike kwaliteite en jou voorkoms.

Aanvaar jouself

Elke keer as jy negatief oor jousef voel, gaan jy weer die lys van jou goeie eienskappe na. Lees elke item noukeurig deur en vra God om jou te help om hierdie hoedanigheid as waar en geldig te aanvaar.

Dink aan jousef as 'n suksesvolle mens

Visualiseer in die fynste besonderhede hoe jy 'n taak suksesvol afhandel. Span jou verbeelding in om jou brein met positiewe data oor jousef te voer. Aanvaar komplimente, moenie dit verwerp nie.

Verkry positiewe terugvoer van ander persone

Vra jou gesinslede van watter eienskappe hulle van jou hou. Sê vir hulle jy is besig met 'n lys van goeie hoedanighede om jou te help om meer van jousef te hou. Raak ook betrokke by diens aan jou medemens, want dit bou jou eie selfbeeld wanneer jy weet dat jy iets vir iemand beteken. Spits jousef toe om te presteer op gebiede wat jy voel binne jou bereik is. Een of ander tyd sal jy erkenning daarvoor ontvang.

Lees wat God van jou dink

Maak 'n lys van mooi en goeie dinge wat God van jou sê. Wanneer ons in geloof ons vertrou in Jesus Christus stel, ontvang ons ongelooflike status, naamlik om kinders van die Almagtige God te word. Vra God om jou gevoelens oor te neem en jou te help om nie weer jousef te minag nie. Vra Hom om jou te wys watter karaktertrekke jy behoort te verander en om jou te help om alles wat jy kan doen reg te kry en te doen. Onthou as jy op God staatmaak, kan jy daarop reken dat Hy sal help.

Oefening 2: Denkprosesse en selfgesprek

Gee die volgende oefening aan die groeplede om te voltooi.

- Dink aan sowat vyf voorbeelde van voorvalle wat gereeld daartoe lei dat jy negatief ten opsigte van jou selfbeeld dink en voel. Byvoorbeeld: Negatiewe terugvoer beskou ek as kritiek op my werk.

1.

2.

3.

4.

5.

- Dink nou aan positiewe keuses met betrekking tot gedagtes wat jy in elk van die bogenoemde situasies kan uitoefen. Byvoorbeeld: Negatiewe terugvoer kan ek beskou as inligting wat my help om te verbeter.

1.

2.

3.

4.

5.

Deur selfspraak kan jy jou selfkonsep positief of negatief beïnvloed. 'n Persoon kan nie net sê: "Môreoggend as ek wakker word sal ek 'n positiewe selfkonsep hê nie." Jy moet healtyd daaraan werk om 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel deur met positiewe selfspraak dit te bevestig, byvoorbeeld: "Ek lyk netjies en versorg."

Laat die groep verskeie voorbeelde inoefen.

Oefening 3: Die vasstel van uitvoerbare doelwitte ten einde die selfbeeld te verbeter

Elke groeplid kry 'n vel papier waarop sy doelwitte of voornemens neerskryf vir haarself, haar werksomstandighede en haar verskillende verhoudings. Doelwitte moet duidelik, prakties, bereikbaar en meetbaar wees en daarna geprioritiseer word.

Vrees vir mislukkinge kan oorwin word as die persoon uitdagende take aanpak binne haar vermoëns. Tweedens kan 'n lys opgestel word van persoonlike kwaliteite wat die gedepriveerde vrou wil ontwikkel gevolg deur 'n lys van die dinge wat 'n vrou as waardevol in haar lewe beskou. Voor daar tot optrede oorgegaan word, moet daar vasgestel word wat die moontlike gevolge sal wees. Laastens word daar 'n wilsbesluit gemaak oor wat bereik wil word en teen wanneer.

Sluit die oefening af deur 'n bespreking waar daar klem gelê word op die uniekheid van elke mens en dat nie een persoon presies dieselfde as 'n ander is nie. Elkeen het verskillende gawes en talente ontvang en daarom hoef geen persoon soos 'n ander te wees of te presteer nie. Wat egter belangrik is, is dat 'n persoon die gawes en talente wat sy het, wel gebruik en ontwikkel. Eers dan kan 'n mens doelgerig en positief lewe. Groeplede kry nou die geleentheid om na 'n ander persoon in die groep te kyk en iets moois of 'n goeie kenmerk of eienskap wat sy by die persoon opgemerk het, agter op 'n kaartjie neer te skryf. Voor sy die kaartjie aan die persoon oorhandig sê sy hardop wat sy neergeskryf het.

Oefening 4: Selfhandhawing

Plaas 'n transparant op ten einde 'n vergelyking te tref tussen die verskillende gedragstyle. Lede kry dan die geleentheid om te bepaal of hulle meer dikwels selfhandhawend, aggressief of passief is.

Inligtingstuk 9: Vergelyking tussen alternatiewe gedragstyle (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:81)

	Passief	Selfhandhawend	Aggressief
EIENSKAP	Laat ander toe om vir jou te kies. Emosioneel ononeerlik. Indirek selfontkennend. Geinhibeer in wen-verloorsituasie. Indien jy jou sin kry is dit indirek.	Kies self. Paslik en eer-eerlik. Direk, selfrespekterend, selfuitdrukkend, opreg. Maak 'n wen-verloor situasie, 'n wen-wen een.	Kies vir andere takies. Direk selfverheffend, selfuitdrukkend. Selfkleinerend. Wen-verloor situasie wat jy wen.
JOU GEVOELENS	Angstig, geignoreer, gemanipuleer. Woede teenoor jouself en of andere.	Oortuig, selfrespekterend, doelgerig en gewaardeer.	Regverdig. Hoogdrawend. Afkeurend. Behierend.
ANDER SE GEVOELENS	Skuldig of hoogdrawend. Gefrustreerd.	Gewaardeer. Gerespekteer.	Verkleineer, verdedigend, seergemaak
ANDER SE SIENING VAN JOU	Geen respek. Sonder vertroue. Kan oorweldig word. Weet nie waar jy staan nie.	Respek. Vertroue. Weet waar jy staan.	Wraaksugtig, kwaad, skepties en bang.
GEVOLG	Andere bereik hul doel ten koste van jou. Jou regte word veronreg.	Doel bereik deur openlike onderhandeling. Jou eie en ander se regte word gerespekteer	Bereik doel ten koste van andere. Handhaaf eie regte, ontken die van andere.
ONDERLIGGENDE GELOOF SISTEEM	Ek moet nooit iemand anders ongemaklik of ontevrede maak nie, net myself.	Ek het 'n verantwoordelikeheid om my eie regte te beskerm. Ek respekteer ander maar nie noodwendig hulle gedrag nie.	Ek moet ander verkleineer om myself te beskerm.

Oefening 5: Dinkskrum oor regte

Hou 'n dinkskrum oor die regte van 'n vrou en vul dit met die volgende aspekte aan.

Die reg om...

- met respek en op 'n beskaafde wyse behandel te word,
- haar mening te gee,
- veilig te wees,
- te sê wat sy nodig het, hoe sy graag behandel wil word en wat sy graag wil doen,
- as individu erken te word,
- te leer en te verstaan,
- privaatheid,
- eiendom te besit,
- te eis dat ander jou regte respekteer soos jy hulle s'n respekteer,
- om iemand lief te hê en
- besluite te neem wat haar en haar gesin sal bevorder en wat sal lei tot probleemoplossing.

Oefening 6: Modelling en rollespel

Verskeie aspekte van selfhandhawing word deur middel van modellering en rollespel geïntegreer.

Volg die volgende stappe, naamlik:

- *Verskaf aan elke lid 'n riglyn vir selfhandhawing, naamlik:*

Let op liggaamlike waarskuwingstekens wat aandui dat 'n persoon ontevrede voel en graag standpunt wil inneem.

Besluit watter buite-faktore daartoe kon bydra dat 'n persoon ontevrede voel.

Oorweeg verskillende maniere om jousef te laat geld.

Spreek jou standpunt op 'n direkte en aanvaarbare wyse uit.

1. Voer 'n rollespel van 'n situasie uit tussen twee lede, waartydens hulle die riglyne volg.
2. Die ander lede moet oordeel of die riglyn wel gevolg word.
3. Bespreek die rollespel op grond van hoe die deelnemers dit ervaar het en die waarnemings van die groep.

4. Al die lede in die groep moet 'n geleentheid kry om aan die rollespel deel te neem.

Oefening 7: Herevaluering

Herevalueer selfhandhawing na al die oefeninge deurgewerk is, ten einde groei en ontwikkeling te monitor.

Tabel 11: Herevaluering van selfhandhawing (Opvoeding in lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:82)

Lees elke stelling deeglik deur waarna jy 'n kring trek om die syfer wat weergee in hoe 'n mate jy met die stelling saamstem. Wees eerlik. Trek kringetjies soos jy voel, nie soos jy dink jy behoort te voel nie.

Nooit	1
	2
Somtyds	3
	4
Altyd	5



STELLINGS:	
1. Ek verkies om my behoeftes op 'n indirekte wyse aan te dui eerder as om reguit daarvoor te vra.	1 2 3 4 5
2. Ek is bewus dat ek my humeur gebruik om ander te intimideer.	1 2 3 4 5
3. Ek terg graag.	1 2 3 4 5
4. Ek kritiseer andere se pogings eerder as om na my eie sake te kyk.	1 2 3 4 5
5. Ek voel hulpeloos en hou daarvan dat ander my moet help.	1 2 3 4 5
6. Ek is onder die indruk dat ek dikwels deur ander aangeval word. Ek is selfverdedigend en hou nie daarvan om gekritiseer te word nie.	1 2 3 4 5
7. Ek word by aktiwiteite waarvan ek nie hou nie, ingesleep.	1 2 3 4 5
8. Ek vind dit moeilik om besluite te neem.	1 2 3 4 5
9. Ek hou nie van partytjies of om saam met baie mense te verkeer nie.	1 2 3 4 5
10. Ek sal, indien nodig jok, om 'n fout weg te steek, of om my reputasie te beskerm.	1 2 3 4 5
11. Ek steek my gevoelens vir ander weg.	1 2 3 4 5
12. Dit ontstel my as iemand my dophou as ek werk.	1 2 3 4 5
13. Ek is teensinnig om tydens 'n debat of bespreking te praat.	1 2 3 4 5
14. Ek sal met 'n argument volhou al het die ander persoon genoeg gehad.	1 2 3 4 5
15. Ek vind dit moeilik om oogkontak met 'n persoon te maak as ons gesels.	1 2 3 4 5
16. Ek vind dit moeilik om "nee" te sê.	1 2 3 4 5
17. Ek vermy mense en situasies uit vrees vir verleentheid.	1 2 3 4 5
18. Ek probeer 'n muurblom of meubelstuk te wees by sosiale geleenthede.	1 2 3 4 5

- **Samevatting**

Verantwoordelike selfhandhawende gedrag is die direkte, eerlike, paslike uitdrukking van opinies, oortuigings, behoeftes en gevoelens op so 'n wyse dat dit nie ander se regte affekteer nie. Om selfhandhawend te wees beteken dus om op jou regte te staan, maar die van ander te respekteer.

- **Evaluering**

Evalueer op die gedepriveerde vrou na afloop van hierdie program in staat sal wees om haar mening te lig, te weet wat sy uit die lewe wil hê en hoe sy dit gaan bereik.

4.3.2.2 *Tema 2: konflikhantering*

- **Inleiding**

Probleme en konflik is universeel en onvermydelik en kom daaglik in die lewe voor. Dit bring mee dat 'n mens verantwoordelikheid moet aanvaar, aangesien onopgeloste probleme geneig is om groter te raak en te vermeerder. Probleemoplossing en konflikhantering plaas 'n persoon nie noodwendig in 'n beter posisie nie. Hoe 'n persoon te werk gaan is dus belangrik. As ons leer om ons probleme en konflikte produktief op te los kan ons beperkinge tot ons voordeel verander. In die lig gesien word ons probleme 'n geleentheid vir groei en ontwikkeling.

- **Struktuur**

Hierdie tema word onderverdeel in drie sessies, naamlik:

- Probleemoplossing
- Besluitneming
- Style en effektiewe konflikhantering

SESSIE 1: PROBLEEMOPLOSSING

- **Inleiding en agtergrond**

Probleemoplossing is daarop gemik om die mees ekonomiese wyse te bepaal om 'n bevredigende oplossing vir 'n probleem te vind. Effektiewe probleemoplossing bestaan uit 'n reeks stappe wat gevolg moet word.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om probleme op 'n effektiewe wyse op te los.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	30 minute
Oefening: Probleemsituasie	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Inligtingstuk

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die probleme en die noodsaaklikheid daarvan om dit op 'n bevredigende wyse op te los.

- Bespreking van leerinhoud aan die hand van 'n riglyn vir effektiewe stappe in probleemoplossing (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:40).
- ***Inligtingstuk 10: Riglyn vir effektiewe probleemoplossingstappe in probleemoplossing*** (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:40)

STAPPE:	Kontroleer jou gesindheid	Verstaan die probleem situasie	Identifiseer alternatiewe op-lossings	Bestuutneming	Beplan en implimenteer jou besluit	Bevestig jou besluit
PROSES:						
	Ontspan	<ul style="list-style-type: none"> - Ontleed en ondersoek die situasie: - Wat is die probleem? - Wat is die komponente daarvan? - Wie ondervind die probleem? - Wie word daardeur geraak? - Kan dit geignoreer word? 	<ul style="list-style-type: none"> - Hou 'n dinkskrum: - Maak 'n lys van soveel oplossings as moontlik. - Stel die beoordeling van moontlike oplossings uit vir solank as moontlik. - Combineer en verbeter op jou idees. 	Evalueer elke oplossing op jou lys.	Verdeel die oplossings in klein take.	<ul style="list-style-type: none"> - Kyk of Jou probleem opgelos is. - Jy tevrede is met die resultaat. - Jy die situasie wil verbeter.
	Sê vir jouself die probleme is 'n normale aspek van die lewe.			Besluit op jou kriteria vir die beplanning of 'n oplossing "goed" of "reg" is.	Begin met die klein take.	<ul style="list-style-type: none"> - As die probleem nie opgelos is nie, kyk: - wat met jou plan verkeerd gegaan het. - Of dit verbeter kan word - Of jy 'n ander plan het.
	Jy kan die probleem oplos.			Voorspel en oorweeg die gevolge van elke plan	Begin onmiddellik	<ul style="list-style-type: none"> - Indien jy geen ander plan het nie. Gaan terug na stap 4 - Bepaal jou tweede beste oplossing.
	Erken dat die situasie problematies is.			Bereken die kort en langtermyn uitwerking van jou geselekteerde plan.	Evalueer die gevolge van jou klein begin.	Herhaal die proses totdat die probleem opgelos is.
	Waak teen impulsiewe optrede			Kies die beste oplossing.	Pak die moeilike take aan.	

- **Leerinhoud:**

Probleemoplossing kan in ses stappe verdeel word, naamlik:

- kontrolering van gesindheid
- begrip vir probleemsituasie
- identifiseer alternatiewe oplossings
- besluitneming
- beplan en implementeer besluit

Evalueer besluit (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:40).

Die belangrikste stap in die probleemoplossingsproses is die ontleding en formulering van die probleem. Die wyse waarop die abstrakte aspekte van die probleem in konkrete terme omgesit word sal die oplossing bepaal. Dit beteken dat alle aspekte van die probleem ondersoek moet word en ook die implikasies daarvan vir die persoon self. Op die wyse word die probleem die persoon se eie en neem sy die verantwoordelikheid om iets daaromtrent te doen (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:40).

Groepede kan nou 'n oefening doen deur 'n voorbeeld van 'n werklike of denkbeeldige probleem te bespreek en deur middel van 'n rollespel aandag te gee aan die volgende aspekte, naamlik:

- *Wat is die probleem?*
- *Wat is die komponente van die probleem?*
- *Waarom word die situasie as 'n probleem beskou?*
- *Vir wie is dit 'n probleem?*
- *Wie anders word daardeur geraak?*
- *Hoe gaan die situasie 'n persoon beïnvloed as dit nie opgelos word nie?*

- **Samevatting**

Probleemoplossing op 'n bevredigende wyse, stel elke persoon in staat om te groei en te ontwikkel, ten einde meer effektief te kan funksioneer.

- **Evaluering**

Evalueer of gedepriveerde vrou 'n probleem effektief sal kan hanteer deur waarneming van deelname aan oefening

SESSIE 2: BESLUITNEMING

- **Inleiding en agtergrond**

Elke persoon moet op 'n stadium 'n besluit neem. Die wyse waarop besluite geneem word, beïnvloed die lewe van 'n persoon. Besluitneming is 'n belangrike aspek van probleemoplossing en dus is dit belangrik dat lede geleer word om goeie besluit te neem, deur vaardighede in te oefen en inligting te bekom oor aspekte wat besluitneming kan voorkom.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om besluite effektief te kan neem, deur vaardighede in te oefen.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Oefening: Besluitneming	20 minute
Leerinhoud	30 minute
Samevatting	3 minute
Gevolgtrekking	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Inligtingstuk

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die waarde van doeltreffende besluitneming.
- Bespreking van leerinhoud aangaande teorieë oor besluitneming, naamlik betrokkenheid by, probleme wat ondervind kan word en kriteria vir goeie besluite (Hope & Timmel, 1992:95).

- **Leerinhoud:**

Oefening: Besluitneming.

'n Besluitnemingsoefening kan nou aan die groep gegee word sodat daar gereflekteer kan word op patrone en probleme wat moontlik kan ontstaan.

- Gee vir die groep 'n realistiese voorbeeld soos wat om aan te trek na 'n funksie.
- Na die groep 'n besluit gemaak het, identifiseer hulle die probleme wat hulle ondervind het.
- Besluit dan watter teorie die mees relevantste is.

- Die drie verskillende teorie word uitgedeel aan die lede en kortliks bespreek.
- Die groeplede bespreek watter probleme hulle ervaar het in die besluitneming, volgens die teorieë.
- Na die probleme bespreek is, moet die groep vasstel hoe hulle hul besluitneming kan verbeter. Sodoende sal hulle hulle eie norme en riglyne vaslê en meer geneig wees om daarby te hou

Teorieë in besluitneming.

TEORIE 1: Betrokkenheid by besluitneming

- Die "plons." 'n Besluit word geneem deur nie te besluit nie. 'n Voorbeeld hiervan is as iemand 'n voorstel maak en dit val soos 'n klip in die water, aangesien die voorstel geïgnoreer word.
- Die een-man besluit. Een persoon in 'n groep maak 'n vinnige besluit en as sy ondersteuning soek by ander lede, vind sy dat sy alleen staan en dit self moet uitvoer.
- Die handklap besluit. 'n Persoon maak 'n voorstel en almal dink dit is wonderlik sonder om dit te bespreek, later kom ongelukkigheid na vore.
- Die "Kliek"besluit. 'n Besluit word vooraf deur 'n klein groep gemaak en op die res afgedwing.
- Minderheidsbesluit. 'n Magtige persoonlikheid domineer die groep en neem die besluit terwyl die res apaties toekyk.
- Meerderheidstem besluit. Die mees effektiewe wyse om in groepsverband tot 'n besluit te kom.
- Swygsame konsensus. Hierdie besluit is gevaarlik omdat daar lede is wat moontlik nie die moed het om hulleself vrylik uit te druk nie.
- Konsensus. Dit is toestemming wat kompromieë bevat asook 'n kombinasie van verskillende moontlikhede, na alle opinies bespreek is.

'n Basiese reël geld dat die persoon wat die diepste geraak word deur die besluit, moet betrokke wees in die maak van die besluit.

TEORIE 2: Probleme in besluitneming

- Vrees vir gevolge.
- Verdeelde lojaliteit
- Interpersoonlike konflik.
- Verskuilde agendas.
- Onbevoegde leierskap.
- Botsende belange

TEORIE 3: Die neem van 'n goeie besluit

- Wees ingelig oor die situasie.
- Stel 'n doelwit vas ten opsigte van wat bereik moet word.
- Bepaal hoe beskikbaar 'n persoon is om betrokke te raak.
- Evalueer vordering.
- Evalueer die resultaat.

Faktore wat ook lede kan help om goeie besluite te neem is:

- 'n Duidelike doelwit
- 'n Duidelike begrip van wie verantwoordelik is vir die besluit.
- Vermoë om idees met mekaar te deel.
- Effektiewe maniere om voorstelle te toets.
- Ooreenstemming van watter prosedure die geskikste sal wees vir die situasie.

- **Samevatting**

Doeltreffende besluitneming is noodsaaklik vir effektiewe funksionering en hantering van situasies en probleme wat alledaags ervaar word.

- **Evaluering**

Evalueer of die gedepriveerde vrouens besluitnemingsvaardighede aangeleer het deur waarneming van deelname en insette tydens oefening.

SESSIE 3: STYLE EN EFFEKTIEWE KONFLIKHANTERING

- **Inleiding en agtergrond**

Konflik is 'n emosionele botsing, spanning of onrus weens een of ander moeilike gebeure of saak in een persoon se interaksie met 'n ander, omdat hulle twee verskillende persone is (Ouerverrykingskursus, 1990:81). Negatiewe gevoelens kan ontlok word wat weer aanleiding gee tot botsings. Konflik ontstaan weens verskille in persoonlikhede, mag en wedywering, swak aanvaarding, misverstande, eie gemoedstemming en deur faktore van buite soos lewenseise.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om konfliksituasie effektief op te los.



- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	20 minute
Oefening: Tipes konflik	15 minute
Dinkskrum	15 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Inligtingstuk
- Transparant

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor wat konflik behels.
- Bespreking van leerinhoud en oefeninge aangaande die tipes konflik, style van konflikhantering, faktore wat hantering kan strem, asook 'n riglyn vir positiewe konflikhantering.

- **Leerinhoud:**

Tipes konflik.

Brownell, et al. (1996:51) meld dat daar vier tipes konflik bestaan, naamlik:

- Interpersoonlike konflik: konflik binne in 'n persoon.

- Interpersoonlike konflik: konflik tussen twee persone
- Intergroepkonflik: konflik tussen 'n groep persone.
- Intergroepkonflik: konflik tussen verskeie groepe mense.

Groeplede bestudeer die tipes konflik en skryf voorbeelde neer van die tipe konflik wat hulle in hulle persoonlike situasie ervaar.

Style van konflikhantering.

Daar is verskillende style van konflikhantering, naamlik deur te onttrek, dit te ontken of te vermy, Deur die stryd gewonne te gee of die ander persoon aan te val en 'n eensydige uitslag in jou eie guns af te dwing. Verder kan daar ook onderhandel word en 'n skikking kan bereik word. Dit is egter noodsaaklik om 'n oplossing te vind wat vir beide partye die meeste sal beteken. Dit gaan dus nie oor wie wen en wie verloor nie, maar wat die beste in die omstandighede is (Ouerverrykingskursus, 1990: 85).

Faktore wat konflikhantering strem.

- Hou 'n dinkskrum oor faktore wat konflikhantering strem (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:136). Die belangrikste waarby uitgekome moet word is die volgende, naamlik:
- Stilstuipe as 'n wapen.
- "Ou koeie uit die sloot grawe".
- Woorde soos "altyd, nooit, tipies, toemaar en jy is net soos jou ma / pa"
- Ontkenning van die probleem.
- Opwek van skuldgevoelens.
- Sarkasme.
- Ontduik betrokkenheid of verantwoordelikheid.

'n Riglyn vir positiewe konflikhantering kan aan die lede uitgedeel word en bespreek word (Behr, Cilliers & Meyer, 1990:135).

Inligtingstuk 11: 'n Riglyn vir positiewe konflikhantering.

- Kies die korrekte tyd om die saak te bespreek.
- Bly by die onderwerp.
- Maak seker dat die boodskap reg ontvang is.
- Hanteer een saak op 'n keer.
- Moenie vir die ander persoon besluit wat hy dink en voel nie.
- Vergeet die verlede.
- Dink voor jy praat.
- Fokus op die saak en nie op die persoon nie.
- Wees openlik en eerlik ten opsigte van jou eie gevoelens.
- Wees positief om 'n oplossing te vind wat albei tevrede sal stel.

● **Samevatting**

Effektiewe vaardighede vir die oplossing van probleme is noodsaaklik vir doeltreffende funksionering in die gemeenskap.

● **Evaluering**

Waarneming van benutting van vaardighede om konflik effektief op te los.

4.3.2.3 Tema 3: lewensbeskouing en toekomspektief

● **Inleiding**

Van kleins af vorm mense beskouinge oor:

- wie hulle is,
- hoe ander mense is,

- wat belangrik is in die lewe en
- hoe hulle hulle moet gedra om aanvaar te word.

Mense lewe volgens hulle beskouinge en dit bepaal hulle lewenstyl en gedrag. As vrou en moeder moet 'n persoon hiervan bewus wees, ten einde gesinslede beter toe te rus en gedrag positief te beïnvloed.

- **Struktuur**

Hierdie afdeling word onderverdeel in drie sessies, naamlik:

- Gesinsatmosfeer
- Waardes
- Lewensmotief

SESSIE 1: GESINSATMOSFEER

- **Inleiding en agtergrond**

Daar bestaan vier faktore in die gesin wat 'n persoon se beskouing, lewenstyl en gedrag beïnvloed, naamlik:

- die gesinsatmosfeer en waardes,
- geslagsrolle,
- gesinsamestelling en
- die ouer se voorbeeld.

Daar sal hoofsaaklik in die bespreking aandag gegee word aan die atmosfeer en veral die waardes.

- **Doel**

Om insig by die gedepriveerde vrou te wek dat die gesinsatmosfeer as voorbeeld dien vir kinders ten opsigte van aanknoping en handhawing van verhoudings.

- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Oefening	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	40 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor die gesinsatmosfeer as faktor in die beïnvloeding van 'n persoon se lewenstyl en gedrag.
- Bespreking van leerinhoud oor die gesinsatmosfeer.

- **Leerinhoud:**

Die kenmerkende patroon van tussen menslike verhoudings wat deur die ouers van 'n kind gehandhaaf word, word die "gesinsatmosfeer" genoem. Die atmosfeer kan soos volg daar uit sien, naamlik:

- wedywerend of samewerkend;
- vriendelik of vyandig;
- outokraties of permissief; ordelik of chaoties.

Die gesinsatmosfeer voorsien gevolglik 'n model vir menslike verhoudings aan kinders (Ouerverrykingskursus, 1990:23).

Groeplede kan nou 'n oefening uitvoer waar hulle evalueer hoe hulle gesinsatmosfeer daar uitsien.

Vraelys 4: Evaluering van gesinsatmosfeer (Ouerverrykingskursus, 1990:23)

Laag	1
	2
Gemiddeld	3
	4
Hoog	5

Evalueer jou gesinsatmosfeer op 'n 5 puntskaal ten opsigte van die volgende:

STELLINGS:	1	2	3	4	5
Wedywerend					
Vriendelik					
Vyandig					
Samewerkend					
Outokraties					
Demokraties					
Beherend					
Permissief					
Ordelik					
Chaoties					

- **Samevatting**

Die gedepriveerde vrou moet tot die besef gelei word dat die atmosfeer wat hulle as ouers daarstel 'n bepalende invloed het op die kinders se verhoudingsaspek.

- **Evaluering**

Waarneming van deelname aan groepsaktiwiteit.

SESSIE 2: WAARDES

- **Inleiding en agtergrond**

'n Waarde kan beskryf word as iets waarin 'n persoon vir 'n lang tyd ernstig in glo en wat belangrik is in die persoon se lewe. Wanneer 'n waarde as eg beskou word deur 'n persoon, moet die persoon bereid wees om daarvoor te praat en daarvoor op te staan (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993: 50).

- **Doel**

Om insig by die gedepriveerde vrou te wek dat waardes in 'n gesin noodsaaklik is vir die voortbestaan van die gesin.



- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Oefening: Waardes	10 minute
Oefening: Storie	20 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	50 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys
- Storie

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor wat waardes beteken vir die gesin.
- Bespreking van leerinhoud oor wat waardes behels, asook die doel en stappe van waardeklarifikasie.

- **Leerinhoud:**

Waardes

Gesinswaardes is dit wat vir 'n gesin wenslik en nuttig is en waarin hulle glo dat dit lei tot die verbetering en geluk in hulle lewens. Gesinslede is bewus of onbewus van hulle waardes en elke persoon kan nie neutraal bly staan teenoor die waardes van hulle gesin nie, aangesien elkeen moet

besluit hoe daarop gereageer gaan word. Gaan 'n persoon dit aanvaar en herhaal of verwerp en daarvoor kompenseer (Ouerverrykingskursus, 1990:24).

Vraelys 5: Evaluering van waardes (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:56)

Watter waardes is vir jou belangrik? Vul ook jou eie in as dit nie gemeld word nie.

Laag	1
	2
Gemiddeld	3
	4
Hoog	5

STELLINGS:	1	2	3	4	5
Godsdiens					
Akademiese prestasies					
Sport					
Musiek					
Netheid					
Oorspronklikheid					
Hardwerkendheid					
Mag					
Beheer					
Om reg te wees					
Ander:					

- Lede kan nou 'n oefening doen om insig oor hulle eie waardes te bekom.

Vraelys 6: Insig in waardes (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:55)

1. Vir my is die drie belangrikste dinge in die lewe...

-
-
-

2. Sover het ek hierdie waardes ondersteun deur...

-
-
-

3. Die laaste keer wat ek hierdie waardes ondersteun het was toe...

-
-
-

4. Wanneer iemand iets teen hierdie waardes het sal ek...

-
-
-

5. In die toekoms wil ek hierdie waardes uitdruk deur...

-
-
-

Die doel van waardeklarifikasie

Die doel van klarifikasie is in hoofsaak dus:

- om inligting te verskaf waaroor die gedepriweerde vrou nie beskik nie,
- om hulle dan in staat te stel om 'n keuse te maak oor 'n houding en 'n gedragslyn wat koers aan hulle lewe gee, sodat rasonale denke en kontrole oor die vrou se lewe totstand kom en

- laastens help dit ook om gesinslede en houdings van ander jeens die gedepriveerde vrou in 'n beter perspektief te sien (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993:55).

Tydens hierdie deel van die program gaan die gedepriveerde vrou deur 'n proses waardeur sy gehelp word om deur optrede, gevoelens en idees, te ontdek watter belangrike keuses sy voortdurend maak.

Stappe tydens waardeklarifikasie

Waardeklarifikasie vind aan die hand van die volgende stappe plaas (Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit, 1993: 56), naamlik:

Keuse:

- Vrye keuse
- Keuse uit alternatiewe
- Keuse uit alternatiewe na deeglike oorweging.


Waardebepaling:

- Gelukkig en tevrede met keuse
- Bereid om keuse openbaar te maak.

Optrede:

- Doen iets uit eie keuse
- Herhaal optrede, lewenswyse en lewensbeskouing.
- Tree op binne patroon sonder afwyking en by herhaling.
- Groeplede luister na 'n storie met gepaardgaande illustrasie en voer die opdragte uit.

Inligtingstuk 12: Waardestorie (Opvoeding in lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993:60)



Hierdie is 'n klein dorpje in die berge. In die dorpje het 'n baie mooi meisie gebly

- (A). Wat sal ons haar noem? Skryf haar naam neer. Sy het uitgegaan met die boer
- (B). Wat sal ons hom noem? Skryf sy naam neer. Sy buurman het ook geboer
- (C). Wat sal ons hom noem? Hy het die enigste groot boot op die dorpje. Daar het ook 'n wyse ou man gebly
- (E). Wat sal ons hom noem?

A en B het uitgegaan en was baie lief vir mekaar, hulle sou trou en het elke aand op die brug bymekaar gekom om te gesels. Die aand voor hulle troue het 'n vreeslike storm losgebars en die brug het weggespoel. Daar was geen manier waarop die rivier oorgesteek kon word nie, behalwe met D se boot. Nadat A en B 'n tyd lank tot op die oewer gegaan en slegs vir mekaar in die verte kon kyk, maar nie eens kon skree nie, het hulle maar opgehou om dit te doen.

A was baie hartseer en gaan na D en vra om haar oor die rivier te neem. D sê dat hy sal as sy die nag met hom deurbring. Sy sê dat sy nie kan nie omdat sy lief is vir B. Sy gaan na E en vra raad. Hy sê hy kan nie vir haar sê wat om te doen nie, dit is 'n besluit wat sy self sal moet neem. Na baie oorweging, spandeer sy 'n nag met D en neem hy haar die volgende dag oor. Sy hardloop na B en hy is baie bly om haar te sien. Sy vertel hom die hele storie van hoe sy daar gekom het, omdat dit

vir haar belangrik is dat hulle geen geheime vir mekaar het nie. Hy slaan haar en jaag haar weg. Sy sit en huil in haar hande. C kom vra wat aangaan en sy vertel hom alles. Hy gaan slaan vir B en sy trou met C (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993: 60).

Die groeplede word gevra om te besluit wie van die karakters die korrek opgetree het, asook wie inkorrek opgetree het. Antwoorde moet gemotiveer word.

- **Samevatting**

Elke persoon moet die begrip hê van wat reg en verkeerd is en waardes in die gesin uitbou en handhaaf.

- **Evaluering**

Waarneming van betrokkenheid en deelname aan oefeninge.

SESSIE 3: LEWENSMOTIEF

- **Inleiding en agtergrond**

Elke mens het 'n basies lewensmotief soos reeds vermeld. Dit behels wat hulle werklik uit die lewe wil hê en is gevolglik die primêre dryfkrag in 'n persoon se lewe, asook die basiese bron van lewensgehalte en geluk. Dit is dus noodsaaklik dat elke persoon sal besluit wat hy uit die lewe wil hê.

- **Doel**

Om die gedepriveerde vrou in staat te stel om haar lewensmotief te bepaal.



- **Tydskedule**

Inligtingbespreking	5 minute
Leerinhoud	10 minute
Oefening: My eie lewensmotief	15 minute
Oefening: Selfportret	15 minute
Samevatting	3 minute
Evaluering	2 minute
Totaal	60 minute

- **Apparaat en hulpmiddels**

- Vraelys
- Papier en potlode

- **Voorgestelde aktiwiteite**

- 'n Kort inleiding oor wat 'n lewensmotief behels en die noodsaaklikheid daarvan.
- Bespreking van leerinhoud oor die lewensmotief.
- Uitvoering van lewensmotief oefeninge.

- **Leerinhoud**

'n Lewensmotief kan slegs tot ware self-aktualisering lei indien dit gebaseer word op die bydrae wat die betrokke individu tot die gemeenskap kan lewer, vanweë die talente en potensiaal wat in die persoon se self opgesluit lê. So 'n lewensmotief is inderwaarheid 'n visie waaroor 'n persoon beskik ten opsigte van die rol en invloed wat die persoon in die samelewing kan uitoefen indien al die potensiaal wat in die self opgesluit is, ten volle ontsluit word (Behr, Cilliers & Meyer, Kol, 1990:80).

'n Lewensmotief wat op so 'n visie gebaseer word, motiveer 'n persoon tot selfaktualisering wat weer 'n wenslike bydrae tot lewenskwaliteit lewer.

Groeplede kan nou 'n oefening doen om hulle lewensmotief te bepaal.

Vraelys 7: Lewensmotief (Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1993: 65)

Beantwoord die volgende vrae vir jousef. Indien jy hierdie vrae eerlik beantwoord, behoort dit jou te help om jou eie lewensmotief te begryp.
1. Noem 3 mees sinvolle dinge wat jy tot dusver in jou lewe gedoen het.
•
•
•
2. Waarom beskou jy hierdie dinge as die mees sinvolle dinge wat jy nog gedoen het?
•
•
•
3. Hoe sou jy 'n sinvolle dag beskryf?
4. Wat wil jy graag met jou lewe bereik? Beantwoord hierdie vraag deur die volgende sin te voltooi, naamlik: Aan die einde van my lewe sal ek graag wil kan sê:
5. Skryf nou jou lewensmotief neer.
6. Is dit regtig wat jy uit die lewe wil hê?

Oefening 2: Selfportret

Groeplede kry die geleentheid om sketse te maak van hoe hulle hulleself in verskillende fases in die toekoms sien. Temas wat bespreek kan word behels die werk, gesin en buitemuurse aktiwiteite.

Oefening 3: Die toekoms

Groeplede kry die geleentheid om die wêreld te teken soos wat hulle dit voorstel oor 10 jaar. 'n Bespreking volg oor die effek van verandering op 'n persoon se lewe ten opsigte van persoonlike ontwikkeling, verhoudings, werk en ontspanning.

- **Samevatting**

'n Volwasse mensbeskouing maak voorsiening vir die andersheid van elke individu. Elke mens staan in verskillende verhoudings tot ander mense en dus moet 'n gedepriveerde vrou elke mens sy eie mening gun, asook om van mekaar te verskil. Kenmerkend van 'n volwasse persoon is dus 'n geordende, verwerkte en geïntegreerde lewensbeskouing, waar 'n vrou haar taak om te lewe met vreugde op neem en met haar lewensfase tred hou.

- **Evaluering**

Bepaal of die groeplede die idee van 'n realistiese en positiewe lewensbeskouing geïnternaliseer het.

4.3.3 SAMEVATTING

Indien daarin geslaag word om die gedepriveerde vrou te bemagtig by wyse van die voorgestelde maatskaplikewerkprogram, sal dit daartoe lei dat sy meer toereikend en effektief funksioneer. Waar die gedepriveerde vrou in die verlede ontoereikend gefunksioneer het aan

die hand van die verskeie aspekte van maatskaplike funksionering, sal sy nou daarin slaag om as sterk bemagtigde volwassene haarself in die gemeenskap te handhaaf en 'n positiewe bydra te lewer.

Na afloop van die program sal die gedepriveerde vrou in staat wees om haarself te beoordeel en te verstaan, aangesien sy nou oor 'n meer realistiese selfbeeld beskik.. Die vrou is geleer om vrede te maak met haar eie voorkoms, talente en tekortkominge en haarself te aanvaar. Sy besef egter dat sy op sekere geïdentifiseerde gebiede kan groei en verander.

Verder stel die program die gedepriveerde vrou in staat om haarself op elke terrein te kan handhaaf en verantwoordelikheid vir haar optrede te aanvaar. Verantwoordelikheid behels dus dat die persoon self besluite neem en keuses kan maak en dan self die gevolge van hierdie besluite en keuses dra. Emosionele groei vind op die pad van bemagtiging, volwassenheid en effektiewe en toereikende funksionering plaas. Die gedepriveerde vrou leer ook om emosies te belewe maar nie daardeur oorweldig te raak nie. Sy kan emosies beter uitken, verwerk en beheer.

Die gedepriveerde vrou besef ook nou dat die verhoudings in haar lewe 'n toegif is op voorwaarde dat sy haar nuutverworwe vermoë om bindende, bevredigende verhoudings aan te gaan, sal koester en uitbou. Sy is nou beter in staat om van haarself te gee, maar ook om van ander te neem, sodat die opregte verhoudings waarna sy streef meer sin aan haar lewe gee.

Dit is ook onder die aandag van die gedepriveerde vrou gebring dat besluite aan die hand van waardes geneem word. As bemagtigde persoon is sy in staat gestel om vir haarself rekenskap te gee van wat sy as waardevol in die lewe beskou. Verder is dit ook nou vir haar moontlik om aan die hand van die waardes waarmee sy uit eie vrye wil haarself vereenselwig, haar keuses en besluite te maak en dan daarby te staan.

Die gedepriveerde vrou is ook bemagtig om te verstaan dat elke individu anders is en dat elke mens in verskillende verhoudings tot 'n ander staan. Sy kan nou elke mens sy eie mening gun, maar kan ook op korrekte wyse van ander verskil. 'n Gees van welwillendheid behoort nou in haar te

heers teenoor ander mense in haar lewe en sy behoort te besef dat sy mense op haar pad nodig het. Haar gesindheid is nie meer om ander te misbruik nie, maar om die bereidwilligheid te ontwikkel om eerder 'n hand uit te reik na mense in nood. As vrou is sy bestem om hierdie taak sowel as al haar ander rolle en take met blymoedigheid op te neem en op verantwoordelike wyse uit te voer na die beste van haar vermoëns.

Die gedepriveerde vrou word onder andere gekenmerk aan ontoereikende optredes, wanfunksionering in die gemeenskap, magteloosheid, onrealisme en onverantwoordelikheid. Hierdie maatskaplikewerkprogram sal haar in staatstel om bemagtig te word, sodat sy uit die stryd sal tree as 'n toereikende volwasse persoon, wat 'n verwerkte en geïntegreerde lewensbeskouing koester, en haar rol en take in die lewe met vreugde opneem.

Vir die navorser is dit duidelik dat selfdirektiewe groepwerk die ideale intervensiestrategie is om bemagtiging by die gedepriveerde vrou te bewerkstellig.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die primêre doel van hierdie studie was om 'n maatskaplikwerkprogram te ontwikkel waarmee gedepriveerde vrouens bemagtig kan word deur primêre aspekte van hulle maatskaplike funksionering, deur middel van selfdirektiewe groepwerk, aan te spreek.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik is die volgende doelwitte geformuleer:

- 'n Teoretiese deurskouing van deprivasie ten opsigte van kenmerke, behoeftes en indikators van maatskaplike wanfunksionering.
- 'n Indiepte bespreking van bemagtiging aan die hand van 'n selfdirektiewe groepwerkmodel.
- Om aan die hand van die literatuur 'n ondersoek te loods ten einde vas te stel watter tipe intervensietemas in die beoogde maatskaplikwerkprogram ingesluit behoort te word ten einde spesifieke aspekte van maatskaplike funksionering van die gedepriveerde vrou aan te spreek.
- Die ontwikkeling van 'n praktiese maatskaplikwerkprogram as instrument om gedepriveerde vrouens te bemagtig ten einde hulle in staat te stel om meer effektief te kan funksioneer in die samelewing.
- Om na afloop van die studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak.

Die belangrikste gevolgtrekkings waartoe gekom is sal vervolgens uitgelig word, waarna enkele aanbevelings gemaak sal word.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

Die navorser het tot die volgende gevolgtrekkings gekom aan die hand van die literatuur en die maatskaplikeprogram wat ontwikkel is:

- By die nalees van die literatuur met die oog op die definiëring en teoretiese fundering van die konsep gedepriveerdheid en maatskaplike funksionering, kon die navorser min plaaslik relevante inligting bekom. Die navorser is van mening dat die fundering van die begrippe, gedepriveerdheid en maatskaplike funksionering, deur verdere navorsing uitgebou kan word. Die navorser het verder tot die gevolgtrekking gekom dat die literatuurstudie 'n beter lig werp op die behoeftes en kenmerke van die gedepriveerde vrou en hoe sy maatskaplik wanfunksioneer in die samelewing. (Vergelyk Geismar, 1980:71-262.) Hierdie teoretiese fundering kan lei tot 'n beter begrip by maatskaplike werkers vir die behoeftes van die gedepriveerde vrou.
- Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat selfdirektiewe groepwerk die ideale intervensiestrategie is om bemagtiging by die gedepriveerde vrou te bewerkstellig, aangesien selfdirektiewe optrede gebaseer is op die kollektiewe mag van persone wat in 'n groep georganiseer is. (Vergelyk Rappaport, 1986a:69 en Mullender & Ward, 1991:24-139.) In 'n groep kan die gedepriveerde vrou leer om strategieë uit te ruil en nuwe strategieë aan te leer van ander gedepriveerde vroue in dieselfde situasie. In die groep beleef die gedepriveerde vroue mekaar as 'n ondersteuningsnetwerk, sowel as 'n bron van vriendskap en gevolglik word sosiale isolasie voorkom. Vir die navorser blyk dit dus dat die klein intieme groepopset die ideale milieu is waarin die gedepriveerde vrou op 'n beskermde wyse blootgestel kan word aan metodes om bemagtiging by haar te weeg te bring.
- Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) meld dat: "South Africans are called upon to participate in the development of an equitable, people-centred, democratic and appropriate social welfare system. The goal of developmental social welfare is a humane, peaceful, just and caring society which will uphold welfare rights, facilitate the meeting of basic human needs,

release people's creative energies, help them achieve their aspirations, build human capacity and self-reliance, and participate fully in all spheres of social, economic and political life. South Africans will be afforded the opportunity to play an active role in promoting their own well-being and in contributing to the growth and development of our nation. The challenge facing the welfare system is to devise appropriate and integrated strategies to address the alienation and the economic and social marginalisation of vast sectors of the population who are living in poverty, are vulnerable, and have special needs." Met inagneming van die bogenoemde literatuur het die navorser die afleiding gemaak dat programme ontwikkel moet word vir alle gedepriveerde vroue wat maatskaplik wanfunksioneer, sonder die klem op ras. Die klem moet eerder val op die vrou as sulks wat in die verlede gebuk gegaan het onder diskriminasie, uitbuiting en onderdrukking. Die voorgestelde bemagtigingsprogram is vir alle vroue toepaslik en sluit dus direk by die Welsynsbeleid aan, naamlik om programme te ontwikkel vir die behoeftes van gemarginaliseerde vroue.

- Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) vereis dat daar vir die ontwikkeling van programme vir die vrou gefokus word op spesifieke areas, naamlik armoede en werksomstandighede, voeding en behuising, mishandeling en geweld, huwelik- en gesinsverhoudings, en lewensvaardighede soos probleemoplossing, selfhandhawing en lewensmotivering. Die voorgestelde bemagtigingsprogram sluit hierdie areas in wat beteken dat die maatskaplike wanfunksionering van die gedepriveerde vrou wel in lyn met die Witskrif is.
- Die navorser kan met inagneming van die bogenoemde, dus die afleiding maak dat die gedepriveerde vrou wat blootgestel word aan hierdie program wat ontwikkel is, byvoorbeeld in staat sal wees om haar gebrekkige finansies en inkomste beter te bestuur ten einde in die behoeftes van haar gesin te kan voldoen. (Vergelyk Geismar & Ayres, 1959:36.) Aangesien die program inligting en opleiding met betrekking tot spesifieke vaardighede vervat is dit moontlik dat die vrou alternatiewe inkomste kan oorweeg, soos die verkoop van artikels wat sy self gemaak het.

- Klem word ook in die program gelê op die gedepriveerde vrou se werksomstandighede tuis. Die navorser is van mening dat die verskillende hulpmiddels en tegnieke in dié deel van die program haar in staat sal stel om haar rol as tuisteskepper meer bevredigend en sinvol te beleef. (Vergelyk die Vroue Reik Uit Stigting: Program 10, 1993:105-111.)
- Verhoudings met die eggenoot, gesin en vriende sal moontlik na afloop van deelname aan die program, in 'n ander lig gesien word. Die gedepriveerde vrou sal nie net alles aanvaar nie, maar aan die situasie begin dink en waarskynlik die tegnieke toepas om probleme beter op te los, konflik konstruktief te hanteer en tot 'n bevredigende besluit te kom. Groei en ontwikkeling sal sodoende plaasvind. (Vergelyk Behr, Cilliers & Meyer, 1990:104 en die Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1983:82.)
- Weens die feit dat daar intensiewe aandag gegee word aan die ontwikkeling van 'n goeie selfbeeld en die vermoë om meer selfhandhawend op te tree tydens hierdie bemagtigingsprogram, kan dit die gedepriveerde vrou in staat stel om na afloop daarvan met meer trots en selfvertroue op te tree en haar lewensake met ywer en entoesiasme aan te pak. (Vergelyk Opvoeding in Lewensvaardigheid en Seksualiteit, 1983:45.)
- Die navorser is verder ook van mening dat hierdie program die gedepriveerde vrou sal lei om meer in ooreenstemming met haar lewensdoel te lewe en hoop vir die toekoms te openbaar. Hierdie lewensbeskouing sal voortspruit uit die feit dat deelname aan die programaktiwiteite haar bemagtig het om haar omstandighede te verbeter en sy kennis en vaardighede ontwikkel het vir die bereiking van haar lewensdoel. (Vergelyk Viljoen, 1975:8 en Nel, 1975:65.)
- Die navorser is aan die hand van die voorafgaande gevolgtrekkings van mening dat die aanname vir hierdie studie bevestig is, naamlik: Indien gedepriveerde vroue deur middel van selfdirektiewe groepwerk, deelneem aan 'n maatskaplikewerkprogram wat afgestem is op haar behoeftes, kennis en vaardighede, sal sy bemagtig wees om maatskaplik beter te kan funksioneer. (Vergelyk Chazan in Pretorius, 1986:15, Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997:23, Geismar, 1980:262 en Mullender & Ward, 1991: 24 – 139.)

5.3 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die studie kan die volgende aanbevelings gemaak word.

- Uit die studie blyk dit dat die gedepriveerde vrou dit moeilik vind om effektief ten opsigte van aspekte van maatskaplik funksionering te funksioneer. Daar word dus deur die navorser aanbeveel dat die gedepriveerde vrou moet inskakel by hulpverlening, spesifiek by bemagtigingsprogramme wat gerig is op maatskaplike funksionering, ten einde haar in staat te stel om meer effektief te funksioneer.
- Aangesien die maatskaplike werker oor die nodige kennis, vaardighede en ondervinding beskik, word dit aanbeveel dat sy die aangewese persoon is om gedepriveerde vrouens in gemeenskapsverband by te staan en te help om maatskaplik meer effektief te funksioneer. Die navorser is egter ook van mening dat rolspelers soos klinieksusters, opvoedkundiges en ekonome, by hierdie proses betrek moet word, ten einde hulle kundigheid te benut.
- Die maatskaplike werker wat hierdie program benut moet die gedepriveerde vrouens in groepsverband betrek, meer spesifiek selfdirektiewe groepwerk as metode en strategie. Sodoende kan intensiewe aandag, ondersteuning en hulp aan die groeplede verleen word ten tye van die bemagtigingsproses.
- Die navorser beveel aan dat gedepriveerde vrouens wat by hierdie bemagtigingsprogram betrek word, 'n definitiewe behoefte aan verbetering moet toon en bereid moet wees om hulle vir 'n lang tydperk te verbind tot hierdie hulpverlening. Bemagtiging vind nie oornag plaas nie, maar is 'n proses wat tyd neem, sodat alle aspekte en onderwerpe van belang deeglik deurgewerk, bespreek en ingeoefen kan word. Aandag sal ook geskenk moet word aan opvolg en instandhouding.
- Die toepassing van die voorgestelde bemagtigingsprogram as maatskaplikewerkintervensie, sal enersyds bepaal hoe effektief dit die gedepriveerde vrou se maatskaplike funksionering kan

verbeter en andersyds verdere navorsing stimuleer. Leemtes in die program kan sodoende geïdentifiseer word en veranderinge kan aangebring word. Die navorser beveel aan dat evaluatiewe studie die aangewese navorsingsmetodologie is om die effek van hierdie program in die praktyk te toets en daarop voort te bou.

- Dit sal onrealisties wees om aan te neem dat alle aspekte van maatskaplike funksionering voldoende gedek is deur hierdie program, weens die aard van die behoeftes van die gedepriveerde vrou. Die navorser beveel dus aan dat die gedepriveerde vrou deur die maatskaplike werker betrek sal word, om haar behoeftes te assesser ten einde die program relevant te maak vir elke groep wat daaraan blootgestel gaan word.
- Dit is noodsaaklik dat die verskillende rolspelers by die hele bemagtigingsproses, soos behoeftebepaling, beplanning, toepassing en evaluering betrek word ten einde intersektorale samewerking te bewerkstellig ten einde 'n betekenisvolle deelname aan die proses van bemagtiging te verseker. Die maatskaplike werker kan as koördineerder en hooffasiliteerder van die program optree.
- Sentraal tot die proses van bemagtiging, is die konsep van rekonstruksie, dit wil sê, die uitdaging van houdings teenoor ander persone en die heropbou van kruis-kulturele verhoudings. Daar is 'n behoefte in Suid-Afrika om die waarde van elke persoon te herontdek en te erken, asook die ontwikkeling van 'n demokratiese, besorgde houding binne in die diverse gemeenskappe in die samelewing. Dit is 'n groot uitdaging om 'n kultuur van respek, verdraagsaamheid en versoening te kweek en daarom is dit noodsaaklik om die maatskaplike wanfunksionering van die gedepriveerde vrou aan te spreek ten einde 'n samelewing te bou waarin elke mens erken word en spesifiek die vrou se waarde vir die samelewing. Die navorser beveel dus aan dat 'n bemagtigingsprogram kulturele diversiteit moet akkommodeer.

5.4 SLOTOPMERKING

Die verkennende navorsing wat onderneem is in die studie om gedepriveerdheid, maatskaplike funksionering en bemagtiging te definieer, te fundeer en 'n program daaruit te ontwikkel, dien as grondslag waaruit 'n meer in diepte navorsing kan voortvloei. Die lewensomstandighede van die gedepriveerde vrou maak dit soms vir haar moeilik om ewewig te behou. Sy ervaar dikwels 'n gebrek aan selfvertroue omdat sy onseker is oor haar rol en plek in die samelewing, asook oor haar ooglopende agterstand. 'n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram, gebaseer op selfdirektiewe groepwerk, is die ideale hulpmiddel om bemagtiging by die gedepriveerde vrou te weeg te bring, sodat sy meer effektief kan funksioneer en sin en betekenis in haar lewe kan ervaar.

BRONNELYS

- Adams, R. 1990. **Selfhelp, Social Work and Empowerment**. London: MacMillan.
- Amos, W.E. & Williams, D.E. 1972. **Community Counseling**. Louis: Warren H. Green.
- Andre, J. 1985. **Power, Oppression and Gender**. **Social Theory and Practice** 11(1), September: 115-120.
- Babbie, E. 1992. **The practice of social research**. 6th ed. California: Wadsworth.
- Bandura, A. 1982. Self-efficacy mechanisms in human agency. **American Psychology** 37 (1), November: 122-147.
- Behr, B.; Cilliers, E. & Meyer, C. 1990. **Tiener in die kol**. Pretoria: Dibukeng.
- Boehm, W. 1959. **The Social Casework Method in Social Work Education**. New York: John Wiley & Sons.
- Brake, M. & Bailey, R. (Eds.) 1980. **Radical Social Work and Practice**. London: Edward Arnold.
- Brownell, A.J.J.; Craig, B.J.; De Haas, J.E.; Harris, B.H. & Ntshangase, S.M. (Eds.) 1996. **Life Skills: Personal and Interpersonal Development**. Pretoria: Kagiso.
- Cilliers, S. P. 1970. **Maatskaplike Navorsing**. Stellenbosch: Kosmos.
- Conception and Contraception. **Video**. 10 minute.

- Croft, S. & Beresford, P. 1989. User-involvement, citizenship and social policy. **Critical Social Policy** 26 (1), April: 5-18.
- De Vos, A.S. 1998. (ed). **Research at Grass Roots: A primer for the caring professions**. Pretoria: J L van Schaik.
- Direktoraat Opvoeding van die SAVF Transvaal. Navorsingskomitee, 1991. **Riglyn vir die stig en hantering van Milieugestremde Groepe**.
- Dodd, P. & Gutierrez, L.M. 1990. Preparing Students for the Future: A Power Perspective on Community Practice. **Administration in Social Work**, 14(2), October: 63-77.
- French, J.R.P. & Raven, B. 1959. The Bases of Social Power. In Cartwright, D. (Ed.) **Studies in Social Power**. Ann Arbor: Institute for Social Research, University of Michigan.
- Gama, J. 1984. 1984 – The Year of the Housewife. **Maatskaplike Werk Praktyk**, 3(48), November: 9-11.
- Geismar, L.L. 1980. **Family and Community Functioning**. New York: The Scarecrow Press.
- Geismar, L.L. & Ayres, B. 1959. **Patterns of change in Problem Families**. St. Paul, Minnesota: Greater St. Paul Community Chest and Council.
- Geismar, L.L. & La Sorte, M.A. 1964. **Understanding the Multi-Problem Family: A Conceptual Analysis and Exploration in Early Identification**. New York: Association Press.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C. 1979. **Psigologiewoordeboek**. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Grinnell, R. M. 1993. **Social work research and evaluation**. 4th ed. Illinois: Peacock.

- Gutierrez, L.M. 1990. Working with Women of Colour: An Empowerment Perspective. **Social Work / Maatskaplike Werk**. 10(3), Maart: 149-153.
- Hanmer, J. & Statham, D. 1988. **Women and Social Work: Towards a Women-Centred Practice**. London: MacMillan.
- Henderson, P. & Thomas, D. (Eds.) 1980. **Skills in Neighbourhood Work**. London: Allen & Unwin.
- Hodge, F.J.B. 1985. **Planning for Co-Leadership: A Practice Guide for Groupworkers**. Newcastle: Groupvine.
- Hofmeyr, L. 1993. **Navorsingsontwerpe**. MWT 413. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.
- Hope, A. & Timmel, S. 1992. **Training for Transformation: A Handbook for Community Workers**. Zimbabwe: Mambo Press. (Book 2).
- Hudson, A. 1982. **The clinical measurement package**. Illinois: The Dorsey Press.
- Hugo, E.A.K. 1971. **Die Mens in Nood**. Pretoria: Academica.
- Keenan, E. & Pinkerton, J. 1988. Social Action Groupwork as Negotiation: Contradictions in the Process of Empowerment. **Groupwork**, 1(3), April: 229-238.
- Kerlinger, F. N. 1970. **Foundations of Behavioral Research**. London: Holt, Rinehardt & Winston.

- Kieffer, C.H. 1981. **The Emergence of Empowerment: The Development of participatory competence among individuals in citizen organizations.** Unpublished doctoral dissertation. University of Michigan.
- Kinder- & Gesinsorgvereniging 1990. **Ouerverrykingskursus.** Pretoria: Esburg.
- Kreisberg, S. 1992. **Transforming Power: Domination, Empowerment and Education.** Albany: State University of New York Press.
- Lewis, J.A. & Lewis, M.D. 1983. **Management of Human Service Programs.** Pacific Grove, California: Brooks & Cole.
- Lewis, J.A. & Lewis, M.D. 1989. **Community Counseling.** Pacific Grove, California: Brooks & Cole.
- Louw, C.D.; Weitsz, G.H. & Radebe, C.V. (Eds.) 1996. **Life Skills: Family and Sexuality Education.** Pretoria: Kagiso.
- Mathis, T. & Richan, D. 1986. Empowerment: Practice in Search of a Theory. **Paper presented at the Annual Program Meeting of the Council on Social Work Education.** March, Miami: Florida.
- Meintjies, B.J.J. 1990. **Pedagogiese, Psigologiese en Sosiale Kenmerke van die Milieugestremde Gesin.** Ongepubliseerde D.Phil. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Merton, R.K. (Red.) 1957. **Social Theory and Social Structure.** Glencoe, Illinois: The Free Press.
- Mills, D.Q. 1994. **The Empowerment imperative: Six steps to a higher performance organization.** Amherst, Massachusetts: Human Resource Development Press.

- Mouton, J. & Marais, H.C. 1994. **Basic concepts in the methodology of the social sciences.** Pretoria: HSCR.
- Mullender, A. & Ward, D. 1991. **Self-Directed Groupwork: Users take Action for Empowerment.** London: Whiting & Birch.
- Muller, M.S. & Plantenga, Q. 1990. **Women and Habitat: Urban management, empowerment and women's strategies.** Amsterdam: Royal Tropical Institute.
- Nel, E. 1975. **'n Deurskouing van die Maatskaplike Nood van die bejaarde met die oog op maatskaplikewerk-hulpverlening.** Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Page, M. 1983. **Language and Community Politics: Talking points.** London: Association of Community Workers.
- Parsons, R.J. 1991. Empowerment: Purpose and Practice Principles in Social Work. **Social Work with groups** 14 (2), Junie: 7-21.
- Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Departement Voeding en Gesinsekologie, 1993. **Vroue Reik Uit Stigting: 10 Program.**
- Pretorius, J.W.M. 1986. **Kompensatoriese Onderwys.** Ongepubliseerde Navorsingsverslag. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Rappaport, J. 1986a. In Praise of Paradox: A Social policy of Empowerment over Prevention. In Seidman, E. & Rappaport, J. (Eds.) **Redefining Social Problems.** New York: Plenum.

Rappaport, J. 1986b. Collaborating for Empowerment: Creating the language of Mutual Help. In Boyte, H.C. & Riessman, F. (Eds.) **The New Populism: The Politics of Empowerment**. Philadelphia: Temple University Press.

Riessman, F. 1986. The New Populism and the Empowerment Ethos. In Boyte, H.C. &

Riessman, F. (Eds.) **The New Populism: The politics of Empowerment**. Philadelphia: Temple University Press.

Ross, S.A. 1991. "He has pulled down the mighty from their thrones and has exalted the lonely": A Feminist Reflection on Empowerment. In Downey, M. 1991. **That they might live: Power, Empowerment and Leadership in the Church**. New York: Crossroad.

Schieke, E. 1992. **Maatskaplike Werk met Milieugestremdes**. MWP 300. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.

Smit, G. J. 1985. **Navorsingsmetodes in die Gedragwetenskappe**. Pretoria: HAUM.

Steward, A.M. 1994. **Empowering People**. London: Pitman.

Suid-Afrika (Republiek). 1993. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling: Primêre Gesondheidsorg. **Opvoeding in Lewensvaardighede en Seksualiteit**. Februarie. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek). 1997. Ministry for Welfare and Population Development: **White Paper for Social Welfare**. Notice 1108 of 1997. August. Pretoria: Staatskoerant, nommer 18166.

Their, M.J. 1993. Empowerment. **Journal for Quality and Participation in Training and Development** 10 (4), October: 9-15.

Tiedt, S.W. 1968. **Teaching the Disadvantage Child**. New York: Oxford University Press.

Trickett, E.J. 1991. **Living an idea: Empowerment and the evolution of an alternative high school**. Maryland: Brookline Brooks.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk**. Hersiende en uitgebreide uitgawe. Parow: CTP Book Printers.

Van Rooyen, I.J.J. 1963. **Maatskaplike Funkionering en Maatskaplike Werk**. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Venter, R. 1975. **Maatskaplike Nood**. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.

Viljoen, R.J. 1975. **Gesinsorg**. MWT 300. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.

Williams, C. 1992. **No Hiding Place: Empowerment and recovery for our Troubled Communities**. New York: Harper Collins.

Young, K.M. **The Basic Steps of Planning**. 1978. Charlottesville, New York: Community Collaborators.